SEKSHANDEL EN DIE MENSWAARDIGHEID VAN JEUGSLAGOFFERS

deur

TINA FOURIE

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes

vir die graad Magister in Praktiese Teologie

aan die Universiteit Stellenbosch

Studieleier: Dr. A. Cloete

Desember 2014

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Verklaring

Met die indien van hierdie navorsing verklaar ek dat dit my eie werk is en dat volledige verwysings aangedui is.

Handtekening: T. Fourie

Datum: 18/11/2014

Kopiereg 2014 Universiteit Stellenbosch
Alle regte voorbehou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Verklaring deur taalversorger

Hiermee verklaar ek dat die tesis *Sekshandel en die menswaardigheid van jeugslagoffers* deur Tina Fourie, deur my taalkundig en tegnies versorg is.

Na ’n loopbaan as publikasiehoof van ’n leidende uitgeweryhuis, werk ek tans as vryskutteksversorger.

Lambert Daniel Jacobs (BA Hons, MA, BD, MDiv)

Desember 2014

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Summary

The main theme of this thesis deals with young victims in sex trafficking who end up with serious emotional consequences during their developing years. The young victim trapped in the sex trade, has to deal with problems that other youths who are not in these situations do not face. Sex trafficking is a phenomenal problem world-wide. Literature study shows that up to 50% of victims are juveniles.

Chapter 1 is an overview of this problem, while chapter 2 defines the conceptual understanding of slavery, human trafficking and prostitution. These concepts are then applied to sex trafficking. The agreements are also highlighted and then the causes and consequences of sex trafficking are discussed. Chapter 3 focuses on the discussion of the development of adolescent sexuality, including a reference to the development of the youth's identity. The effect on the sex trade victims is shown by the victims' stories. This is particularly relevant to the developmental phases of the adolescent when he/she is still trying to find out who they are and where they fit in, in life. After hearing these stories, there is a factor which cannot be denied. This factor is that trauma is a part of a victim's life even after he/she is saved. This should be addressed in various ways for any healing to take place.

Chapter 4 emphasises human dignity and sex trafficking. The researcher also seeks to provide a theological perspective of this problem. Therefore, a theological response to human dignity is offered. Chapter 5 focuses on human rights with regard to human dignity. President Zuma signed a new law in 2013 that focuses on combating trafficking specifically. The rights of the adolescent are emphasised. Recent events in Africa, where adolescent girls were kidnapped from their hostel by soldiers, are highlighted. An outcry, "Bring back our girls", from the general public and the political arena arose from this incident. This research has shown the impact of sex trafficking, not only on the victim, but also on families, friends, churches, communities and governments. The quest for peace, hope, equality and human dignity in the context of sex trafficking is highlighted. Based on the literature review and findings, the researcher makes some conclusions and recommendations in chapter 6.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Following the recommendations, it should be the objective of governments, communities, churches, families and friends to take action and get actively involved to combat sex trafficking that destroys youths' lives.

KEY TERMS:

Human trafficking; Sex trade; Youth; Adolescent; Development phases; Human dignity; Human rights

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Opsomming

Die sentrale tema van hierdie literatuurstudie handel oor jeugslagoffers wat in sekshandel beland, met regstreekse emosionele gevolge tydens hulle ontwikkelingsjare. Die jeugslagoffer wat in sekshandel vasgevang is, het derhalwe te doen met probleme wat ander jeugdiges wat nie in sodanige situasies vasgevang is nie, vryspring. Sekshandel is wêreldwyd ʼn fenominale probleem. Literatuurstudie toon dat tot 50% van slagoffers jeugdiges is.

In hoofstuk 1 word ʼn oorsig oor hierdie problematiek gegee, terwyl hoofstuk 2 die konseptuele en omskrywende verstaan van slawerny, mensehandel en prostitusie uiteensit. Hierdie konsepte word dan toegepas op sekshandel. Die ooreenkomste word voorts uitgelig en vervolgens word die oorsake en gevolge van sekshandel bespreek. Hoofstuk 3 fokus op die ontwikkeling van die adolessent se seksualiteit met onder meer ʼn verwysing na die jeug se identiteitsontwikkeling. Verhale van slagoffers word aangebied wat die effek toon wat sekshandel op die slagoffers het. Dit is veral van toepassing op die ontwikkelingsfases van die adolessent, wanneer hy/sy nog probeer uitvind wie hulle is en waar hulle in die lewe inpas. Na aanleiding van hierdie verhale word ʼn faktor beklemtoon wat nie vermy kan word nie. Hierdie faktor is dat trauma deel van ʼn slagoffer se lewe is selfs nadat hy/sy gered is. Dit moet aangespreek word op verskeie wyses indien daar enige vorm van heling kan plaasvind.

Die literatuurstudie plaas in hoofstuk 4 klem op menswaardigheid en sekshandel. Die navorser poog dan ook om ʼn teologiese perspektief op hierdie hele problematiek te bied. Derhalwe word ʼn teologiese respons op menswaardigheid aangebied. Hoofstuk 5 fokus op menseregte met betrekking tot menswaardigheid. Die nuwe wet wat in 2013 onderteken is deur President Zuma en wat spesifiek fokus op die bekamping van mensehandel, word bespreek. Die regte van die adolessent waarop hy/sy kan aanspraak maak, word ook beklemtoon. Onlangse gebeure wat in Afrika plaasgevind het waar soldate adolessente meisies uit hulle koshuise ontvoer het word uitgelig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ʼn Kreet, "Bring back our girls" het as gevolg van hierdie insident, wêreldwyd by die algemene publiek en in die politieke arena ontstaan. Hierdie navorsing sluit ten nouste aan by hierdie ontsteltenis en wys daarop dat nie net die slagoffers se lewe verwoes word nie, maar ook dié van families, virende, gemeentes,gemeenskappe en regerings. Daar is dus ʼn soeke na vrede, hoop, regverdigheid, gelykheid en menswaardigheid.

Op grond van die literatuurstudie en bevindinge, maak die navorser in hoofstuk 6 ʼn paar gevolgtrekkings en aanbevelings. Na aanleiding van die aanbevelings, behoort dit die doelwitte van die regering, gemeenskap, gemeentes, kerke, families en vriende te word om aktief op te tree en betrokke te raak om sekshandel te bestry wat die jeug se lewe verwoes.

KERNBEGRIPPE:

Mensehandel; Sekshandel; Jeug; Adolessent; Ontwikkelingsfase; Menswaardigheid; Menseregte

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dankwoord

Baie dankie aan my studieleier, dr Cloete, vir al die leiding en ondersteuning tydens my studies. Aan my ouers, broer en suster wat my konstant in hulle gebede opgedra het, baie dankie. Die belangrikste dank aan my Hemelse Vader, wat my gedra het gedurende die tydperk. Alle lof en eer aan Hom.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Inhoudsopgawe

Inhoud

Verklaring deur navorser ii

Verklaring deur taalversorger iii

Summary iv

Opsomming vi

Dankwoord viii

Inhoudsopgawe ix

Hoofstuk 1: Aard en omvang van die studie

1.1 Inleiding 1

1.2 Agtergrond van studie 1-2

1.3 Moontlike oorsake en gevolge van sekshandel 2-3

1.4 Globale, nasionale en plaaslike verskynsel van sekshandel 3

1.4.1 Globaal 3-4

1.4.2 Nasionaal 4-5

1.4.3 Plaaslik 5

1.5 Fokus van die studie 5

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.6 Begripsomskrywing 6

1.6.1 Globalisering 6

1.6.2 Mensehandel waarvan sekshandel ‘n vertakking is 6-7

1.6.3 Ontwikkeling van seksualiteit tydens adolessensie 7-8

1.6.4 Menswaardigheid 8-9

1.7 Motivering vir die studie 9-11

1.8 Probleemstellings en fokus 11

1.9 Navorsingsvraag 11

1.10 Doelwitte van die studie 12

1.11 Teologiese aard van studie 12

1.11.1 Praktiese Teologie 12-13

1.11.2 Jeugbediening 13-14

1.11.3 Osmer se vier take 14-15

1.12 Navorsingsmetodologie 15

1.12.1 Kwalitatiewe, sekondêre en empiriese studie 15

1.13 Samevatting 16

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 2: Ontstaan, oorsake en gevolge van sekshandel

2.1	Inleiding	17
2.2	1800's se stryd teen slawerny	17-19
2.3	Slawerny en mensehandel	20-22
2.4	Geskiedenis van seksuele slawerny	22-24
	2.4.1 'n Suid-Afrikaanse voorbeeld van seksuele slawerny: Sara (Saartjie) Baartman	24-25
2.5	Moderne slawerny, mensehandel en sekshandel	26-27
	2.5.1 Sekshandel	27-29
	2.5.2 Prostitusie	29-30
2.6	Oorsake van sekshandel	30
	2.6.1 Globalisering	30-33
	2.6.2 Ongunstige sosio-ekonomiese omstandighede	33-35
	2.6.3 Ongunstige huishoudelike omstandighede	35
	2.6.4 Valse beloftes aan slagoffers	35-38
	2.6.5 Onkunde	39-40
	2.6.6 Geslag	40
	2.6.7 Omstandighede buite slagoffers se beheer	40-41

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.6.8 Korrupsie 42

2.7 Gevolge van sekshandel 42

2.7.1 Geweld 42-43

2.7.2 Gesondheidsrisiko's 43-44

2.7.3 Dwelm- en alkoholgebruik 44-45

2.7.4 Sielkundige trauma 45-46

2.7.5 Identiteitsverlies en verwarring asook die gevoel van skaamte en skande 46-48

2.7.6 Verlies aan vertroue 48-49

2.8 Slagoffers wat in sekshandel beland het 49-52

2.9 KONY 2012 & "Bring back our girls" 52-54

2.10 Samevatting 54-55

Hoofstuk 3: Die effek van sekshandel op seksuele ontwikkeling tydens adolessensie

3.1 Inleiding 56

3.2 Ontwikkeling van seksualiteit tydens adolessensie 56

3.2.1 Fisiese ontwikkeling 57-58

3.2.2 Kognitiewe ontwikkeling 58-59

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.2.3 Sosiale ontwikkeling en persoonlike ontwikkeling 59-64

3.3 Die ooreenkomste tussen sekshandel en seksuele misbruik in die adolessent se lewe 64-66

3.3.1 Mishandeling onder die ouderdom van agtien jaar 66

3.3.2 Gevolge van seksuele misbruik gedurende adolessensie 67-68

3.4 Die effek en trauma van sekshandel en seksuele misbruik op ‘n Adolessent 69

3.4.1 Die impak van sekshandel op lewensgehalte 69-71

3.4.2 Selfveragting 71

3.4.3 Emosionele en gedragsprobleme 72-73

3.5 Riskante seksuele gedrag 73

3.6 Samevatting 74

Hoofstuk 4: Menswaardigheid en sekshandel

4.1 Inleiding 75

4.2 Teologiese perspektief op menswaardigheid 75

4.2.1 Christelike definisie van menswaardigheid 75

4.2.2 Geskape na die beeld van God 76-80

4.2.3 Jesus se lyding en menswaardigheid 80-83

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3 Teologiese respons op menswaardigheid 84

4.3.1 Erkenning van God se handewerk 84-86

4.3.2 Medeverantwoordelikheid as kern aspek van Menswaardigheid 86

4.3.2.1 Inkarnasie 86-87

4.3.2.2 Plekdeling 87-88

4.3.2.3 Verhouding, verwantskap en vriendskap 88-93

4.3.2.4 Gelykheid in menslikheid, menswaardigheid en eerwaardigheid 94-95

4.4 Menswaardigheid en sekshandel 95-98

4.5 Om die waarde van ʼn adolessent te beklemtoon 98-99

4.6 Samevatting 99-100

Hoofstuk 5: Menseregte en menswaardigheid

5.1 Inleiding 101

5.2 Menseregte en menswaardigheid 101-105

5.2.1 Universele verklaring van menseregte 105-108

5.2.2 Kinderregte 108-111

5.3 Menseregte en sekshandel 112-114

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.4 Samevatting 114-115

Hoofstuk 6: Gevolgtrekkings en aanbevelings

6.1 Inleiding 116

6.2 Doelstellings 116

6.3 Gevolgtrekkings en aanbevelings 117-127

6.4 Samevatting 127

Bronne 128-139

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 1

Aard en omvang van die studie

1.1 Inleiding

Daar is al meermale opgemerk dat slawehandel een van die oudste beroepe ter wêreld is. Maar hoe is dit in ons huidige era gesteld? Daar word in hierdie hoofstuk verwys na sekshandel as die hedendaagse slawehandel. Sekshandel en veral die effek op jongmense is die fokus van hierdie studie. In ʼn poging om dié vraag te beantwoord, fokus hierdie hoofstuk op die doel en werkswyses van hierdie studie, met besondere klem op die agtergrond van hierdie problematiek. Die klem val dus nie slegs op ʼn motivering van hierdie studie nie, maar plaas die problematiek ook in sy breëre konteks.

1.2 Agtergrond van die studie

‘n Werknemer (2012), wie betrokke is by die Organisasie A21, noem dat daar ongeveer 27 miljoen kinders, adolessente en volwassenes wêreldwyd betrokke is by sekshandel, en minder as een persent van hierdie slagoffers word bevry. Sekshandel word tans naas dwelmhandel in georganiseerde misdaad as die tweede grootste bron van inkomste beskou, terwyl die handel in wapens die derde grootste omset het. Hierdie drie aktiwiteite is florerende besighede wat jaarliks miljarde dollars genereer. Sekshandel word ook gekoppel aan ander kriminele aktiwiteite, want met winste uit die handel in persone kan onwettige wapens en dwelms aangekoop word. Die voedingsbronne vir hierdie aktiwiteite is armoede, wanhoop, oorloë, krisisse, ongeletterdheid en onkunde, asook die ongelyke status van vroue en kinders in die samelewing.

Dit het dus ook ʼn groot impak op die ekonomie van lande as gevolg van globalisering, want mense beweeg buite en oor grense heen op wettige en onwettige maniere. Maar dit geskied veral vanuit die armer na ryker en voorspoediger lande waar mense op soek is na ʼn beter lewe. Juis hierdie beweging van mense tussen lande het ʼn groot impak op sekshandel (Trafficking of Women and Children, 2003:3).

Daar is dus van ʼn bose kringloop sprake: Mense wat onder haglike omstandighede leef, verval in armoede. Dit lei tot desperaatheid waar diegene dus maklike teikens vir die sekshandel word.

Veral jongmense word deur valse beloftes van moontlike werk en kos ingetrek by hierdie praktyke. Vervolgens word daar na moontlike oorsake van sekshandel gekyk.

1.3 Moontlike oorsake en gevolge van sekshandel

Lutya, (2009:60) meld dat die jeug veral kwesbaar is om verhandel te word, want hulle is dikwels swak opgevoed, en kan maklik oorweldig en oortuig word om te doen wat ʼn volwassene hulle beveel om te doen. Dus kan dit gebeur dat die jeug in ʼn posisie kom waar hulle glo dat hulle moet help om ʼn finansiële bydrae te maak om hulle familie te ondersteun. Hulle kan selfs deur familielede verkoop of na die buiteland gestuur word. Straatkinders, kinders in vlugtelingskampe, kinders wie se gesins- en gemeenskapslewe ontwrig is en wat niemand het wat na hulle omsien nie, is veral kwesbaar vir sekshandel.

Volgens ʼn werknemer van die International Organization for Migration (hierna IOM), met wie die navorser ʼn informele gesprek gehad het, is die jeug minder bewus van die risiko's van sekshandel en word maklik mislei omdat hulle liggelowig is of dat hulle uit gebiede kom waar hulle minder beskerm word. Die moontlikheid bestaan ook dat die wet betreffende kinders en die jeug nie behoorlik toegepas word nie en daar daarom nie voorsiening gemaak word vir hulle totale beskerming nie. Min word gedoen om die jeug bewus te maak van die bose kringloop waarin hulle kan verval. ʼn Verdere (Bermudez, 2008:2) oorsaak is armoede, omdat die ekonomie ʼn deurslaggewende rol speel in die handel met mense. Diegene wat kwesbaar is vir viktimisering, is derhalwe dikwels van 'n laer sosio-ekonomiese status. Individue wat in verarmde situasies vasgeval is, is dus dikwels desperaat om werk te soek en neem nie die potensiële gevare in die aanvaarding van 'n aanbod in ag nie.

Gevolglik (Bermudez, 2008:2) is vroue en kinders regoor die wêreld die kwesbaarste, maar veral in Afrika, waar baie vroue of selfs kinders die enigste broodwinners in die huishoudings is. Vir baie vroue in Suid-Afrika is dit relatief normaal om te migreer buite hulle gemeenskap, waar hulle op soek is na beter ekonomiese geleenthede vir hulleself en hulle gesin.

Die gevolge hou die volgende vir die slagoffer in waar hy/sy vasgevang word in ŉ geweldsituasie waaruit hy/sy nie kan ontsnap nie. Slagoffers raak derhalwe afhanklik van dwelms en alkohol sodat dit later oorgaan in verslawing. ŉ Verdere gevolg waarmee slagoffers moet saamleef, is gesondheids-riksiko's. Om in sekshandel betrokke te raak is voorts ŉ traumatiese ervaring, en slagoffers het behandeling nodig, maar kry geen ondersteuning en behandeling nie omdat hulle vasgevang is in sekshandel. Daar is egter ook nog verskeie ander gevolge wat in diepte bespreek word in hierdie studie.

Deur middel van statistieke gaan ŉ oorsig vervolgens gebied word van sekshandel op globale, nasionale en plaaslike vlak – soos byvoorbeeld in Kaapstad. Hierdie statistieke toon die omvang aan van die bedryf wêreldwyd. Dit beklemtoon terselfdertyd die noodsaak van navorsing in hierdie verskynsel.

1.4 Globale, nasionale en plaaslike verskynsels van sekshandel

1.4.1 Globaal

Globale statistiek na aanleiding van die *Trafficking Proof* dokument wat Stanfield (2009:6) saamgestel het, wat ook deel is van die Justice ACTS (Alliance of Christians Against Trafficking) word soos volg deur gegee.

- 27 miljoen mense is die slagoffers van hedendaagse slawerny.
- 2 tot 4 miljoen mense is slagoffers van mensehandel op enige gegewe tyd.
- Die meeste slagoffers van mensehandel is meisies tussen die ouderdom van 5 en 15 jaar.
- 1,2 miljoen kinders word jaarliks verhandel.
- Dit is 'n besigheid wat jaarliks ŉ omset het van 49 tot 70 miljard Rand (US $ 7 tot 10 miljard).

Suid-Afrikaners word na Ierland, die Midde-Ooste en die Verenigde State van Amerika vir huishoudelike slawerny verhandel.

Vroue en meisies uit Afrika-lande soos Mosambiek, Angola, Somalië, die Demokratiese Republiek van die Kongo, Ethiopië, Zambië en Zimbabwe word in Suid-Afrika verkoop as ʼn handelsproduk vir seksuele uitbuiting, asook vir huishoudelike slawerny, en vir ander werk in die dienssektor. Soms word hierdie vroue verder verhandel om na Europa gestuur te word vir seksuele uitbuiting en gebruike (Stanfield, 2009: 6-7).

Daar is ook bevind in Stanfield se dokument (2009: 6-7) dat Thaise, Filippynse, Chinese en Oos-Europese vroue weer in Suid-Afrika verkoop word om as seksslawe plaaslik uitgebuit te word. Suid-Afrikaners word verkoop en na Mácau, die Verenigde Koninkryk en Israel gestuur vir sekshandelsdoeleindes. Jong mans en seuns van Mosambiek, Zimbabwe en Malawi verhandel eweneens weer in Suid-Afrika.
Daarby word meisies gewerf vanaf verskeie plaaslike plattelandse dorpe soos byvoorbeeld Ceres en Beaufort-Wes, en daar word aan hulle werk in Kaapstad as huiswerkers belowe. Aan die ouers word vertel dat hulle dogters se loon aan die ouers aangestuur sal word. Die handelaar vervoer die meisies in sy eie motor na Kaapstad waar hulle as prostitute gebruik word. Een so ʼn meisie het haar nag van angs beskryf waar sy eers bedwelm is en toe vir pornografiese foto's gebruik is. Sy het vertel hoe sy gedwing is deur die handelaar om met verskeie mense seks te hê terwyl foto's en video's geneem is (Bermudez, 2008:41).

Volgens Bermudez (2008:42) het hulle geen geld ontvang nie, en hulle het nie geweet hoe om die openbare vervoer te gebruik nie. Hulle is snags na die strate geneem om te werk en bedags het hulle in die handelaar se huis agter geslote deure en vensters geslaap tot die volgende aand. Soms gebeur dit dat hulle nie op ʼn aand genoeg geld verdien het nie en dan het die handelaar aggressief teenoor hulle opgetree en hulle geslaan.

1.4.2 Nasionaal

Die statistieke van sekshandel in Suid-Afrika na aanleiding van die *Trafficking Proof* dokument wat Stanfield (2009:6) saamgestel het, wat ook deel is van die Justice ACTS (Alliance of Christians Against Trafficking) word soos volg deur gegee.

- Tussen 28 000 en 38 000 kinders is tans prostitute in Suid-Afrika.

- Slagoffers word dikwels gewerf uit landelike gebiede en informele nedersettings en word vervoer na die stedelike gebiede van Johannesburg, Kaapstad, Pretoria, Bloemfontein en Durban.
- Seuns onder agtien word toenemend gelok vir seksuele uitbuiting en vir gebruik in pornografie.
- Misdaadsindikate uit Wes-Afrika werk in Pretoria, Port Elizabeth, Johannesburg, en Bloemfontein, en dryf handel met plaaslike, swart Suid-Afrikaanse vroue en kinders vir sekshandel.
- Die Oos-Kaap, Mpumalanga en Limpopo is die belangrikste werwingsgebiede vir slagoffers van mensehandel (Stanfield, 2009).

1.4.3 Plaaslik

‘n Werknemer (2012) van die International Organization for Migration (IOM), met wie die navorser ‘n gesprek gevoer het, meen Kaapstad is bekend vir sy seksbedryf. Kaapstad en omliggende gebiede is geïdentifiseer as 'n sentrum vir een van die vinnigste groeiende en mees winsgewende sekshandelondernemings in die wêreld. Kaapstad word beskou as die belangrikste bestemming vir slagoffers van sekshandel veral vanaf vlugteling-produserende lande, hoewel hulle ongetwyfeld ook na ander Suid-Afrikaanse stede gestuur word om verhandel te word.

Omdat Kaapstad ’n hawestad is, is dit nie verbasend dat die Moederstad ’n lang geskiedenis het van prostitusie en sekshandel nie. Dit het reeds vanaf die vroegste dae van die Hollandse nedersetting en die bekendstelling van die slawe in die Kaapkolonie gebeur. ’n Register van prostitute wat in Kaapstad bedrywig was, gedateer Oktober 1868, dui aan dat daar gedurende die genoemde tydperk, twee honderd en dertien vroulike prostitute was, met uiteenlopende agtergronde wat gewoon en gewerk het in ’n verskeidenheid van bordele en kroeë in Kaapstad (Van Heyningen, 1984:171-186).

Teen 1890 het ’n instroming van vroue uit Europa ’n beduidende verandering aan die seksbedryf gebring as gevolg van die professionalisering van die handel, en die betrokkenheid van georganiseerde misdaad.

Handel in mense vir die doel van seksuele uitbuiting het kort daarna na vore getree (Martens, Pieczkowski & Van Vuuren-Smyth, 2003:20).

1.5 Fokus van die studie

Hierdie studie se aard is interdissiplinêr, omdat dit vanuit die vakgebied van praktiese teologie ook in gesprek tree met ander dissiplines, naamlik sosiologie, maatskaplike werk en sielkunde.

1.6 Begripsomskrywings

1.6.1. Globalisering

Die term "globalisering" word vandag wyd gebruik om 'n verskeidenheid van ekonomiese, kulturele, sosiale en politieke veranderinge wat in die wêreld plaasgevind het oor die afgelope vyftig jaar mee te beskryf. Dit is 'n komplekse konsep met baie fasette en 'n wye verskeidenheid van magte en gevolge.
Kritici meen dat globalisering die leiding neem en antagonisties en vyandig teenoor plaaslike en nasionale ekonomieë is. Guttal (2007:522) argumenteer inderdaad dat globalisering 'n vorm van kapitalistiese uitbreiding is, wat die integrasie en inskakeling van plaaslike en nasionale ekonomieë in 'n globale en ongereguleerde markekonomie inhou. As gevolg van globalisering het die gaping tussen ryk en arm vergroot en het sommige mense hulle gewend na sekshandel om te voorsien in hulle geldelike behoeftes.

Die ekonomie is in sy struktuur gelykstaande aan globalisering in hierdie opsig dat dit 'n politieke verskynsel is wat gevorm word deur onderhandelinge en interaksies tussen die instellings wie se doelwit dit is om nasionale kapitaal, nasies, state en internasionale korporasies en instellings te transformeer. Die belangrikste dryfkragte is instellings van die globale kapitalisme en veral transnasionale korporasies. Derhalwe benodig dit die ferm hand van state in die skep van nasies wat die omgewing kan bemagtig (Guttal, 2007:523).

1.6.2 Mensehandel waarvan sekshandel 'n vertakking is

Mensehandel behels die werwing, vervoer, oordrag, herberg of ontvangs van persone deur middel van die bedreiging of gebruik van dwang of ander vorms van dwangmiddels, soos ontvoering, bedrog, misleiding, die misbruik van mag, of die gee of ontvang van betaling om die toestemming van 'n persoon te verkry wat beheer oor 'n ander persoon het met die hoofsaaklike doel van uitbuiting.

Uitbuiting sluit in prostitusie, of ander vorme van seksuele uitbuiting, dwangarbeid of dienste, slawerny of praktyke soortgelyk aan slawerny, knegskap of die verwydering van organe (Gould, 2008:2). Dit sluit dus ook sekshandel in.

1.6.3 Ontwikkeling van seksualiteit tydens adolessensie

Erik Erikson meen dat die identiteit van ’n persoon verwys na die bewustheid van hom/haar as ’n unieke, onafhanklike persoon met ’n spesifieke plek in die samelewing. Dus moet die jeug definieer wie hulle is, wat vir hulle belangrik is en watter rigting hulle in die lewe wil inslaan. Identiteitsontwikkeling word deur Erikson die identiteitskrisis genoem.

Dit behels ’n tydperk van tydelike verwarring waartydens die jeug waardes bevraagteken, die lewe verken en met alternatiewe rolle eksperimenteer ten einde ’n eie stel waardes en doelwitte te ontwikkel. Vrae en eksperimentering is volgens Erikson nie negatiewe ontwikkeling nie, maar die vorming van ’n sosiale identiteit.

Hierdie tydperk kan ook die psigososiale moratorium genoem word waartydens die adolessente hulle rol as toekomstige volwassenes probeer vind. Verskeie identiteite word tydens hierdie psigososiale moratorium getoets deur ondersoeke na die self, beroepe en ideologieë, fantasering oor rolle en die identifikasie met ander persone en heldefigure (Louw & Louw, 2007:309).

Wanneer adolessente besluiteloos is oor hulleself en hulle rol, ontstaan identiteitsverwarring, want hulle kan nie die verskillende rolle integreer nie. Wanneer hulle dus met teenstrydige waardesisteme gekonfronteer word, beskik hulle nie oor die vermoë of die selfvertroue om besluite te kan neem nie. Die gevolg is angstigheid, onverskilligheid of vyandigheid teenoor rolle of waardes (Louw & Louw, 2007:310). Wanneer ’n jeugslagoffer vasgevang word in sekshandel word hy/sy in ’n posisie geplaas waar hy/sy ’n identiteitskrisis beleef.

As gevolg van die jeug wat in die daaglikse lewe probeer om hulle eie identiteit te vind, is dit des te meer vir die slagoffers moeilik en verwarrend om te verstaan waar hulle inpas. Adolessensie is, per definisie, ’n tyd van oorgang. Tydens die oorgang van die kinderjare tot volwassenheid, leer die adolessent deur eksperimentering, waarneming en deur die toeval. Die adolessent raak derhalwe meer bewus van hulle seksualiteit tydens puberteit (Louw & Louw, 2007:288).

As gevolg van hulle gebrek aan ervaring is hulle gewoonlik geneig om nié ’n volwasse oordeel te fel nie. Verkeerde besluite word dus geneem. Die adolessent se ouderdom maak hom/haar soms ’n maklike teiken as gevolg van hulle naïwiteit, en maak hom/haar gevolglik uiters vatbaar vir dwang en misbruik (Hanna, 2002:12). Onderstaande vorm deel van die ontwikkeling van die adolessent se seksualiteit.

1.6.4 Menswaardigheid

Die konsep “menswaardigheid” verwys daarna dat die mens die reg het dat sy/haar status as mens gerespekteer moet word. Die mens is geskape na **die beeld** van God. Dus verwys “menswaardigheid” na die “hoogste waarde” van die mens. Elke persoon word in God se oë as uniek gesien.

God gee aan elkeen die waardigheid met die doel om ten volle mens te wees. De Villiers (2010:268) verwys na die blote feit dat die draer van menswaardigheid ’n verantwoordelikeheid het teenoor hom/haar self en teenoor sy/haar medemens en so God se morele roeping te vervul. Daar is ’n strewe na gelykheid in menslikheid, menswaardighied en eerwaardigheid. Koopman (2014:13) verwys na Mahatma Gandhi se bekende woorde: " Live simply, so that others may live”. Hierdie frase pas by Suid-Afrika se "Ubutu" frase, I am because you are. Mense in die samelewing, maar ook instellings soos die staat, het ’n verantwoordelikheid om die menswaardigheid van die slagoffer te respekteer, beide deur nie die ander persoon vernederend te behandel nie, asook deur na die welsyn van daardie persoon om te sien.

Liefde, verwantskap en vriendskap is die menslike verhoudings waarin die dieptes van die mens verken kan word. Dit blyk dat hierdie drie verhoudings die hoogste waarde vir ’n essensiële deel van persoonlike identiteit is en gelyktydig in die self en in die ander teenwoordig is. Die idee van menslike waardigheid omhels gevolglik die ervaring van hierdie erkenning. Die beginsel van menswaardigheid is die bevestiging dat hierdie ervaring moontlik is met betrekking tot alle mense (Lebech, 2004:1).

Die uitdrukking “menswaardigheid" behels dus dat die mens die reg het dat sy/haar status as mens gerespekteer moet word. Dit verwys na die hoogste waarde van ’n mens. Met sekshandel word die slagoffer gestroop van sy/haar menswaardigheid en om dit weer te herstel het die persoon hulp nodig, omdat hy/sy moeilik alleen uit die donker put van selfveragting kan kom. Sekshandel staan vandag as moderne slawerny bekend omdat die slagoffers gestroop word van hulle klere en geweldadig hanteer word. In hierdie studie word melding gemaak van die feit dat Jesus onder andere seksueel verneder is (die primêre doel), seksueel gemartel en (moontlik) seksueel aangerand is. Dus is die ooreenkoms met sekshandel-slagoffers duidelik.

Diegene lei onder seksuele marteling, seksuele vernedering en seksuele aanranding. Hierdie slagoffers se skeppingsdoel word so versteur en skade word aan die beeld van God gedoen deur die handelaars wat die slagoffer se menswaardigheid aantas.

1.7 Motivering vir die navorsing

In 2008 het die navorser kennis gemaak met die A21-Campaign. Tydens hierdie geleentheid is kennis gemaak met sekshandel en die astronomiese afmetings wat dit ook in Suid-Afrika begin aanneem het. Dié hartsverskeurende aktiwiteit van sekshandel (onder die jeug) het die hart en denke van die navorser vasgevang. Die rede vir hierdie studie is om bewustheid van sekshandel en die negatiewe gevolge in Afrika, sowel as in Suid-Afrika, te bevorder. Verder moet ook Christene bewus gemaak word van hulle verantwoordelikheid ten opsigte van veral die slagoffers van sekshandel.

Die navorser is ’n groot aanhanger van die A21-Campaign en droom om eendag Griekeland toe te gaan waar onder andere een van die A21-Campaign se organisasies gesetel is. Die navorser beskou haarself as ’n opkomende aktivis teen mensehandel.

Die konferensie ***Passion 2012*** het ’n sangdebuut aangebied waardeur hulle ’n stem gee aan die 27 miljoen slawe van sekshandel regoor die wêreld. Hulle was ook ’n stem in die stryd teen mensehandel.

Die bekroonde liedjieskrywer, en bekende leier Matt Redman, het ’n enkelsnit vrygestel, naamlik ***“Twenty Seven Million”.*** “***Twenty Seven Million***" het begin as ’n gesprek tussen Bet Redman, Matt se vrou, en Christine Caine (stigter van die A21-veldtog). Bet was geskok om te ontdek dat ’n beraamde sewe-en-twintig miljoen mense vasgevang is in hedendaagse slawerny. Wat die ontstellendste vir haar was, was die feit dat minder as een persent gered word. As reaksie het Bet saam met haar man, Matt, sowel as Lindz en Lucy West, (LZ7), Willie Weke en Jorge Mhondera, twee getroude pare, begin skryf aan die liedjie “***Twenty Seven Million”*** – ’n liedjie wat die ware verhaal vertel van ’n meisie van Oos-Europa wat in Londen se sekshandel beland het.

Matt Redman — **Twenty Seven Million lyrics**

> *See what the world's done? came to London She's a nothing, a no one, she's undone; Broken dreams, stolen freedom Trapped in the night, trafficked and beaten; All a part of an evil economy Nothing more than someone's commodity A precious being like you and me; A daughter, a sister, a somebody! She was drawn by the bright lights She was tied up in their lights She worked right through the daylight No voice, she's a slave to the night 27 million like me (That's 27 million on this cruel journey) We've got to rise up, open our eyes up Be her voice, be her freedom, come on stand up! We've got to rise up, open our eyes up Be her voice, be her freedom, come on stand up! We've got to rise up, open our eyes up Be her voice, be her freedom, come on stand up! We've got to rise up, open our eyes up Be her voice, be her freedom, come on stand up! After the man left, she's nothing left No one, no love, no one to call her friend; She's stuck in the pit of hell; She's almost sick from the smell She's numb, she's dead from the inside out Her heart is screaming but you don't hear the shout Who's the voice? who's gonna break the door down? Who wakes her up from the nightmare now? She was drawn by the bright lights; She was tied up in their lights She worked right through the daylight No voice, she's a slave to the night 27 million like me (27 million need heaven's mercy!) We've got to rise up, open our eyes up Be her voice, be her freedom, come on stand up! We've got to rise up, open our eyes up Be her voice, be her freedom, come on stand up! We've got to rise up, open our eyes up Be her voice, be her freedom, come on stand up! We've got to rise up, open our eyes up Be her voice, be her freedom, come on stand up! 27 million, are you joking? How did we let evil get so tight a grip Watching while the world falls apart? How did we let this stuff begin?*

We're not bothered if this offends Cause you got people that can depend But they ain't got that, they got nothing Sometimes you gotta stand for something Let this be the stand against your blood running, Little girl don't cry Let me dry your eyes in the darkest night (You're not alone) Hold on through the storm; You're not on your own; Hold on, love will come; We've got to rise up, open our eyes up Be her voice, be her freedom, come on stand up!

Mensehandel en die seksbedryf is inderdaad vandag se moderne vorm van die "Holocaust".

1.8 Probleemstelling en fokus

Uit literatuur kom dit duidelik na vore dat sekshandel nie iets is wat geïgnoreer kan word nie. Alhoewel verskeie faktore gepaard gaan met sekshandel, sal die fokus hier wees op hoe dit menswaardigheid en die ontwikkeling van veral jeugslagoffers affekteer. Die jeug blyk wêreldwyd van die primêre slagoffers van sekshandel te wees. Die probleem is egter dat mense onbewus is van sekshandel. In Suid-Afrika dra die publiek min kennis van wat in die samelewing gebeur, en hoe dit veral die jeug wat betrokke is, se lewe vernietig. In Afrika is families skaam as hulle kinders vasgevang word in die sekshandel. Hulle verwerp en stigmatiseer hulle kinders dus. Hierdie groep (kinders, adolessente, volwassenes) gaan juis deur grootskaalse trauma, depressie en stigmatisering en hulle bevraagteken daarom hulle eie identiteit as mens. Derhalwe is daar ŉ soeke om as mens erken te word. Die ontwikkelingstydperk van adolessente word gekenmerk as ŉ tydperk van krisisse en ŉ tydperk waarin hulle hulleself as mens moet ontdek. Sekshandel beïnvloed ook die ontwikkelingstydperk van die adolessent. Dit sal derhalwe duidelik word hoe die ervaring van ŉ adolessent-slagoffer van sekshandel die negatiewe eienskappe in hulle lewe sal ontwikkel soos Erikson aantoon. Na die navorser se mening word veral die adolessent se menswaardigheid aangetas.

1.9 Navorsingsvraag

In die lig van bogenoemde probleemstelling is die sentrale navorsingsvraag van hierdie studie: *Hoe affekteer sekshandel die menswaardigheid van jeugslagoffers?*

1.10 Doelwitte van die studie

Die doelstellings van hierdie studie is soos volg:

- Om ’n oorsig te bied oor sekshandel, wat dit behels, die moontlike oorsake daarvan. Die doel is om bewusmaking van die verskynsel te bevorder (Hoofstuk 2).

- Om vanuit ’n sielkundige oogpunt na te dink oor die effek van sekshandel op die ontwikkeling van seksualiteit tydens adolessensie (Hoofstuk 3).

- Om teologies te reflekteer oor menswaardigheid in die konteks van sekshandel (Hoofstuk 4).

- Om te fokus op die verband tussen menseregte en menswaardigheid en watter impak die wetgewing op die beskerming van potensiële slagoffers van sekshandel het (Hoofstuk 5).

- Om voorstelle te maak oor hoe veral ouers, gemeentes en gemeenskappe, enersyds, voorkomend kan optree om sekshandel hok te slaan en, andersyds, hoe om slagoffers van sekshandel te begelei op die pad na heelwording (Hoofstuk 6).

1.11 Teologiese aard van studie

1.11.1 Praktiese teologie

Praktiese teologie handel oor die *praxis* van die ekklesia as verwant aan die *praxis* van God binne die kulturele konteks en die gemeenskappe van geloof. Die dissipline kan nie die eksistensiële werklikhede van die lewe omseil nie. As 'n wetenskap benodig dit kritiese refleksie en rasionele kennis (Louw, 2008:19). Die interdissiplinêre aard van hierdie studie bevorder die praktiese teologiese gehalte van die studie. Praktiese teologie is dikwels in gesprek met ander dissiplines soos sosiologie, filosofie en antropologie. Praktiese teologie het ’n noodsaaklike verwysing na beide die geestelike en menslike aksie wat van gemeenskappe verwag word om op God se aksies in die wêreld te reageer (Root, 2007:19).

Root en Dean (2011:17) dui aan dat praktiese teologie daarop neerkom dat dit ŉ refleksie op die Christen se lewe moet toon en hoe dit aansluit by dit waarmee God besig is in die wêreld. Praktiese teologie bestudeer dus daardie oomblikke en kontekste, situasies en praktyke waarin God se aksies met die mens se aksies kruis sodat die menslike pogings kan transformeer tot iets heiligs wat lewendgewend is.

Dus is dit die mens se verantwoordelikheid om nie passief te wees in ŉ situasie waarin sekshandel die euwel is nie, maar die mens moet aktief wees en ingryp sodat sekshandel gestuit kan word en aangespreek kan word, Edward Everett Hale sit dit so uiteen:

> I am only one; but still I am one. I cannot do everything; but still I can do something; and because I cannot do everything, I will not refuse to do the something that I can do.

1.11.2 Jeugbediening

Jeugbediening en teologie het wel iets in gemeen. Jeugleraars is praktiese teoloë en daarom lê teologie aan die hart van die bediening met jongmense. Daar word gekyk na sake van belang vir die adolessent, soos onderskeidingsvermoë, seksualiteit, twyfel, hoop en selfs die vraag na “waar” is God. Voorbeelde word gegee hoe moontlik daarop reageer kan word deur ons verstaan van wie is God en waarmee God op pad is met hierdie wêreld en met ons (Root, 2011:17).

Juis omdat die teikengroep in hierdie navorsing die jeug is, is dit nodig om aan te toon hoe jeugbediening ook van toepassing is op die navorsing met betrekking tot bogenoemde en word daar gekyk na sommige uitkomste wat die studie moontlik kan hê:

- Mense moet hulle rol en verantwoordelikheid begryp as geloofsgemeenskappe en as leiers binne die rol van rentmeesters van God se skepping met betrekking tot die globale krisis van sekshandel.
- Agter elke statistiek is ŉ mens, ŉ man, ŉ vrou of ŉ kind, en agter elke mens is ŉ gesin en ŉ gemeenskap. Dit is individue wat verwoes of vernietig is deur die verskrikking van slawerny en mishandeling as gevolg van sekshandel.

Teologie en veral praktiese teologie behoort te reflekteer oor die verskynsel en hoe dit God se skepping skaad en menswaardigheid aantas.

- Die probleme wat binne sekshandel setel, is verswakte verhoudings, menswaardigheid wat verlore gaan en die feit dat die slagoffers begeleiding nodig het ten einde heelheid te ervaar.

Dit is slegs moontlik in vaste geloof in God. Wat benodig word, is nie slegs ’n beter politieke sisteem of beter dienslewering nie. Wat vereis word, is ’n verandering van hart en gedagtes (Boesak, 2005:214). Dit gaan daaroor om saam met God in die lewe te wandel. Dan kan hulpelose en weerlose mense raakgesien word. Daarby moet kinders ook gehelp word wat verkrag is sodat daar ’n moontlikheid van heling vir hulle liggaam geskep kan word. Dit word slegs moontlik in oorgawe aan God sodat die begeerte van God dat daar nie meer armes sal wees nie, ook die mens se begeerte kan word (Boesak, 2005:221). God het die kerk in die wêreld opgeroep om die evangelie te verkondig. Gemeentes moet derhalwe geloofsgemeenskappe wees. Gemeentes moet tot die beste van hulle vermoëns gelowig en effektiewe getuies en diensknegte vir God in hierdie wêreld wees waarin hulle die Goeie Nuus moet verkondig deur woord en daad (Hendriks, 2004:19).

Om derhalwe aangegryp te word deur die nood van ’n medemens en gepas daarop te respondeer, deur die liefde van God wat daartoe dwing.

1.11.3 Osmer se vier take vanuit ’n Praktiese teologiese perspektief vir hierdie studie

Hierdie studie beskryf die ”wat” vraag (beskrywende taak) waarna Osmer (2008:4) verwys. Wat is aan die gebeur? Om hierdie vraag te beantwoord word sekshandel ondersoek om ’n beter idee te gee wat is aan die gebeur? Die navorser het dus informasie ingesamel wat help om te kan onderskei tussen patrone en dinamika in die verskeie episodes, situasies en kontekste. Hierdie studie verwys selfs na die (Osmer, 2008:4) ”hoekom” vraag (interpretatiewe taak). Hoekom gebeur iets soos sekshandel? Hierdie twee vrae word in Hoofstuk 2 en 3 bespreek. Eerstens word ’n oorsig gebied wat sekshandel is, wat dit alles behels en die oorsake en gevolge daarvan ("wat" en "hoekom" vrae).

Hoofstuk 3 verwys vanuit ŉ sielkundige oogpunt na die effek wat sekshandel het op die ontwikkeling van seksualiteit tydens adolessensie . Daar word in diepte ŉ bespreking gegee oor die vraag ”wat behoort te gebeur?” In ŉ Moontlike respons op die normatiewe vraag word veral gefokus op met teologiese konsep menswaardigheid waaruit teologiese riglyne geformuleer word wat gemeenskappe en veral geloofsgemeenskappe kan rig in hul missie in die wêreld Hoofstuk 4 reflekteer op hierdie vraag wanneer menswaardigheid in die konteks van sekshandel bestudeer word. Hoofstuk 5 plaas ook klem op die feit dat menseregte gerespekteer moet word en die regering se verantwoordilikheid teenoor sekshandel slagoffers, wat inpas by die vraag "wat behoort te gebeur?".Laastens word die ”hoe” vraag gevra (pragmatiese taak), hoe moet die mens reageer. In hiérdie geval sou die vraag wees hoe moet die mens reageer op sekshandel wat ŉ impak het op die jeug van ons land. In hoofstuk 6 word die leser deur die navorser bewus gemaak op die vernaamste bevindinge en voorstelle waaraan aandag gegee moet word deur die gemeenskap ten opsigte van sekshandel. Die vernaamste voorstelle maak ŉ bydrae tot hierdie vraag wat deur Osmer (2008) gestel word, "hoe moet die mens reageer?". Dus is al vier take van Osmer (2008:4) ter sprake in hierdie navorsing studie.

1.12 Navorsingsmetodologie

1.12. 1 Sêkondere Kwalitatiewe data

In hierdie studie word daar van sêkondere kwalitatiewe data gebruik gemaak. Kwalitatiewe ontleding en data verwys na die nie-numeriese ondersoek en interpretasie van waarnemings vir die die doel van die ontdekking van die onderliggende betekenisse en patrone van verhoudings (Babbie & Mouton, 2001:646). Kwalitatiewe studie moet menslike gedrag begryp en beskryf. Om meer filosofies in die modus van uitdrukking te wees, is kwalitatiewe navorsing minder formeel en nie gestruktureer in ŉ navorsingsontwerp nie (Hendriks, 2004:226).

Daar kan onderskei word deur te verwys na primêre en sekondêre empiriese data. Primêre data verwys na die tipe data wat versamel word. Sekondêre data verwys weer na bestaande data wat ingesamel is deur ander (Hendriks, 2004:224). As gevolg van die sensitiwiteit van hierdie studie word daar van sekondêre studie metodes gebruik gemaak.

Dit behels ŉ studie wat fokus op data wat beskikbaar is deur die IOM, VN en organisasies wat wel betrokke is by die bekamping van sekshandel. In hierdie studie word na statistieke asook narratiewe van slagoffers van sekshandel verwys vanuit bestaande (sêkondere) data bronne.

Om dit te vereenvoudig is teologiese navorsing geneig om een van twee tipes te wees : literêre of empiriese studies. Aangesien alle teologiese navorsing behels dat literêre navorsing gedoen word, is ons geneig om 'n literêre navorsing te definieer indien dit geen empiriese komponent bevat nie (Smith, 2008: 152). Hoofsaaklik word die studie aangebied as ŉ literatuur studie. Die navorser verkies hierdie metode sodat die nodige inligting en ŉ beter verstaan verkry word oor die onderwerp van hierdie studie. Die navorser gebruik dus sêkondere data wat van kardinale belang is vir die verstaan van hierdie studie.

Die navorser het van informele gesprekke gebruik gemaak. Die verskeie persone met wie die navorser in gesprek getree het sal anoniem bly. Hierdie persone is werknemers van die International Organization for Migration asook van die A21groep wat in Kaapstad ŉ kantoor geopen het. Hierdie gespreke word van groot belang geag, aangesien hierdie persone elke dag met slagoffers te doen kry en oor die huidige statistieke en nuwe gebeure wat plaas vind in Suid- Afrika beskik.

1.13 Samevatting

Uit bogenoemde is dit onteenseglik bewys dat sekshandel nie slegs tot die vroegste tye behoort en beperk is nie, maar inderdaad steeds ŉ onrusbarende kontemporêre verskynsel is. Dit bly ŉ praktyk wat ŉ oorweldigende aantal adolessente se lewe aanraak en verwoes waar, onder meer, ook hulle menswaardigheid aangetas word.

In die volgende hoofstuk word derhalwe gefokus op die ontstaan, oorsake en gevolge van sekshandel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 2

Ontstaan, oorsake en gevolge van sekshandel

2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die ontstaan, oorsake en gevolge van sekshandel bespreek. Die ontstaan van slawerny word eers bespreek en daarna word verwante konsepte soos mensehandel en prostitusie bespreek, gevolg deur ’n bespreking van die oorsake en gevolge van sekshandel. Oorsake en gevolge word beklemtoon deur verhale van slagoffers wat bespreek word. Slawehandel word bespreek juis omdat dit deel vorm van die moderne slawerny, naamlik sekshandel.

2.2 1800’s se stryd teen slawerny

> *"AMAZING GRACE! – how sweet the sound that saved a wretch like me!*
> *I once was lost, but now I’m found, was blind, but now I see."*

Hierdie bekende woorde van John Newton druk die manier uit waarop God hierdie voormalige slawehandelaar se lewe verander het. Alhoewel John Newton sélf nie meer slawehandel bedryf het nie, het die verskriklike praktyk van slawerny egter steeds voortgeduur. Newton het hom beywer vir die beëindiging van slawerny en William Wilberforce, ’n jong man wat op grond van sy Christelike oortuigings en roeping, gelei gevoel het om die praktyk van slawerny te probeer beëindig, geïnspireer. In die oorweging van die rol wat Christene behoort te speel in die aangesig van morele gruweldade, is dit waardevol om te kyk na die lewe en werk van Wilberforce, wat uiteindelik ’n beduidende bydrae tot die beëindiging van slawerny gelewer het (White, 2008:166).

William Wiberforce was ’n moedige en toegewyde man wat met vasberadenheid en te midde van sterk teenstand, geveg het om Brittanje se betrokkenheid by die slawehandel te beveg, alhoewel dit ’n praktyk was wat gewortel was in gevestigde strukture (Cox & Marks, 2006:7). Wilberforce het van 1759 tot 1833 in die pre-Victoriaanse Engeland geleef en was ’n lid van die Britse parlement gedurende 1780-1825.

Hy het in ’n tydperk geleef toe die hoër klas van die samelewing ’n uiterlike Christenskap getoon het, maar steeds “onheilige” praktyke soos tweegevegte, dobbelary en kinderarbeid beoefen het.

Die kinders moes soms tot agtien uur per dag in die fabrieke werk. Dronkenskap was alledaags en die misdaadsyfer was uiters hoog met verskriklike strawwe vir selfs die geringste misdaad. Die doodstraf is, byvoorbeeld, opgelê vir sakkerollers en die steel van handsakke (Cox & Marks, 2006:7). Wilberforce was reeds ’n lid van die Britse parlement toe hy in 1786 tot bekering gekom het. Hy het hierna verwys as “die groot verandering” in sy lewe. Na aanleiding van raad wat John Newton aan hom gegee het, het hy besluit om na sy bekering in die politiek aan te bly, en in sy politieke hoedanigheid sy diens aan Jesus Christus te wy. Op 28 Oktober 1787 het Wilberforce in sy dagboek geskryf: “God die Almagtige het twee groot sake vir my op die hart gelê waaraan ek moet aandag gee, naamlik die onderdrukking van slawehandel en die hervorming van optredes wat pas by Christenskap.” Wilberforce het voortdurend daarna gestreef om hierdie “twee groot sake” aan te spreek (White, 2008:167). In 1787 het hy die koning van Engeland oortuig om ’n proklamasie uit te reik wat ’n beroep doen op landdroste om die bestaande wetgewing teen dronkenskap, laster en soortgelyke oortredings af te dwing. In hierdie eerste aksie het Wilberforce getoon dat daar ’n “behoefte is om moreel te hervorm in die samelewing” (Aitken, 2007:61; White, 2008:167).

Wilberforce was nie die eerste persoon om sy weersin in slawerny uit te spreek nie. In die agtiende eeu het die Kwakers standpunt ingeneem teen slawerny en die basis vir die anti-slawernybeweging gevorm (die Kwakers was ’n tipe Christelike groep). Wilberforce het egter ’n beter ondersteuningsbasis as die Kwakers gehad: Hy was, as lid van die parlement, ideaal geposisioneer om slawerny uit te daag en het prominente, invloedryke vriende gehad. William Pitt, eerste minister en ’n oortuigende spreker uit die Britse hoër klas, was byvoorbeeld een van sy jare lange vriende (White, 2008:166-167). Omdat Wilberforce met afgryse vervul was deur die wreedheid van slawehandel, het hy begin met ’n humanitêre veldtog om slawerny af te skaf. Hy het die gevestigde ekonomiese belange, veral die skeepsbedryf, van daardie tyd gekonfronteer en dit het geleidelik daartoe bygedra dat die opposisie in die Britse parlement sy siening ten opsigte van slawehandel ondersteun het.

Hy kon die opposisie in die Britse Laerhuis oortuig van sy siening ten opsigte van die slawehandel, omdat hy verbintenisse met die voorste politici in die Laerhuis (*House of Commons*) gehad het, soos byvoorbeeld William Pitt en Charles James Fox. Hy het die openbare mening geswaai deur kragte saam te snoer met die *Clapham Sect* en die *Anti-Slavery Society*, twee gedugte 18de-eeuse beeldpoetserspanne (*spin doctor teams*). Hy het ook ’n voldoende aantal parlementslede van sy siening oortuig. Die slawernyveldtog het nie in die eerste twintig jaar sy doel bereik nie, maar ’n groot deurbraak is gemaak toe Wilberforce se wetsontwerp die vervoer van slawe op skepe verbied het. Dit was die 12de poging om die wetsontwerp om slawerny te beëindig, uit te voer. Uiteindelik, ná 46 jaar se stryd in die Britse parlement teen slawerny, is slawerny heeltemal in Engeland verbied (Aitken, 2007:60).

Wilberforce het daarna gestreef om die samelewing op alle vlakke te hervorm. Hy het namens die kinders, die armes, die ongeletterdes en die slawe opgetree. Hy het daarna gestreef om die Britse hoër klas te hervorm en hulle rykdom en mag aan te wend vir ’n goeie doel. Hy het sendingwerk wêreldwyd bevorder. Sy erns en diepste oortuigings spoor hom aan om jare lank navorsing te doen oor die aspekte van slawehandel en die impak daarvan, en om party-politieke grense oor te steek. Wilberforce het belanggestel daarin om te werk op álle gebiede waar hy morele tekorte waargeneem het, in teenstelling met die kompartementele optrede van die Christendom in baie dele van die wêreld, in daardie tyd en vandag ook nog (White, 2008:171). Wilberforce het ’n groot bydrae gemaak om ’n wêreld van wreedheid en ellende te probeer vervang met een van menslikheid en hoop (Bingham, 2008:49). Daar is wêreldwyd ’n groot noodsaaklikheid vir ander om sy voorbeeld na te volg. In 2007, toe sy nalatenskap gehuldig is, kon die beëindiging van slawerny egter nie werklik ook gevier word nie. Inteendeel, ons word vandag nog uitgedaag deur die voortgesette bestaan van hierdie onmenslike praktyk. Reeds in 1927 is slawerny tydens die Internasionale Slawernykonvensie wêreldwyd verbied, maar vandag, tagtig jaar later, is daar meer mense slawe as ooit tevore: 27 miljoen is ’n konserwatiewe skatting. Wilberforce se doelwit om slawerny af te skaf, is steeds nie bereik nie, en volgens Cox en Marks (2006:7) is dit ’n skande dat miljoene mense vandag nog steeds ly onder een of ander vorm van slawerny.

2.3 Slawerny en mensehandel

As gevolg van globalisering is daar die afgelope tyd hernude belangstelling in praktyke soos mensehandel, gedwonge arbeid, en in die besonder, seksuele slawerny. Hierdie wanpraktyke word dikwels voorgestel as vorme van slawerny, met mensehandel wat getipeer word as ’n vorm van slawehandel. Slawerny, en die verbod daarop, is opgeneem in internasionale verdrae en ook in die Universele Verklaring van Menseregte van 1948. Die Volkebond, wat gestig is in die nadraai van die Eerste Wêreldoorlog, het in 1919 hulle voorneme bevestig om slawerny in al sy vorms, volledig te onderdruk en slawehandel oor die land en die see te bekamp (Cox & Marks, 2006:117). Met verloop van tyd het die Volkebond gelei tot die Slawernykonvensie wat in September 1926 onderteken is en in Maart 1927 in werking getree het. Hierdie konvensie probeer om die afskaffing van slawerny en slawehandel te verseker. Die begrippe “slawerny” en “slawehandel” word deur dié konvensie soos volg gedefinieer:

(1) Slawerny is die omstandighede waarin ’n slagoffer verkeer en gedwing word om aan die eise te voldoen van ’n persoon wat mag uitoefen, asof die slagoffer die eiendom van die persoon is.

(2) Slawehandel behels alle dade wat betrokke is by die vang en of verkryging van ’n persoon met die doel om hom/haar te verneder tot slawerny. Alle handelinge betrokke in die verkryging van ’n slagoffer met die oog op die verkoop of verruiling, asook die vervoer en handeling van daardie persoon, staan bekend as slawehandel (Cox & Marks, 2006:117).

Praktyke soortgelyk aan slawerny word ook uitdruklik deur die konvensie gedek. Dus loop slawerny en mensehandel hand aan hand. Mense word verhandel vir slawernydoeleindes. Die konvensie (*International Labour Organization Worst Forms of Child Labour Convention*,*1999 (No. 182))* maak byvoorbeeld ook voorsiening vir die beskerming van kinderregte. Kinders word volgens die konvensie beskerm teen onwettige produksie van en handel in dwelms (artikel 33), seksuele uitbuiting (artikel 34), handel (artikel 35) en die gebruik in gewapende konflik (artikel 38) (Van de Glind & Kooijmans, 2008:154). Vervolgens word daar verwys na definisies van hierdie praktyke.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Konvensie, 1999 (nr. 182, artikel 3), gee die volgende definisies van bogenoemde praktyke (Van de Glind & Kooij, 2008:154):

Alle vorms van slawerny of praktyke soortgelyk aan slawerny, soos die verkoop en handel van kinders en dwang tot verpligte arbeid, insluitend gedwonge of verpligte werwing van kinders vir gebruik in gewapende konflik;

(a) die gebruik, verkryging of die aanbied van 'n kind vir prostitusie, vir die vervaardiging van pornografie, of vir pornografiese optredes;
(b) die gebruik, verkryging of die aanbied van 'n kind vir onwettige aktiwiteite, in die besonder vir die produksie van en handel in dwelms, soos omskryf in die toepaslike internasionale verdrae;
(c) werk wat deur die aard daarvan, of die omstandighede waarin dit uitgevoer word, geneig is om skade aan die gesondheid, veiligheid of moraal van kinders te veroorsaak.

Kinderhandel word volgens die Aanvullende Konvensie oor die afskaffing van slawerny, slawehandel en instellings en praktyke soortgelyk aan slawerny (1956) beskryf as ’n praktyk waardeur ’n kind of jong persoon onder die ouderdom van 18 jaar deur een of albei sy/haar biologiese ouers, of deur sy/haar voog, aan ’n ander persoon, hetsy as ’n geskenk, of nie, gegee word, met die oog op die uitbuiting van die kind of jong persoon en/of sy/haar arbeid. Van de Glind en Kooijmans (2008:152) definieer kinderhandel as “enige handeling of transaksie waarby ’n kind deur enige persoon of groep persone oorgedra word aan ’n ander vir vergoeding of om enige ander taak te verrig.”

Mensehandel word ook in die konvensie vervat en gedefinieer as die werwing, vervoer, oordrag, herberg of ontvangs van persone deur middel van bedreiging of om gebruik te maak van dwang, ontvoering, bedrog, misleiding, die misbruik van mag, of die gee of ontvang van betaling om die toestemming van ’n persoon te verkry wat beheer oor ’n ander persoon het, hoofsaaklik vir die doel van uitbuiting (Van de Glind & Kooijmans, 2008:152). Mensehandel behels dat mans, vroue en kinders op verskillende maniere teen ’n wins verkoop word en is ’n internasionaal erkende vorm van slawerny.

Dit reduseer slagoffers tot blote “kommoditeite” wat gekoop, verkoop, vervoer en herverkoop word (Van de Glind & Kooij, 2008:155). Daarom is dit strydig met fundamentele menseregte. Mensehandel vind plaas uit en na al die streke van die wêreld. Die roetes is kompleks en wissel van plaaslik tot oor landsgrense (Van de Glind & Kooij, 2008:158).

Die toename van mensehandel kan aan ’n paar oorsaaklike faktore toegeskryf word. Wanneer entrepreneurs sien dat daar ’n moontlikheid vir finansiële wins in die mensehandelmark bestaan, tree meer verskaffers tot die mark toe. Verskaffers sal dus die mark betree of die mark verlaat afhangende van die moontlikheid van finansiële wins. Wanneer daar ’n toename in die aanbod van “slawe” is, is daar groter mededinging in die mark en pryse word gevolglik opgestoot. In die lang termyn beteken dit dat ’n mensehandelaar se vraagkurwe ’n afname sal toon in dié deel van die totale mensehandelmark (Wheaton, Schauer & Galli, 2010:126). Uitbuiting sluit in prostitusie, of ander vorme van seksuele uitbuiting, dwangarbeid of dienslewering onder dwang, slawerny of praktyke soortgelyk aan slawerny, knegskap, of die verwydering van organe (Gould, 2008:2). Dus word sekshandel as ’n onderafdeling van mensehandel beskou, omdat mense verhandel word vir seksdade. Vervolgens word die geskiedenis van seksuele slawerny behandel ten einde die ontstaan en uitbreiding van sekshandel as deel van slawerny beter te verstaan.

2.4 Geskiedenis van seksuele slawerny

Tydens die tydperk vanaf 1500 tot 1900 het bykans 11 miljoen Afrikane slawe (konserwatief geskat), en ongeveer 22 miljoen van hierdie mense van Afrika, gesterf tydens hulle vervoer regoor Afrika en na Europa (Gay,1999:6). In die tyd van slawerny is persoonlike privaatheid nie gerespekteer nie. Slawe is tydens hierdie era, wat bekend gestaan het as die *Middle Passage,* gevange gehou by hawens voordat hulle aan boord van 'n skip uit Afrika na Europa vervoer is. Hier is mans en vroue kaal uitgetrek en, sonder inagneming van geslag, saam deur die skeepsdokter van kop tot tone ondersoek. Aan boord van die skip is die vroue gereeld verkrag. Hierdie aanslag het plaasgevind ten aanskoue van hulle mans, broers en kinders wat vasgeketting was in die romp van die skip (Gay,1999:6).

Deurdat hulle eerste seksuele ervaring gewoonlik deur verkragting geskied het, is meisies dikwels reeds op ’n vroeë ouderdom aan degradering, vernedering, skande en brutaliteit blootgestel. Die wet het die skuldiges beskerm en daarom is teenstand teen die verkragters as ’n misdaad beskou. Slawevroue het oor geen regte beskik nie en was verplig om geen weerstand te bied teen hulle eienaars wat hulle gekoop het nie. Derhalwe moes hulle die verkragting aanvaar en geboorte skenk aan kinders wat ook bestem was as slawe. Nie net kon die mans nie hulle vroue of kinders beskerm teen hierdie misbruik nie, maar vroue, kinders en susters is ook verplig om te aanskou hoe hulle mans, vaders en broers in die openbaar gemartel of gekastreer is vir die geringste oortreding (Gay, 1999:6-7). Slawe was dus grootliks magteloos om mekaar te beskerm, en geen respek is getoon vir hulle liggaam soos daar teenoor wit vroue se liggaam getoon is nie. ’n Verdere voorbeeld van seksuele mishandeling was die betasting en die ondersoek van die slawe se naakte liggaam op veilings om hulle geskiktheid vir arbeid en voortplanting te bepaal. Die meeste slawe het ook naak op die velde gewerk of was slegs in vodde geklee. Geen onderskeid is gemaak tussen mans en vroue nie en hulle moes ewe hard werk en is ewe erg gemartel. Daar is ook geen uitsondering vir swanger vroue gemaak nie.

In die nadraai van die Koue Oorlog is die anti-slawerny-agenda toenemend oorheers deur die uitwissing van mensehandel. Na aanleiding van bogenoemde historiese gebeure was die belangrikste mikpunt die beëindiging van seksuele slawerny of gedwonge prostitusie. In hierdie opsig is mensehandel nie soseer gesien as ’n enkele probleem nie, maar beskou as ’n kragtige trekpleister vir ’n wye verskeidenheid van dikwels afbrekende agendas. Slawerny is nie net beperk tot seksuele uitbuiting nie, maar vorm soms ook deel van immigrasie, mensehandel, georganiseerde misdaad, trekarbeid, toerisme, maatskaplike samehorigheid, burgerskap, en waarskynlik die belangrikste, strukturele ongelykhede. Terwyl belangstelling in mensehandel lank reeds gekonsentreer het op gedwonge prostitusie, was daar ook ’n groeiende belangstelling in mensehandel vir ander doeleindes, wat die geleentheid geskep het vir ’n diverse verskeidenheid hoogs uitbuitende praktyke. Die handel van mense is die effektiewe oorkoepelende stryd van een dimensie in baie vorms van slawerny en die boosheid daarvan, en is feitlik sinoniem met slawerny (Quirk, 2007:181).

Gedurende die lang stryd teen wettige slawerny en slawehandel is hierdie praktyk deurgaans uitgesonder as ’n unieke en uitsonderlike boosheid. Slawehandelaars skei mense met geweld van hulle familie en vriende. Hierdie persone word dan gedwing om ’n lang en onsekere reis te onderneem tot waar hulle op ’n hoogs vernederende wyse gekoop sal word deur totale vreemdelinge.

Handel word dikwels gedefinieer deur wat met ’n persoon gebeur nadat hy of sy hulle uiteindelike bestemming bereik het. Die strewe na ’n beter lewe lei immigrante op verskeie paaie waarvan die grade van wettigheid verskil. Sommige probeer die streng immigrasie-beheer omseil, maar word dan in die land waarheen hulle geëmigreer het as ’n bedreiging beskou vir die sosiale orde. Ander beland juis in die slawehandel omdat hulle die beheermaatreëls omseil het. Daar is dus nie net een weg vir immigrante en een weg vir slagoffers van mensehandel en slawerny nie, want die weë, en ook die bestemmings, stem dikwels ooreen (Quirk, 2007:182).

Vervolgens word Sara Baartman bespreek. Sy word dus as ’n voorbeeld gebruik van iemand wat in seksuele slawerny beland het.

2.4.1 ’n Suid-Afrikaanse voorbeeld van seksuele slawerny: Sara (Saartjie) Baartman

In 1810 was Saartjie Baartman, ’n 21-jarige Suid-Afrikaanse vrou, afkomstig van die Griekwastam, ’n huishulp op ’n plaas naby Kaapstad. Sy is deur dokter William Dunlop ’n aanbod gemaak om by hom in Engeland te gaan werk, en hy het roem en rykdom aan haar belowe. Baartman het hierdie aanbod aanvaar en per skip saam met Dunlop na Londen vertrek. Kort ná hulle aankoms in Londen het Dunlop haar egter naak uitgestal voor ’n groot skare. Mense het elk een sjieling betaal om die “Hottentotsvenus uit Afrika” te aanskou. Baartman is geforseer om naak te paradeer op ’n twee meter hoë verhoog en is rondgelei deur haar oppasser, wat haar beveel het om te loop of te staan. Sy is uitgebeeld as ’n wilde dier in ’n hok, en moes soms vir haar oppasser dans. Nadat sy nie meer nuttig vir Dunlop was nie, is Saartjie uit sy huishouding verban (Martens *et al*, 2003:11).

“Uiteindelik om haarself te voed en te oorleef, het Baartman haar tot prostitusie gewend. Sy het verlate en alleen in Frankryk gesterf, net ses jaar nadat sy Kaapstad verlaat het. Haar liggaam is gedissekteer, haar geraamte is verwyder, en haar brein en geslagsdele is in alkohol geplaas vir bewaring en vir die volgende 160 jaar in die Musée de l'Homme in Parys as ’n toeriste-aantreklikheid uitgestal” *(UN.GIFT Human Trafficking: An Overview*, 2008:3). In 1994 het oud-president Nelson Mandela ’n amptelike versoek gerig dat haar oorskot na Suid-Afrika terug gestuur word. ’n Verslaggewer meld dat Saartjie Baartman se verhaal “die mees berugte geval van mensehandel in Afrika is, maar nooit as mensehandel beskou is nie. Haar ervaring van die werwing deur misleiding en oorgrens-vervoer vir seksuele uitbuiting is egter algemeen vir miljoene vroue, kinders en mans wêreldwyd” (IOM, 2003:11). Dieselfde taktiek word vandag nog gebruik, soortgelyk aan Saartjie Baartman se verhaal, om vroue en kinders te lok tot gedwonge arbeid of ander praktyke.

Gedwonge arbeid vind dikwels plaas wanneer weerlose mense, vasgekeer in armoede in plekke waar werkloosheid so endemies is dat hulle geen manier het om uit die kake van armoede te ontsnap nie, gelok word na ’n “beter lewe”, soos in die geval van Saartjie Baartman. Soms gebeur dit selfs dat die slagoffers se familie hulle aan handelaars verkoop wat die ouers verseker dat hulle ’n beter lewensgehalte vir hulle kind kan bied, wat nooit beskikbaar sou wees in hulle eie huis nie. Die kinders verlaat dan die huis met beloftes wat later blyk vals te wees. Sodra hulle weg van die huis is, word hulle genadeloos uitgebuit – hulle word byvoorbeeld na die buiteland geneem sonder paspoorte, waar hulle dikwels onderhewig is aan gevangenisstraf en fisieke mishandeling. Voorbeelde van hierdie vorm van slawerny sluit in diegene wat in prostitusie betrokke raak. Dié persone is dikwels baie jonk en word as “seksslawe” gebruik. In sekere gevalle dwing vroue se man, of meisies se vader hulle om as prostitute geld te verdien om lenings by plaaslike geldskieters af te betaal. Hierdie vorme van seksslawerny vind in baie dele van die wêreld plaas *(UN.GIFT Human Trafficking: An Overview*, 2008:3).

2.5 Moderne slawerny, mensehandel en sekshandel

Slawerny word dikwels as ’n praktyk beskou wat tot die verlede behoort. Daar is egter ’n verskeidenheid komplekse en dikwels langdurige probleme wat as “moderne vorms van slawerny” beskou kan word. Oor die afgelope twee dekades is mensehandel beskou as ’n prominente manifestering van hedendaagse slawerny. Dit was egter nie altyd die geval nie. Tot relatief onlangs het georganiseerde anti-slawerny en mensehandel hoofsaaklik parallel langs mekaar geopereer. In hierdie opsig is die sleutel tot die historiese oorsprong van moderne mensehandel nie slawerny nie, maar seks en die voortdurende geskille oor prostitusie en seksuele mensehandel (Quirk, 2007:186).

Vir byna ’n dekade lank al het politici, joernaliste, NSO-werkers en ’n paar akademici genoem dat mensehandel ’n uiters winsgewende bedryf is wat steeds op enige gegewe tydstip wêreldwyd plaasvind en miljoene slagoffers oplewer. Dit word beskou as een van die ernstigste menseregte probleme in die hedendaagse samelewing. “Handel” word oor die algemeen beskryf as moderne mensehandel (Davidson, 2010: 244). Mensehandel word dus tog dikwels as ’n hedendaagse probleem gesien en is gewortel in toenemende ongelykhede, post-Koue Oorlog-ontwrigtings, demografiese druk, die opkoms van die informele arbeidsmarkte en neo-liberale ekonomieë, en die toename van migrasie in ’n era van selektiewe en strenger immigrasiebeheer. Die ontstellende hoë voorkoms van seksuele slawerny in Suid-Afrika word byvoorbeeld onder andere toegeskryf aan uiterste armoede, werkloosheid, onrus, ’n gebrek aan kos en tradisionele praktyke wat maak dat dit as aanvaarbaar beskou word om vroue as kommoditeite te behandel (Woolman & Bishop, 2006:385). Volgens Woolman en Bishop (2006:385) is die ware bestuurders van die Suid-Afrikaanse mark georganiseerde misdaadsindikate wat opereer om die vraag na sekswerkers te verskaf. Die wette word nie behoorlik toegepas nie en hulle omseil maklik hierdie wette.

Betroubare globale data is beperk, maar daar word beraam dat die getal slagoffers besig is om epidemiese proporsies aan te neem. Data wat geneem is uit die Verenigde Nasies se Kantoor vir Dwelms en Misdaad (UNODC) se verslag oor mensehandel toon dat mensehandel in 127 van die 137 lidlande van die VN geskied (United Nations Office on Drugs and Crime Vienna, UN.GIFT United Nations Global Initiative to fight human trafficking, 2008:3). Daar is vandag ongeveer 27 miljoen slawe in die wêreld, maar hierdie syfer moet gesien word as ’n ingeligte skatting, want daar is nie strukture in plek om ’n akkurate weergawe te kan gee nie (Bales, 1999:8-9). Dit sluit slawe in wat verhandel word as arbeiders, mensehandel en gedwonge arbeid en strek tot feitlik elke uithoek van die wêreld (Quirk, 2007:182). ’n Beraamde 600 000 tot 800 000 mense word jaarliks oor internasionale grense verhandel. Tagtig persent van die slagoffers is vroue en tot vyftig persent (50%) is kinders. Honderde duisende van hierdie vroue en kinders word jaarliks in prostitusie gebruik (Cox & Marks, 2006:137-138).

2.5.1 Sekshandel

Mensehandel word, onder andere, bedryf met die oog op arbeidsverrigting, afdwing van huwelikspligte, bedelary, diens as kindersoldate, asook orgaanhandel. Uitbuiting vorm ’n kerndeel van mensehandel en kom, onder andere, tot uiting in dwangarbeid, slawerny, of praktyke soortgelyk aan slawerny, en die wederregtelike verwydering van menslike organe (Gould, 2008:2). Op elke vasteland in die wêreld, selfs ’n land so klein en geïsoleerd soos Ysland, met ’n bevolking van slegs 250 000 mense, kom gevalle van mensehandel voor. Mensehandel is een van die snelgroeiendste vorme van transnasionale misdaad, omdat die wêreld toenemend ’n vraag en aanbod daarvoor skep.

In ’n toespraak in Brussels, België, het kommissaris Anna Diamantopoulou die “meedoënlose doeltreffendheid” van die hedendaagse mensehandelaars soos volg opgesom:

> They know their business inside out and respond to changes in the market with a speed unmatched by even the most competitive corporations. Their expertise disregard for human life. Women are brought, sold and hired out like any other product. The bottom line is profit (Batstone, 2007:173).

Die term “sekshandel” verwys na ’n vorm van mensehandel wat behels die werf, vervoer, oordrag, herberg of ontvangs van persone deur middel van dwang, of ander metodes soos ontvoering, bedrog, misleiding, of die misbruik van mag. Dit is byvoorbeeld nie ongewoon vir vroue wat in ’n netwerk van prostitusie vasgevang is om vir 12 tot 14 uur per dag te werk nie. Daar word van hulle verwag om 20 tot 30 kliënte per dag te sien (Zimmerman, Hossain, Yun, Roche, Morison & Watts, 2006:48).

Die statistiek rakende sekshandel is skokkend en die bekamping daarvan is dus ’n enorme uitdaging. Agter elke statistiese gegewe is daar ’n persoon, ’n mens – ’n man, vrou of kind. Agter elke mens is ’n gesin, en agter elke gesin ’n gemeenskap, wie se lewe verwoes of vernietig word deur sekshandel (Cox & Marks, 2006:15).

’n Aansienlike gedeelte van die inkomste wat gemaak word uit die kriminele aktiwiteite ten opsigte van die uitbuiting van die slagoffers, beland in die sakke van die mensehandelaars. In Wes- en Sentraal-Afrika is die slagoffers hoofsaaklik vroue en kinders wat uit slegte omstandighede kom. Gewapende konflik, sosio-politieke onstabiliteit en swak bestuur verhoog die kwesbaarheid van kinders om verhandel te word vir ’n verskeidenheid van doeleindes. Hulle word byvoorbeeld gewerf om uitgebuit en misbruik te word in situasies van gewapende konflik en oorlog. Aan die slagoffers word wapens voorsien waarmee hulle moet oorlog voer en indien hulle sou weier, word ’n jonger broer of familielid voor hulle oë gemartel en vermoor om sodoende hulle samewerking te verkry.

In Afrika en Suid-Afrika word mensehandel, sowel binne die lande as oor grense heen, bedryf en vroue en meisies word hoofsaaklik verhandel vir seksuele uitbuiting. Die lande wat betrokke is in hierdie handelsketting, is in Suider-Afrika, maar dit vind ook plaas in ander lande soos byvoorbeeld Wes-Europa, China, Verenigde State van Amerika, Ierland en die Midde-Ooste (United Nations Office on drugs and crime Vienna: United Nations Global Initiative to Fight Human Trafficking, 2008:8). Suid-Afrikaners word ook in hulle eie land as sekswerkers verhandel.

Jong dames en meisies uit ander Afrikalande soos Mosambiek, Angola, Somalië, die Demokratiese Republiek van die Kongo, Ethiopië, Zambië en Zimbabwe word weer na Suid-Afrika gebring en verkoop as seks- en huishoudelike slawe, asook vir ander doeleindes soos om in die dienssektor te werk. Soms word hierdie jeugdiges weer verhandel en vir seksuele uitbuiting en doeleindes na Europa gestuur. Daar is verder bevind dat Thaise, Filippynse, Chinese en Oos-Europese jeugdiges in Suid-Afrika as seksslawe verkoop word (IOM, 2006:20-22).

Volgens ’n werknemer (2012) en organiseerder van die Internasionale Organisasie vir Migrasie in Kaapstad, met wie die navorser in gesprek getree het, is die seksbedryf reeds steeds aktief en goed gevestig in Kaapstad. Kaapstad en sy omliggende gebiede is gevolglik geïdentifiseer as van die vrugbaarste broeiplekke vir sekshandel-ondernemings. Alhoewel seksslawe vanaf lande waarvandaan baie mense vlug, na alle Suid-Afrikaanse stede gestuur word, word Kaapstad as die belangrikste afsetpunt van sekshandel beskou. Omdat Kaapstad ’n hawestad is, is dit nie vreemd dat die Moederstad reeds sedert die stigting van die eerste Europese nedersetting en die aankoms van die slawe in die Kaapkolonie, ’n geskiedenis van prostitusie en sekshandel het nie. Uit ’n register van ’n Kaapstadse bordeel, gedateer Oktober 1868, blyk dit dat daar gedurende dié tydperk, 213 vroulike prostitute met uiteenlopende agtergronde, in ’n verskeidenheid van bordele en kroeë in Kaapstad bedrywig was (Van Heyningen, 1984). Teen 1890 het ’n instroming van vroue uit Europa ’n beduidende verandering in die seksbedryf aangebring deur dié bedryf te professionaliseer. Terselfdertyd is die seksbedryf geïnfiltreer deur georganiseerde misdaad. Die aanvraag na mensehandel vir die doel van seksuele uitbuiting het kort daarna ontstaan (Martens *et al.*, 2003:20).

2.5.2 Prostitusie

Alhoewel nie al die slagoffers van mensehandel prostitute is nie en nie alle prostitute slagoffers van mensehandel is nie, is die vinnigste groeiende bevolking onder globalisering die slagoffers van menshandel (Kempadoo, Sanghera & Pattanaik, 2005:13). Mensehandel word uitgebeeld as ’n gedugte en gruwelike probleem wat voortdurend strenger sy kloue om kwesbare vroue en meisies, veral van arm en gemarginaliseerde gemeenskappe van die Derde Wêreld, slaan.

In ’n verklaring het ’n Derde Wêreld-aktivis hierdie vrees as volg opgesom: "In die nuwe wêreld van globalisering word alles bemarkbaar, die manne kan duisend kilometers reis om net meisies te koop van armer lande. In hierdie dominante raamwerk jag mans op vroue. Die ryk lande voorsien in hulpbronne, insluitend vroue, van die armer deel van die samelewing. Arm vroue word nie as mense beskou nie, maar slegs as kommoditeite en so word die bose kringloop voortdurend herhaal" (Kempadoo, Sanghera & Pattanaik, 2005:13). Dit is ’n refrein van die hele sage van viktimisering wat ondeurdag geskied vanaf ’n dominante persoon in die samelewing soos byvoorbeeld ’n skoolhoof teenoor sy leerders, maar wat ook gevind word in mensehandel (Kempadoo, Sanghera & Pattanaik, 2005:13). Dus is sekshandel ’n manier om slagoffers te dwing om die rol van ’n prostituut te vervul sodat die handelaar geld kan maak deur die slagoffer. So word slagoffers geforseer om in prostitusie te verval onder die handelaar se toesig.

Vervolgens sal die hoofoorsake van sekshandel bespreek word.

2.6 Oorsake van sekshandel

2.6.1 Globalisering

As gevolg van globalisering word daar met gemak oor nasionale grense heen handel gedryf. Gevorderde kommunikasietegnologie en die buigsaamheid van bankwette maak dit moontlik om met gemak bates internasionaal te verhandel.

Privatisering en liberalisering van markte het groter en meer oop markte oor die hele wêreld heen tot gevolg (Hughes, 2000:3). Virtuele ondernemings kan oral handel dryf en hulle ligging slegs aandui wanneer en waar dit hulle geval (Batstone, 2007:171). Die term “globalisering” word wyd gebruik om ’n verskeidenheid ekonomiese, kulturele, sosiale en politieke veranderinge wat oor die afgelope 50 jaar as gevolg van internasionale interaksie regoor die wêreld plaasgevind het, te beskryf. Kritici is van mening dat globalisering ’n oorsaak van kapitalistiese uitbreiding is, wat die integrasie en inskakeling van plaaslike en nasionale ekonomieë in ’n globale en ongereguleerde markekonomie behels (Hughes, 2000:3). Migrasie is ’n verdere gevolg van globalisering en is vandag wêreldwyd ’n algemene verskynsel, aangesien mense gedurig op soek is na beter tariewe en werk, ook oor grense heen. Mensehandel is as gevolg van dié grootskaalse beweging van mense en vergemakliking van handeldryf oor landsgrense heen, nie so maklik om raak te sien, of om op te spoor nie.

Globalisering hou ook heelwat ander nadelige gevolge in (Batstone, 2007:171). Dus het globalisering ŉ effek op die ekonomie. Mense wat in armoede leef, raak al hoe armer en die wat in oorvloed lewe, raak al hoe ryker.

Globalisering en die ekonomie loop hand aan hand en kan ook gesien word as ’n politieke verskynsel, deurdat lande onderhandel en interaksies met verskeie instellings en ander lande onderneem. Die uitsluitlike doel is dat hulle nasionale kapitaal mag groei en dat state, asook korporasies en instellings, getransformeer word. Die dryfkrag hier agter is globale kapitalisme, en veral transnasionale korporasies wat ekonomies vooruit wil gaan. Tog benodig dit ’n ferm hand van state om die omgewing te kan bemagtig (Guttal, 2007:523). Soos genoem, is ’n beduidende gevolg van globalisering die transnasionale skakeling tussen mense, maatskappye, ensovoorts. Hierdie transnasionale skakeling het, onder andere, die groei van die skaduwee-ekonomie tot gevolg. Wanneer die politieke en ekonomiese stelsel verswak en eindelik in duie stort, vul bestaande organisasies hierdie vakuum aan deur voorheen onwettige ondernemings te privatiseer.

Dit het tot gevolg dat die skaduwee-ekonomie wettiglik bedryf en uitgebrei kan word, terwyl die manier waarop sake gedoen word, deurgaans gepaard gaan met korrupsie en beskermingskemas (Hughes, 2000:4). Hierdie transnasionale skakeling het ook ’n toename in transnasionale kriminele netwerke tot gevolg, wat nie deur plaaslike en nasionale owerhede beheer kan word nie. Lede van die georganiseerde misdaadkringe bewerkstellig kontak tussen medewerkers wat bereid is om in gemeenskappe wat regoor die wêreld versprei is, werksaam te wees en internasionale kriminele netwerke onder migrante te bou (Hughes, 2000:3).

Nog ’n belangrike komponent van globalisering, naamlik die digitalisering van internasionale finansiële transaksies, verhoog die geleentheid vir hierdie tipe transnasionale misdaad. Aangesien ongerymdhede nie so maklik aan die lig gebring word nie, is die vrees om uitgevang te word minimaal. Die geld wat verkry word deur onwettige aktiwiteite, soos mensehandel, word dus sonder veel moeite gewas en aan die handelaars betaal (Hughes, 2000:3).

As gevolg van globalisering het die infrastruktuur rondom vervoermiddels wêreldwyd ontwikkel en vervoerkostes het afgeneem. Dit is gevolglik makliker om per vliegtuig of per skip te reis. Sodoende kan groter en meer uitgebreide nasionale en internasionale sekshandelnetwerke gevestig word. Soos alle mense is pedofiele ook in staat daartoe om nou makliker en goedkoper te reis en sodoende in sekstoerisme (waar mense gaan vakansie hou in ander lande en daar seksslawe besoek) betrokke te raak. Sodoende neem sekshandel in kinders ontstellend vinnig toe (Chung, 2009:88).

Tesame hiermee het die kommunikasie-infrastuktuur ook as gevolg van globalisering verbeter, soos ook die ontwikkeling van die internet. Dit vergemaklik die wewer se besigheid om makliker meisies in die hande te kry sonder om uitgevang te word. Die wêreldwye tegnologiese web het bygedra tot ’n toename in mense- en sekshandel. Die vordering in tegnologie stel mense in staat om seks te koop via die internet. Sodoende word onwettige aktiwiteite, soos die maak en verspreiding van kinderpornografie en om toegang tot ’n groot verskeidenheid seksuele dienste en materiaal te verkry, vergemaklik. Die gevolg hiervan is dat daar ’n toenemende vraag na seksuele dienste ontstaan (Chung, 2009:88).

Globalisering het dus gelei tot ’n ongekende vloei van kapitaal, goedere en dienste, asook ’n toename in die vraag na arbeid op elke vasteland en in byna elke land regoor die wêreld. Alhoewel daar baie literatuur beskikbaar is oor kapitaalvloei en ontluikende markte, is daar nog min aandag gegee aan die grootskaalse vloei van mense wat, oor die wêreld heen, buite hulle eie land op soek is na werksgeleenthede. Trouens, in 2006 het die Internasionale Organisasie vir Migrasie beraam dat daar meer as 191 000 000 immigrante wêreldwyd rondbeweeg op soek na werk (IOM, 2006). Immigrante wat wettig in die land is en op soek is na werk, word dikwels beskou as “buitestanders” en kan, om hierdie rede, nie dieselfde beskerming en regte as die wettige burgers van die gasheerland geniet nie. Immigrante is daarom veral kwesbaar vir uitbuiting en ander skade wat hulle moontlik kan ly in hulle gasheerland. Hierdie probleem is besonder opmerklik in die mensehandel-praktyk – ’n moderne vorm van slawerny wat as ’n skending van basiese menseregte beskou word.

Mensehandel kan as dié ergste vorm van uitbuiting beskou en beskryf word en as een van die nadelige gevolge van globalisering (Jones, Engström, Hilliard & Diaz, 2007:107).

Kritici wys ook daarop dat kapitaal as gevolg van globalisering maklik vloei na waar goedkoop arbeid beskikbaar is. Oor die afgelope drie dekades het die primêre area vir die werwing van seksslawe vinnig van een sone na ’n ander verskuif. Die konsentrasie van mensesmokkelaars in ’n bepaalde area is ’n duidelike aanduiding van die winsgewendheid van daardie bepaalde area (Batstone, 2007:172). Navorsing dui daarop dat vroue en kinders die swaarste getref word deur globalisering. Die globale finansiële krisis wat in 2007 begin het, het veral vroue swaar getref. Dit het, onder andere, daartoe gelei dat baie meisies by gebrek aan lewensmiddels hulle skoolbywoning moes staak en gedwing is om op ’n jong ouderdom te gaan werk ten einde hulle familie finansieel te ondersteun. Sonder die nodige oorlewingsvaardighede is dié meisies veral ’n maklike prooi vir sekshandelaars omdat hulle hulleself nie teen die uitgeslapenheid van hierdie handelaars kan beskerm nie (Shelley, 2010:17).

As gevolg van globalisering het die gaping tussen ryk en arm vergroot en het mense hulle toenemend tot onwettige bedrywighede gewend ten einde in hulle geldelike behoeftes te voorsien (Hughes, 2000:3). Globalisering veroorsaak verder dat toenemende ekonomiese en demografiese verskille tussen die ontwikkelde en ontwikkelende wêreld ontstaan, wat saam met armoede en die marginalisering van baie landelike gemeenskappe plaasvind (Shelley, 2010:2-3). Armoede kan dus beskou word as ’n moontlike nadelige gevolg van globalisering, wat as ’n dryfveer vir sekshandel kan dien. Ongunstige sosio-ekonomiese omstandighede kan derhalwe as ’n kern oorsaak van sekshandel beskou word.

2.6.2 Ongunstige sosio-ekonomiese omstandighede

Ekonomiese en politieke onstabiliteit sal grootliks daartoe bydra dat ’n land waarskynlik ’n bron sal wees van slagoffers wat vir seks verhandel word. Mense word ook dikwels genoodsaak om uit arm lande, waar ekonomiese geleenthede ontbreek, te trek na gebiede en lande waar ’n hoër vlak van ekonomiese welvaart heers en waar ’n vraag na goedkoop arbeid bestaan.

Baie mense migreer ter wille van ekonomiese geleenthede wat hulle in staat sal stel om hulle familie finansieel te ondersteun (IOM, 2010:24).

Dit is dikwels die geval dat migrante hoër lone in die lande waarheen hulle verhuis het, verdien as wat die geval in hulle eie land sou wees, selfs al word hulle min betaal in vergelyking met ander arbeiders in die land waar hulle werk. Thaise konstruksiewerkers verdien, byvoorbeeld, in Japan slegs sowat 40% van dit wat Japannese werkers in dié bedryf betaal word. Tog is hierdie loon soveel as tien keer meer as wat hulle in Thailand vir dieselfde werk sou verdien (Jones *et al.*, 2007:107). Dus vind ongunstige sosio-ekonomiese omstandighede regoor die wêreld plaas en forseer mense om in sekere omstandighede te werk om te oorleef.

In lande met chroniese werkloosheid, wydverspreide armoede en ’n gebrek aan ekonomiese geleenthede, is smokkelaars se beloftes van hoër lone en goeie werkstoestande in die buiteland dus ’n effektiewe manier om mense te lok om vasgevang te word in mensehandel-netwerke. Slagoffers wat ’n beter lewe vir hulleself en hulle gesin wil hê, word maklik oortuig deur die smokkelaars se leë beloftes (IOM, 2002:33). Verder lei die tradisionele beskouing dat vroue kommoditeite is tot die wettiging van mensehandel en selfs tot die skreiende siening dat vroue daardeur bemagtig word. Die vraag na sekswerkers, die teenwoordigheid van georganiseerde misdaadsindikate, die mislukking van die regstelsels en daarteenoor die gebrek aan ondersteuning van politici om hierdie euwel te bekamp, dra by tot die groei van Suid-Afrika se mark vir sekshandel (Woolman & Bishop, 2006:385).

Diegene wat die kwesbaarste vir viktimisering is, is dikwels van ’n laer sosio-ekonomiese status. Individue wat in verarmde situasies vasgevang is, is dikwels desperaat om werk te kry en vergeet van die potensiële gevare verbonde aan die aanvaarding van sekere werks-aanbiedinge (Bermudez, 2008:2). Gevolglik is vroue en kinders wat die enigste broodwinners in hulle huishouding is, die kwesbaarste. Hierdie situasie kom regoor die wêreld, maar veral in Afrika, voor (Bermudez, 2008:2). Oormatige skuld veroorsaak ook dikwels ’n situasie waar individue of gesinne gedwing word om as sekswerkers te werk om te probeer om finansiële verpligtinge na te kom wat van een geslag na ’n ander oorgedra word.

Omstandighede kan so haglik wees dat families uit desperaatheid hulle dogters as seksslawe verkoop, of hulle oortuig dat hulle ’n beter lewe by smokkelaars sal kan lei (Cox & Marks, 2006:139).

2.6.3 Ongunstige huishoudelike omstandighede

Sekshandelaars jaag finansiële vooruitgang na en verbloem dikwels hulle werklike bedoelings deur skynbaar belangstelling te toon in die welsyn van hulle slagoffers. Hulle teiken dus dikwels meisies wat weghardloop van die huis af, veral nadat hulle seksueel mishandel is, of meisies wie se disfunksionele gesin hulle nie emosioneel ondersteun nie en/of verwaarloos. Die sekshandelaars gaan soek potensiële slagoffers by skole, winkelsentrums, bushaltes, skuilings, sentrums of selfs korrektiewe fasiliteite. Slagoffers word ook gevind in aanlyn-kletskamers (*chat rooms*) waar sekshandelaars hulle as talentsoekers voordoen (Goodman & Leidholdt, 2011:8-9). Dus tienermeisies wat uit gebroke huise kom en/of die slagoffers van mishandeling in hulle ouerhuis is, is afgeskeep, maar magteloos om hulle huishoudelike omstandighede te verbeter en word dus makliker by sekshandel betrek.

In Afrika is ongunstige huishoudelike omstandighede ’n groot oorsaak van kinderhandel. Uit ’n studie wat gedoen is in lande in Oos-Afrika het dit aan die lig gekom dat kinderhandelaars veral kinders teiken wat na die voltooiing van hulle primêre of sekondêre skoolopleiding nie ’n heenkome in die arbeidsmark vind nie. Kinders tussen die ouderdom van 13 en 18 jaar word dus as teikens beskou. Dit blyk dat die meeste van dié kinders verhandel word deur mense wat hulle ken en in sommige gevalle selfs familielede is. Die MIV/vigs-pandemie dra ook by tot ’n toename in kinderhandel in Afrika omdat vigs-weeskinders ’n maklike prooi vir sekshandelaars is. Verder lei die tradisionele pleegsorgpraktyke eie aan Afrika tot die misbruik en verkoop van kinders (Goodman & Leidholdt, 2011:68). Dus sien die tantes en ouma’s om na die wesies en help om die kleinkinders groot te maak. Daarom is hierdie groep kinders ’n maklike teiken en sal makliker verkoop word as gevolg van die situasie waarin hy of sy hulleself bevind.

2.6.4 Vals beloftes aan slagoffers

Smokkelaars werf en soek potensiële slagoffers op verskeie maniere. In groot, opwindende stede adverteer die sekshandelaars/smokkelaars in die plaaslike koerante vir werksgeleenthede met aantreklike salarisse om potensiële slagoffers te lok. Hulle maak ook gebruik van bedrieglike werks-, reis-, model- en maatsoek-agentskappe om niksvermoedende jong mans en vroue te lok (IOM, 2002:33). Kinders wat reeds in die prostitusiebedryf werksaam is, hou ook aan ander voor dat dit ’n glansryke lewe is en werf op hierdie manier skoolmaats, vriende, of selfs hulle eie susters (Goodman & Leidholdt, 2011:8-9).

Op die plattelandse dorpe gee die handelaars voor om ’n “vriend van ’n vriend” te wees en oortuig gesinne en ouers dat hulle kinders veilig is en goed versorg sal word deur die smokkelaars. ’n Beter lewe word aan die kinders belowe. Die ouers word dikwels deur hierdie sogenaamde “vriend” mislei en daarvan oortuig dat hulle kinders nuttige vaardighede by hierdie persone sal aanleer.
Hierdie goedgelowige ouers is onbewus daarvan dat hulle kinders in klein winkeltjies of op plase as slawe gaan werk. Handelaars belowe soms ook aan die ouers dat hulle met hulle dogters gaan trou, maar die meisies word gedwing om by prostitusie betrokke te raak (IOM, 2002:33).

Jong meisies trap dikwels in die strik van ouer mans wat aanvanklik op hulle materiële en emosionele behoeftes aanspraak maak deur vir hulle geskenke te koop en hulle aan alkohol en dwelms bloot te stel. Dié meisies word uiteindelik deur hierdie mans as prostitute verkoop nadat hierdie mans hulle vertroue gewen het (United Nations Office on Drugs and Crime Vienna, UN.GIFT: United Nations Global Initiative to fight human trafficking, 2008:9-10). Volgens Lutya (2009:64) is dit uiters onwaarskynlik vir vroue om uit hierdie tipe situasies te ontsnap sonder dat hulle aangerand, verkrag, sielkundig mishandel en van hulle basiese vryhede ontneem word. Mishandeling en verkragting word dus deel van dié meisies se hopelose bestaan en veroorsaak dat baie van hulle probeer selfmoord pleeg (United Nations Office on Drugs and Crime Vienna, UN.GIFT: United Nations Global Initiative to fight human trafficking, 2008:9-10).

Die heersende tendens ten opsigte van plaaslike mensehandel is om slagoffers vanaf die armste provinsies in Suid-Afrika, soos die Oos-Kaap en KwaZulu-Natal, na die welvarendste gebiede van die land, naamlik Gauteng en die Wes-Kaap, te neem onder die voorwendsel dat hulle werksgeleenthede gebied sal word. In werklikheid word hulle vir die uitsluitlike doelwit van gedwonge prostitusie na hierdie gebiede geneem. Werwing word hoofsaaklik gedoen onder prostitute (onder andere dwelmafhanklike prostitute), straatkinders, jong vroue en meisies. Familie, vriende, bure, werkverskaffingsagentskappe, dwelmhandelaars, taxibestuurders en die georganiseerde misdaadbendes is gewoonlik diegene wat jong vroue en meisies in Suid-Afrika werf vir gedwonge prostitusie (Lutya, 2009:69). Kaapstad word gevolglik tans beskou as die sekshoofstad van Suid-Afrika en as gevolg van onder andere die florerende seksbedryf in Durban en Kaapstad is dié twee stede Suid-Afrika se voorste toeristebestemmings. Vlugtelingslagoffers raak, onder andere, dikwels betrokke by die seksbedryf in hierdie stede. Die kompetisie om kliënte te werf is sterk op straat, sowel as in die omliggende klubs. Die slagoffers werk lang ure en in gevaarlike omstandighede om te verdien wat deur die smokkelaars vereis word (Martens *et al.*, 2003:19).

In Gauteng is daar luukse restaurante vir fynproewers waar vriendelike, hoflike en flink diens by die bediening van eksotiese geregte gewaarborg word en waar die diens van ’n prostituut by die pakket ingesluit word. Hierdie restaurante word druk besoek deur Suid-Afrikaanse sakelui, sowel as buitelanders (Martens *et al*., 2003:59). Byna ’n duisend Thaise vroue word jaarliks met beloftes van hoë lone mislei om in hierdie Suid-Afrikaanse restaurante te kom werk. Hierdie vroue word in Bangkok, Singapoer, Kuala Lumpur en Hong Kong gewerf (Martens *et al.,* 2003:59). Na sluitingstyd word hierdie jong Thaise vroue by die agterdeur van die restaurant ingebring. Nadat die deur agter hulle gesluit is, neem die vroue niksvermoedend plek in by genommerde tafels, waar hulle met kos en drank bedien word. Terwyl hulle eet, word daar van agter ’n eenrigtingspieël deur bordeeleienaars en handelsagente op hulle gebie. ’n Mooi jong vrou wat geskik is vir luukse bordele en klubs kan verkoop word teen R25 000. Minder aantreklike vroue word teen ongeveer R15 000 verkoop en in goedkoper bordele gebruik. Onmiddellik nadat die transaksies beklink is, word die vroue van die restaurant verwyder en word hulle deel van Suid-Afrika se multi-miljoen rand seksbedryf (Martens *et al.*, 2003:59).

Hulle word dan in Johannesburg in bewaakte private huise aangehou en gedwing om deur sekswerk die “skuld” wat hulle vir hulle nuwe “eienaars” gemaak het, af te betaal (IOM, 2003:93-108).

Ongeveer ’n duisend Mosambiekse vroue word jaarliks in Suid-Afrika verhandel (IOM, 2003:63). Sommige jong meisies word met valse beloftes van winsgewende werksgeleenthede in groot Suid-Afrikaanse stede gewerf. Ander word by taxistaanplekke of terwyl hulle vir ’n saamrygeleentheid wag, opgelaai en ontvoer. Nadat die ontvoerders die grens met hulle oorgesteek het, word die meeste van hierdie meisies blootgestel aan “ontgroening” in die vorm van verkragting by transitohuise naby die grens. Daarna word hulle teen R650 per persoon as “eggenotes” aan mynwerkers op die Wes-Rand, of teen R100 per persoon as sekswerkers aan Suid-Afrikaanse bordele verkoop (IOM, 2003:47-64). Hierdie misdryf is nie beperk tot Suid-Afrika nie. Vroue afkomstig van oor die hele vasteland word versprei na die Midde-Ooste, Asië en Europa. Na raming word ongeveer 200 000 jong vroue vanaf Wes-Afrika op dié wyse verhandel (Adepoju, 2005:76-80).

’n Vrou wat vir die Suid-Afrikaanse seksmark gewerf word vanaf ’n land waarin lewensbedreigende politieke en sosiale probleme heers, word met ’n direkte vlug na Johannesburg of Kaapstad gestuur met die hoop dat sy ’n goeie inkomste en werk sal ontvang. Min weet sy, sy loop direk in ’n strik vas. Op die lughawe wag die handelaar haar in. Sy word aanvanklik hartlik verwelkom, waarna die handelaar haar na die Departement van Binnelandse Sake neem om haar aansoek om asiel in te dien. Sodoende skep die handelaar die indruk dat sy slagoffer se verblyf in Suid-Afrika “wettig” is, waardeur hy sy slagoffer gerusstel en terselfdertyd sy “belegging” as’t ware “verseker”. Die vrou se wettige, tydelike, vlugtelingstatus sal voorkom dat, indien sy opgespoor word, sy gedeporteer sal word. Om sy houvas op sy slagoffer verder te versterk, dwing die handelaar haar om sekswerk op straat te verrig, sodat sy voortdurend bewus is van die polisie se teenwoordigheid en dat hulle haar kan dophou. Aangesien die vrou bedreig voel en in vrees leef, kry die handelaar ’n stewige houvas op sy slagoffer (Martens *et al*., 2003:18).

2.6.5 Onkunde

In die sekshandelbedryf word ’n wye verskeidenheid van werwingstegnieke gebruik. Die tegnieke wat gebruik word, hang af van die slagoffers se vlak van opvoeding, die verwagtinge van die slagoffers en hulle familie, asook finansiële situasies. Die algemeenste werwingstegnieke in Oos-Europa en die lande van die voormalige Sowjetunie is om advertensies te plaas en om webtuistes te besoek. Hierdie tegnieke word minder dikwels gebruik in die armer lande soos in Asië, Afrika en Latyns-Amerika. In gebiede waar slagoffers oor swak opvoeding beskik, word werwing meestal persoonlik gedoen. Dit is soms die geval dat die slagoffer voorheen met die handelaar kennis gemaak het en hom of haar vertrou.
Slagoffers word dikwels gewerf deur mense wat hulle ken – vriende, familie, kennisse en soms kêrels. Sommige mans bevriend doelbewus kwesbare jong vroue, gee voor om hulle kêrel te wees en verkoop later dié meisies vir prostitusie (Shelley, 2010:107).

In hierdie moderne vorm van slawerny, wat bekend staan as “sekshandel”, gebruik mensehandelaars dreigemente, intimidasie en geweld om slagoffers te dwing om betrokke te raak in seksuele dade of arbeid, wat uitsluitlik tot die finansiële gewin is van die handelaars. Vroue, kinders en mans word in die internasionale sekshandelmark verhandel vir die doeleindes van prostitusie, sekstoerisme en ander kommersiële seksuele dienste, asook vir dwangarbeid (Trafficking in persons report, 2002:32). Die jeug is veral kwesbaar om verhandel te word, hoofsaaklik vanweë swak opvoeding, en kan maklik oorweldig en oortuig word om te doen wat ’n volwassene hulle beveel om te doen (Lutya, 2009:60). Dit kan dus gebeur dat kinders, of jongmense, in ’n posisie kom waar hulle glo dat hulle moet help om ’n finansiële bydrae te maak om hulle familie te ondersteun. Hulle kan selfs deur familielede verkoop word of na die buiteland gestuur word. Straatkinders, kinders in vlugtelingkampe, kinders wie se gesins- en gemeenskapslewe ontwrig is en wat niemand het om na hulle om te sien nie, is veral kwesbaar vir sekshandel.

Volgens ’n werknemer (2012) met wie die navorser in gesprek getree het wat betrokke is by ’n Organiseerder van IOM, is die jeug van Suid-Afrika minder bewus van die risiko’s van sekshandel en word maklik mislei omdat hulle liggelowig is, of omdat hulle uit gebiede kom waar hulle minder beskerm word.

Dit kan ook wees dat die wette wat kinders en die jeug beskerm, nie behoorlik toegepas word nie en daar nie voorsiening gemaak word vir hulle volledige beskerming nie. Min word ook gedoen om die jeug bewus te maak van die bose kringloop waarin hulle kan verval indien hulle in sekshandel betrokke raak.

2.6.6 Geslag

Faktore wat die kwesbaarheid van die slagoffers van sekshandel versterk, sluit, onder andere, hulle ouderdom en geslag in. Kinders is veral kwesbaar vir die eise en verwagtinge van diegene in gesaghebbende posisies, met inbegrip van hulle ouers, ander familielede en onderwysers. Hierdie tendens kom wêreldwyd voor. In vergelyking met mans is vroue besonder kwesbaar vir sekshandel, want hulle word dikwels uitgesluit van indiensneming, hoër onderwys en wetlike, sowel as politieke, gelykheid. Baie vorme van geslaggebaseerde oortredings, soos verkragting, huishoudelike geweld en skadelike tradisionele praktyke, word gekoppel aan sosiale en kulturele situasies wat bydra tot die kwesbaarheid van vroue om verhandel te word (United Nations Office on Drugs and Crime Vienna, UN.GIFT: United Nations Global Initiative to fight human trafficking, 2008:16). Dus word vroue tot vandag toe nog gesien as swak en het nie reg op mag nie.

Seuns wat slagoffers van kommersiële seksuele uitbuiting is, is dikwels diegene wat hulle ouerhuis verlaat as gevolg van hulle seksuele oriëntasie of gender-identiteit. Gay-geïdentifiseerde manlike hawelose kinders loop ’n hoë risiko om betrokke te raak in sekswerk, alhoewel heteroseksuele manlike hawelose kinders ook sekswerk aan ander mans verrig. Gevolglik is die diensverskaffers wat hoofsaaklik in verbinding is met seuns wat uitgebuit word vir kommersiële seksuele dienste, diegene wat blyk om in die behoeftes van óf gay of biseksuele jeugdiges, óf hawelose kinders, of albei, te voorsien (Goodman & Leidholdt, 2011:155).

2.6.7 Omstandighede buite slagoffers se beheer

Die slagoffers bevind hulleself in ’n bose kringloop waaruit hulle nie kan ontsnap nie met die gevolg dat hulle nageslag ook in die bose kringloop van sekshandel beland. Die slagoffers van sekshandel is dikwels vroue wat as jong kinders wees gelaat is. Hulle moeder se vroeë dood laat aan die kinders geen ander keuse as om te oorleef buite die bordele nie.

Hier word hulle reeds vanaf ’n jong ouderdom gebruik deur die bordeel se wagte, souteneurs en kliënte. Hierdie kinders het gevolglik geen toekoms buite die wêreld van bedel, gedwonge prostitusie of misdaad nie (United Nations Office on Drugs and Crime Vienna, UN.GIFT: United Nations Global Initiative to fight human trafficking, 2008:28). Dus bevind hierdie kinders hulleself in ’n bose kringloop, ’n kringloop waaruit hulle moeder nie kon ontsnap nie. Hieruit kan afgelei word dat die moeders van hierdie kinders verwagtend geraak het deur die kliënte. Die kinders word gebore in ’n wêreld waarin hulle hulle waarde nie sien nie, ’n wêreld van wrede werklikhede.

Kinders is veral kwesbaar vir werwing as hulle arm is, van hulle familie geskei is, verplaas is uit hulle huis, in ’n gevegsone is, wees gelaat is of as hulle ’n beperkte toegang tot onderwys het (United Nations Office on Drugs and Crime Vienna, UN.GIFT: United Nations Global Initiative to fight human trafficking, 2008:28). Dus bevind jong haweloses hulleself dikwels in onbekende plekke, bus- en treinstasies, daklose skuilings en kommunes, waar hulle in die arms gedryf word van ouer mans en souteneurs wat aan hulle vals beloftes maak. Soms word daar vir die heel eerste keer in hulle jong lewe aan hulle vriendskap, sekuriteit en die gevoel om deel te wees van ’n liefdevolle gesin, beloof (Goodman & Leidholdt, 2011:142). Die handelaar teiken juis gewoonlik die kwesbaarste persone. Individue sonder ouers of met sukkelende ouers, moeders wat alleen vir hulle kinders moet sorg en wat op soek is na maniere om hulle kinders te onderhou en baie arm mense en vlugtelinge uit ander lande, is ook gewoonlik slagoffers (Shelley, 2010:107).

Handelaars neem meestal hierdie slagoffers weg van hulle eie gemeenskap na ander gebiede, byvoorbeeld na die handelaar se eie land van oorsprong, waar die slagoffers dan afgesonder is van kommunikasie, familie en vriende. Die slagoffers is in baie gevalle nie in staat om die taal van hulle nuwe omgewing te praat nie en is nie vertroud met die kultuur van die vreemde land nie (IOM, 2002:32). Die slagoffers beskik ook nie oor die nodige immigrasie-dokumente nie, of hulle het vervalste dokumente wat deur die handelaar bekom is. Die grootste probleem is waarskynlik dat die slagoffers hulle ondersteuningsnetwerk van familie en vriende verloor het en dus meer vatbaar vir die handelaar se eise en dreigemente is. As gevolg van die onsekerheid en vrees doen die slagoffer wat die handelaar vra. Gewoonlik is geweld betrokke (IOM, 2002:32).

2.6.8 Korrupsie

In sommige lande dra korrupsie by tot die probleem van sekshandel, waar plaaslike amptenare aandadig is aan die handel, of voorgee dat hulle nie bewus is van die probleem nie. Slagoffers van sekshandel word dikwels vervoer vanaf hulle land van oorsprong deur ’n ander om uiteindelik by hulle bestemming uit te kom. Handelaars maak gebruik van vals dokumente om dit moontlik te maak. Swak grensbeheer en korrupte grensposamptenare kan ook die vervoer van die slagoffers vergemaklik (IOM, 2002:33).

Baie van die vroue wat as seksslawe werk, kom uit lande waar korrupsie hoogty vier en wetstoepassing veel te wense oorlaat. Die gevolg is dat vroue glo dat dit veiliger is om ’n afstand van die polisie te handhaaf. Vrou het in die verlede wie ontsnap het en by die polisie verklarings afgelê het, mishandel is deur die polisie en weer herverkoop is aan hul eienaars. (Zimmerman *et al*., 2006:35). Dus word ’n kriminele kringloop gevorm van nie slegs korrupsie nie, maar ook geweld.

Vervolgens word die gevolge van sekshandel bespreek en kan daarop gelet word watter inpak dit het op die jeugslagoffer. Geweld teen die slagoffers, asook gesondheidsprobleme, alkohol- en dwelmmisbruik en trauma waarmee die slagoffers moet saamleef, word ook uitgelig.

2.7 Gevolge van sekshandel

2.7.1 Geweld

Die werf van slagoffers vir die sekshandelbedryf is ’n komplekse proses en verskillende maniere word gebruik om slagoffers te werf. Van die slagoffers word ontvoer, maar dikwels is die proses meer subtiel. Geweld word egter dikwels gebruik om die nodige samewerking van slagoffers te verkry en om hulle uit te buit om te werk in die seksbedryf. Die lys van voorwerpe waarmee vroue soms bewusteloos geslaan word, sluit, onder andere, die volgende in: stokke, telefoongehoorbuise, bottels gevul met water, sambrele, krieketkolwe, gebreekte borde, biljartstokke, nat handdoeke, skoene en kombuisgereedskap. Een vrou het gemeld dat sy byna verwurg is met ’n stuk metaaldraad (Zimmerman *et al*., 2006:33).

Die vlak van geweld en diskriminasie teen vroue wat vir prostitusie verhandel word, is baie hoog. Hierdie vroue ontvang min simpatie of hulp sodra hulle in diens van die mensehandelaars en souteneurs is, hetsy van die algemene publiek of maatskaplike welsynorganisasies. In die lande waarheen vroue verhandel word, word hulle soos misdadigers, prostitute of onwettige immigrante behandel. Wanneer hulle opgespoor word, dikwels as gevolg van polisieklopjagte, word hulle in hegtenis geneem, of tronk toe gestuur en loop die risiko om gedeporteer te word.

Daar is min welsynsorganisasies wat voorsien in die behoeftes van die slagoffers van sekshandel wat ly aan trauma, swak gesondheid en fisiese beserings (Hughes, 2000:9). Baie van dié jong vroue word "fisies, geestelik, emosioneel en geestelik verwoes" en aan ondenkbare gevare blootgestel. Hulle lewe dikwels in vrees vir die handelaars se gewelddadigheid. Hulle vind dit uiters moeilik om met hulle lewe aan te gaan en te vergeet van die verlede (Goodman & Leidholdt, 2011:144).

2.7.2 Gesondheidsrisiko's

Die meeste slagoffers (Hughes, 2000:9)van sekshandel word blootgestel aan 'n verskeidenheid gesondheidsprobleme, insluitend huishoudelike geweld met die gevolg dat beserings plaasvind of selfs sielkundige letsels gelaat word, asook alkoholisme, sielkundige probleme, MIV/vigs en ander seksueel oordraagbare siektes. Derhalwe ly hierdie vroue ook aan aansteeklike siektes, seksueel oordraagbare siektes, beserings as gevolg van geweld, dwelm- en alkoholverslawing, depressie en ander geestelike toestande as gevolg van die traumatiese uitwerking wat sekshandel op hulle lewe het (Hughes, 2000:9). Slagoffers in hierdie situasies weet nie hoe om te ontsnap van die geweld, of waar om hulp te kry nie (IOM, 2002:32). Hierdie vroue (Zimmerman *et al*., 2006:63) besef dat hulle seksuele en reproduktiewe gesondheid in gevaar gestel word en die meeste van hulle hoop steeds om verhoudings, 'n huwelik en kinders in die toekoms te hê. Dus is dit vir hulle uiters belangrik om te bepaal of hierdie drome steeds moontlik is (Zimmerman *et al*., 2006:63). Dit is deel van hulle drome en wanneer 'n mens se drome vernietig word as gevolg van 'n ander, word die slagoffer onreg aangedoen. Hulle het ook 'n reg op hulle toekoms, besluite en lewe. (In hoofstuk 4 word regte en menswaardigheid derhalwe bespreek.)

Die oorgrote meerderheid van vroue wat verhandel en seksueel uitgebuit word, ontvang geen mediese sorg nie. Hierdie vroue word blootgestel aan infeksies wat dikwels nie behandel word nie en is dan geneig om ernstige en langtermynprobleme te ontwikkel. Sifilis, gonorree, hipoksiese pulmonale vasokonstriksie (HPV), Hepatitis B en knopskubbe is voorbeelde van infeksies wat dikwels matig of asimptomaties voorkom en nie maklik deur ’n lyer waargeneem kan word nie.
Onvrugbaarheid en ander probleme ontstaan as gevolg van komplikasies vanweë hierdie siektes, met inbegrip van servikale kanker wat ’n blywende gevolg van vroue se nagmerrie-ondervindings as seksslawe kan wees (Zimmerman *et al.*, 2006:70).

2.7.3 Dwelm- en alkoholgebruik

Baie meisies gebruik ’n oormaat drank om hulleself te verdoof sodat hulle van hulle omstandighede kan ontsnap. Vroue het al verskeie kere beweer dat hulle gedrink het om hulleself in staat te stel om te doen wat van hulle verwag word (Zimmerman *et al*., 2006:38). Die dwelms wat aan vroue gegee word, sluit die volgende in: dagga, kokaïen, *ecstacy*, heroïen en verskeie naamlose stimulante. In sommige gevalle word die dwelms deur die smokkelaars aan die vroue gegee, terwyl dit in ander gevalle deur die kliënte aan hulle voorsien word (Zimmerman *et al*., 2006:39).

Dwelms en alkohol speel ’n belangrike rol in die onderwerping van slagoffers van sekshandel aan die handelaar, en die gebruik van hierdie middels deur seksslawe is bykans ’n universele verskynsel. Handelaars maak soms jag op vroue en kinders wat reeds aan middels verslaaf is. Maar werwers, veral dié wat betrokke is by mensehandel wat oor landsgrense plaasvind, verkies eerder om gesonder, meer aantreklike slagoffers te soek. Hulle stel die slagoffers dan later aan dwelms bekend om hulle greep op dié persone te versterk. Om dwelms aan die slagoffers te verskaf en van hulle te weerhou, is effektiewe maniere wat algemeen gebruik word om beheer oor die slagoffers te verkry en uit te oefen. Dwelms en alkohol word ook gebruik as verdoofmiddels: Dit demp fisiese en psigiese pyn en stel die slagoffers in staat om hulle omstandighede te verduur. Hulle hanteer dan die gevangenskap beter en is ook meer in staat om te voldoen aan die handelaar se opdrag om vir geld kliënte te bedien met seks en dus vir die handelaar ’n wins te produseer (Goodman & Leidholdt, 2011:11).

Dwelms word, volgens beriggewing, meer algemeen as alkohol gebruik, veral vir die bedwelming van jong vroue (byvoorbeeld maagde) om hulle voor te berei om sonder struweling en in ’n bedwelmde toestand toe te gee aan die eise van hulle eerste kliënt (Zimmerman *et al*., 2006:39).

Baie van die slagoffers gebruik dan voortdurend alkohol en dwelms as ’n manier om die angs en vrees in hulle lewe te verwerk. Hierdie angs en vrees is te wyte aan die fisiese kwale wat hulle ontwikkel, die seksueel oordraagbare siektes waaraan hulle blootgestel word en die sielkundige probleme, soos kliniese depressie, skisofrenie, post-traumatiese stresversteuring en Stockholm-sindroom, wat hulle ontwikkel. Die slagoffers neem ook dikwels oorlewingsmeganismes, soos dat hulle hulle afsonder en nie met ander mense in kontak kom en meng nie (dissosiasie), as gevolg van hulle betrokkenheid by verskeie intieme seksdade met totale vreemdelinge (Zimmerman *et al*., 2006:39).

2.7.4 Sielkundige trauma

Baie slagoffers wat gevange geneem word vir sekshandel, doen permanente sielkundige trauma op, wat voortduur selfs nadat hulle vrygelaat is. Hulle ly ook aan post-traumatiese stres, slapeloosheid, depressie en slaapversteurings, ondervind angswekkende terugflitse, is gedurig bang en kry paniekaanvalle as gevolg van alles wat gepaard gaan met sekshandel. Baie ervaar ook ’n verlies aan eetlus, onbeheerste aggressie, selfverwyt en selfmoord-gedagtes. ’n Behoefte aan selfbesering en ’n konstante gehuil is algemene simptome (Trafficking in Persons Report, 2005:14).

Verskeie van die vroue wat gered is, het verduidelik dat hulle slegs mediese sorg ontvang het wanneer ’n ongevraagde swangerskap beëindig moes word. Een van hierdie vroue het vertel dat sy drie maal vir ’n aborsie na ’n dokter verwys is. Swangerskap is nie ’n verskoning om nie te voldoen aan kliënte se seksuele eise nie en geskied selfs tot en met die sesde maand van swangerskap en gewoonlik word die baba op sewe maande dood gebore (Zimmerman *et al*., 2006:62).

As gevolg van wat slagoffers deurmaak en die feit dat wanneer hulle swanger raak daar geen genade vir hulle is nie, gaan hulle op hulle eie deur geweldige trauma. Niemand help hulle deur hierdie tyd nie en van hierdie slagoffers is self nog ’n kind wat ontwikkel. Hierdie aspek word in hoofstuk 3 behandel.

2.7.5 Identiteitsverlies en verwarring, asook die gevoel van skaamte en skande

Identiteitsverwarring is duidelik teenwoordig by vroulike slagoffers wat verhandel word. Dit kom veral ter sprake by die persone wat gered is uit die sekshandelbedryf.

Voormalige seksslawe keer terug na families en gemeenskappe wat nie saam met hulle verander het nie. In die oë van hulle familie mag hulle beskou word as dieselfde vrou, dogter of moeder as voorheen, maar hierdie vroue het groot lewensveranderings ondergaan wat nooit deur die familie of gemeenskap verstaan sal word nie. ’n Gevoel van waardeloosheid, skaamte en skuld word deur hierdie vroue ervaar (Zimmerman *et al*., 2006:99-101). Wanneer hulle terug huis toe keer, vind hierdie vroue dikwels uit dat hulle familie verdwyn het en dat hulle huis vernietig is. Nog ’n gevolg is dat jong vroue of meisies wat ontvoer is, ondervind dat dit baie moeilik is om ’n “goeie” man se aandag te trek, omdat hulle voorheen gedwing is om in seksuele verhoudings betrokke te raak. Vroue wat terugkeer met babas wat verwek is deur hulle seksuele verhoudings met hulle meesters, kan ondervind dat hierdie kinders nie deur die plaaslike gemeenskap verwelkom word nie. Verder behou hulle almal ook die herinnering aan hulle beproewings en die stigma van ’n slaaf wat aan hulle kleef (Cox & Marks, 2006:15).

Almal wat geviktimiseer word as slagoffers van sekshandel, ervaar ’n gevoel van skande omdat hulle mislei en bedrieg is. Hulle kan ook byvoorbeeld nie aan hulle familie die beloofde geld voorsien om hulle finansiële probleme te verlig nie. Die tydperk van viktimisering word ook dikwels verleng. Dié skande wat hulle ervaar, is dikwels dieper en meer aanhoudend as wat deur slagoffers van ander misdade beleef word (Goodman & Leidholdt, 2011:173). Dus word die menswaardigheid van die slagoffer aangetas omdat regte van hulle ontneem word en hulle as “minder” mens beskou word.

(In Hoofstuk 4 word daar vervolgens meer oor menswaardigheid en sekshandel uitgebrei). Kenners beweer dat die gevoel van skaamte en die stigma wat ’n slagoffer van sekshandel beleef, ’n aanduiding is van hoe sy die redes waarom sy mislei is, vertolk. Die afleidings wat sy maak, en die gevoel van skaamte wat daaruit spruit, kan dus direk daardeur beïnvloed word. Skaamte en stigmatisering is die sielkundige en sosiale gevolge van seksuele misbruik wat sterk verband hou met swak geestelike gesondheid en veral depressie. Die verlies aan selfrespek en selfvertroue is sleutelprobleme wat voorkom. ’n Verlies aan moraliteit en ordentlikheid kom ook na vore, wat talle vroue onbekwaam en onbevoeg laat voel. Vroue is verder oortuig daarvan dat hulle geteiken, geblameer en gestigmatiseer sal word. Hulle is bang vir die enorme uitdagings van herintegrasie in hulle familie en gemeenskap (Zimmerman *et al*., 2006:102-104).

Die gemeenskap se persepsie van seksuele reinheid maak ook ’n groot impak op ’n jong meisie se gevoel van skande. In baie gevalle, sodra ’n ongetroude meisie haar maagdelikheid verloor het, beskou sy dit asof sy van iets beroof is. Dit is ongeag of ’n familielid haar seksueel mishandel het of ’n vreemdeling haar verkrag het. Die meisie kan voel suiwerheid is “alles of niks”, en dat geen ordentlike man met haar sal wil trou as sy nie meer ’n maagd is nie (Batstone, 2007:34). Sy kan voel asof sy alles verloor het, of dat haar familie haar sal verwerp en dat haar bure haar as ’n uitgeworpene sal behandel. Sy kan ook meen dat die moontlikheid om weer as ’n gerespekteerde persoon in die gemeenskapslewe in te skakel, elke dag kleiner raak. Sy woon derhalwe as ’t ware in ballingskap in haar eie gemeenskap (Batstone, 2007:35). Wanneer slawe gered word, kom hulle “gevangenskap” dus nie noodwendig tot ’n einde nie. Om dié wat gered is, te verlaat en aan hulle eie lot oor te laat, kan hulle kwesbaar maak om hulle weer oor te gee aan ’n gedwonge arbeidsverhouding met ’n ander eienaar.

Alhoewel maatskaplike werkers strategieë volg soos herintegrasie en herstel, is die proses van nasorg dikwels baie meer ingewikkeld. Tienermeisies wat bevry word van ’n bordeel se vooruitsig van skaamte en mishandeling wat op hulle wag in hulle tuisdorp, kan hulle dwing om ’n nuwe lewe elders te bou.

Hulle sal waarskynlik intense emosionele trauma beleef vanweë die herhaalde episodes van seksuele misbruik. Dit kan nodig wees om hulle in ’n ondersteunende omgewing, waar hulle nie beskuldig sal word nie, te vestig (Batstone, 2007:92).

2.7.6 Verlies aan vertroue

Wantroue is ’n algemene reaksie by vroue wat voorheen vir seksslawerny verhandel is. Sommige van hierdie vroue is deur vreemdelinge of kennisse mislei en geforseer om sekere dienste te verrig. Ander is selfs om die bos gelei deur familielede, kêrels of ander persone wat hulle vertrou het. Vir die meeste vroue is hierdie eerste gevalle van misleiding die vernietigendste.

Hierdie gevalle is die tipiese gevolg van ’n reeks gebeure en omstandighede wat veroorsaak dat hulle alle geloof in hulle medemens verloor (Zimmerman *et al*., 2006:100).

’n Paar jaar gelede is die volgende verslag van ’n jong meisie wat uit die seksbedryf bevry is, in die aanbieding *From let’s make a deal to let’s make a difference: Changing the criminal justice system’s approach to teen sex trafficing* ingesluit:

> Cheryl: Ek was 13 of 14 toe ek uitgedraai het tot die lewe, en hy was 30, 31. Toe ek hom die eerste keer ontmoet het, het ek nie geweet wat om te verwag nie, al wat ek geweet het, was dat hy ’n wonderlike man was wat ek ontmoet het … Hy het vir my gesê dat ek gaan geld maak en die manier waarop ek kon geld maak, was om my goed aan vreemde mans te verkoop; ek het nie geweet nie … hy het my onskuld van my gesteel, ek was veronderstel om rond te hardloop en met my Barbie-poppe te speel, maar in plaas daarvan … Die rede waarom hulle die meisies so jonk uitkies, is omdat hulle nie van beter weet nie. Hulle vang hulle ongeveer op die ouderdom van so 13 of 14 jaar. Hulle glo maklik wat hulle vertel word. Hulle wil hê dat jy van hulle hou … hoe ek dit weet, is omdat ek al self daar was … Toe ek in die bedryf was, het ek so baie meisies gesien wat in rye staan agter motors, wat net daar sit en waai en, jy weet, dis soort van vreesaanjaend, want jy sien ’n meisie staan nog daar; die volgende oomblik is sy weg, soms keer hulle nooit weer terug nie … Ek weet, want ek was baie naby daaraan om my lewe in hierdie speletjie te verloor (Goodman & Leidholdt, 2011:144, eie beklemtoning).

Dit bevestig dat die handelaar die slagoffer sal bedrieg en om die bos lei, net om te kry wat hy as handelaar wil hê. Sy was jonk en nog self onseker wie en wat sy is. Cheryl het so maklik haar vertroue in hierdie sogenaamde wonderlike man geplaas. Cheryl is misbruik vir seks en haar onskuld is in sekondes van haar af weggeneem. In so ʼn situasie is dit duidelik dat om weer iemand in jou vertroue te neem, nie meer maklik sal plaasvind nie.

2.8 Slagoffers wat in sekshandel beland het

O'Conner verwys na die berig deur Aneline Blackie oor **Lisa van der Westhuizen** (die slagoffer se werklike naam) wat in Braamfontein by ʼn bushalte ontvoer is. Blackie berig die volgende:

> At least two women have come forward to tell horrific stories of how they were repeatedly raped after being abducted and tied to beds. Both say Nigerian immigrants injected them with a paralysing drug, kidnapped them and locked them in rooms with other girls. There were nine girls of all races with me in the room and some were as young as 8 years old. About six men took turns to come into the room, inject us with heroin and rape us. They said they were doing this to break us in for prostitution. We were naked and they kept our feet and hands tied to the beds, says Lisa van der Westhuizen (27). Lisa says she was abducted at a bus stop in Braamfontein, and taken to a house in Hillbrow where she was kept for four days until she managed to escape and run to a nearby police station. I covered myself in a sheet I found in the house before I escaped – and blood was dripping down my legs all the way to the police station (Blackie in O'Conner, 2013:41).

Cyndy se verhaal

Nog ʼn slagoffer van sekshandel, Cyndy, vermoed dat haar pa haar vanaf hulle huis in Afrika ontvoer het toe sy vier was. Sy word binnekort mondig. Die belangrikste tale wat sy kan praat, is Engels, Frans en Portugees. Sy vertel self in die volgende uittreksel haar storie (O'Conner, 2013:48-49):

> My father started sexually abusing me when I was about eight or nine years. It was a horrible experience – but he was my father! I was later introduced to the syndicate and I had to do what they wanted me to do.

There were times when I had to dance in a room where there was a long curtain and follow the instructions on the tape recorder which told me to strip naked in front of a screen and do whatever movements it wanted me to do. At that time I did not know that it was a computer with a camera I think that was in front of me. Some members of the syndicate had sex with me and others raped me. When I told my father he could not do anything to help me as he worked for them. I don't know if he was my real father. I fell pregnant a number of times. Drugs were inserted into my vagina when I was pregnant – now I think it is because control could not screen pregnant people at airports. I was about twelve or thirteen when I first fell pregnant. What I remember was that I was never stopped at airports. Abortions were performed by one of the syndicates who was a doctor. Drugs were also carried through customs in champagne bottles in liquid form and at the other side a machine was used to solidify the dope again.

We visited many countries – Haiti, Guadeloupe, Belgium, France, Italy, Saudi Arabia and others. We seemed never to live in a place for one year. My suitcase was always packed.

There were times when I was happy. I went shopping with whoever was assigned to me and she took me to get hairdos, make-up and manicures. When the pain was there I tried to escape. I had a passport and ticket and got a taxi to the airport in Brussels. At the airport I was told the ticket was no good and where did I want to go to anyway? I did not know but thought if I used this ticket it would take me as far away from them as possible. I was fourteen then. The next year in Rome I tried again but did not succeed. After that I did not attempt for another two years as I was beaten and put in seclusion for a week. It was a dark place and it was frightening. They who were responsible for me never gave me a formal education. I could not read the ticket. I think they controlled me so that I could not integrate into society. After that experience I did not try again until the stop-over from Asia. I had developed a curious mind and tried to gather a lot of information. I knew my father came from Africa; I thought if I get back to my father's home I will be safe there and not exposed. At another attempt I stole money from them. The money helped me to escape from them. By then I had venereal disease because when I delivered the drugs to buyers it was understood that I had to have sex with some of them but there were others who would just rape me and I began to carry a knife in my boot to protect myself. Now I escaped again. I contacted my father's relatives. They did not know me or help me integrate into society.

> My country promised to protect me from the syndicate and I was put in a shelter. One night three government immigration officials dragged me out of the shelter and put me back to the country I had escaped from. They abandoned me at the border. I eventually landed up at the Methodist Church in South Africa. I spoke to the Father Danisa of the Catholic Church who came to visit the refugees and he helped me. Then Sister Melanie came and put me in a shelter for a time. The syndicate managed to take psychological control over me as I am always scared. Altough I am fearful I try to move on. Now I have managed to go to school and I am thankful for some formal education to matric level and to all those kind people who have assisted me and are still assisting me to get a life.

Hierdie twee verhale illustreer van die oorsake en gevolge van sekshandel wat vroeër bespreek word. Dit sluit in ongunstige huislike omstandigehede, misleiding, onkunde, asook omstandighede buite die slagoffers se beheer. Na aanleiding van Cyndy se verhaal kom dit na vore dat die sekshandelaars nie net onbekendes is nie, maar ook familielede en, selfs die slagoffers se eie ouers kan wees. Die handelaar begin die slagoffers by sekshandel betrek deur vir hulle leuens te vertel en valse beloftes van ’n beter lewe te maak. Verder word die slagoffers ook ontvoer. Wat daarop volg is dat hulle verkrag word, met ander woorde dat seksuele omgang met hulle plaasvind sonder dat hulle toestemming daartoe verleen. Dwelmshandel en -gebruik is ook dikwels deel van die sekshandel-bedryf en die slagoffers raak afhanklik van die dwelms en sal enige iets doen om te ontsnap van die pynlike werklikheid waarin hulle hulle bevind. Die slagoffers word geforseer om naak voor mense te verskyn en seksuele dade teen hulle wil te verrig. So word hulle blootgestel aan verskeie siektes en raak dikwels swanger en word dan gedwing om onder haglike omstandighede aborsies te ondergaan.

Wat ook in die twee verhale na vore kom, is dat kinders kwesbaar is vir sekshandel omdat hulle jonk is, en ’n gebrek aan ervaring het om die wolf in skaapsklere te identifiseer (IOM, 2010:15). Die IOM (2010:61) se *Wolf in sheep’s skin* beklemtoon juis die feit dat gebrekkige toegang tot opvoeding, swak voeding en die algemene gebrek aan kennis ’n wesenlike probleem is. Kennis ontbreek by die slagoffers oor hulle liggaam, die seksuele en hulle voorplantingstelsel.

Kinders beskik dikwels nie oor die nodige kennis van (onder andere) seksueel oordraagbare siektes soos MIV/vigs nie. Indien ʼn kind blootgestel word aan huishoudelike geweld, kindermishandeling en bloedskande, sal dit ʼn wesenlike impak hê op sy/haar geestelike gesondheid. Die kind wat ʼn slagoffer van mensehandel en/of sekshandel is, se kwesbaarheid ten opsigte van sy/haar fisiese en geestelike gesondheid word vererger deur die trauma wat hy/sy beleef. Dit veroorsaak geestelike probleme wat manifesteer as post-traumatiese stresversteuring (PTSV), depressie, angs, psigose, gedragsprobleme, selfmoordneigings (IOM, 2010:61). Veranderde gedrag in hierdie slagoffers is ook deur dokters waargeneem. Daar is bevind dat die getraumatiseerde slagoffers van sekshandel dit moeilik vind om te slaap, te konsentreer en te praat. Tendense wat ook waargeneem is, is dat die slagoffers hulle onttrek uit die samelewing, hulleself verwaarloos en hulleself opsetlik beseer (IOM, 2010:61).

2.9 KONY 2012 - “Bring back our girls”

In 2012 was daar ʼn groot ophef gemaak oor ʼn man met die naam, Joseph Kony, omdat hy jong kinders ontvoer het om as soldate opgelei te word of as seksslawe vir sy militêre weermag gebruik te word. Die veldtog bekend as KONY 2012 het ontstaan en het begin as ‘n eksperiment wat ten doel gehad het om deur ʼn aanlyn video Joseph Kony bekend te maak sodat die wêreld bewus kan raak van hierdie boosaardige krimineel en waarmee hy besig was, soos byvoorbeeld die ontvoering van jong kinders vir sy gebruik. Die video het gehandel oor Uganda en ʼn oorlogsmisdadiger, Joseph Kony. Hy is ʼn leier van die *Lord’s Resistance Army* (2012 Invisible Children, 2012). Verskeie gruwel-dade is vanaf 1980 deur sy weermag gepleeg. Hierdie gruweldade sluit in die volgende:

- Mense word dood gemaak en of vermink,
- jong kinders word gedwing om by Joseph Kony se weermag aan te sluit, en
- meisies word vir sekshandel verkoop.

Die video is deur ongeveer 3.7 miljoen mense gekyk. Hierdie kykers het die KONY 2012 veldtog ondersteun deur dat Joseph Kony gevange geneem word (What is “Kony 2012” and is it legitimate?, 2012).

Dus word kinders as gebruiksartiekels gesien, verkoop en mishandel. Tot op hede is Kony nog nie in hegtenis geneem nie. Vir ŉ meer onlangse geval word die ontvoering van 276 Nïgeriese skoolmeisies bespreek. Waartydens die veldtog "Bring back our Girls" ontstaan het.

Die volgende aanhaling is uit (Martinez & Abubaker, 2014).

> Nigerian authorities specified Friday that a total of 276 schoolgirls were taken last month by militants from a boarding school, but 53 of them escaped, leaving 223 still in the hands of their captors, police said. Those numbers are higher than previously reported. Authorities had been saying about 230 girls were abducted in the dead of night at a high school in the country's northeast region. A hotbed for the Islamist group Boko Haram, and roughly 200 of the girls were missing. On April 14 2014, armed men herded the girls out of bed and forced them into trucks in the town of Chibok. The convoy of trucks then disappeared into the dense forest bordering Cameroon. Human rights groups say the militants kidnap girls to perform chores and sexual services.

Dit was as gevolg van bogenoemde gebeure dat die veldtog vlam gevat het. Deur gebruik te maak van die “hashtag” #BringBackOurGirls is op Twitter en ander netwerke die wêreld bewus gemaak van Boko Haram wie aan hoof staan van hierdie ontvoering van die 276 meisies (#BringBackOurGirls. And bring back our country, President Jonathan, 2012). Vervolgens word die onderstaande News 24 brief aangehaal wat aandui hoe menswaardigheid aangetas word deur mishandeling en ontvoering van mense vir slawerny en sekshandel

Dear Boko Haram: Bring back our girls.

> Bring back the joy a mother felt when she first held her at birth. Bring back the sparkle she brought to a mother, who has been waiting for years. Bring back the tears of joy that rolled down the face of a joyous father Bring back the joy that converged upon two families to bring them together. Bring back the chuckles that used to cover the village with happiness. Bring back the innocent smiles that look at you as a father and not a killer. Bring back our girls, our lovely, beautiful and innocent girls. Bring back the future, future of a country, a continent and the world. Bring back all those beautiful dreams, dreams dreamt with eyes wide open. Bring back the light to shine hope on a continent in distress.

> Bring back the wisdom stored in the little heads to head us up to a new era. Bring back the pride of an eagle and let it soar to new heights. Bring back our girls and stop the grieving and crying. Bring back our girls, they too want to grow, find love and get married. Bring back our girls, they too want to have their own girls and build the nation. Bring back our girls, for they can't be sold at a market like vegetables. Bring back our girls, for their **worth** is far above rubies and pearls. Bring back our girls to restore a dream to build a nation where peace and justice shall reign, Bring back the dream of Unity and Faith, Peace and Progress. Bring back our girls, our lovely, beautiful and innocent girls (Dear Boko Haram Bring back our girls, 2012).

Vanuit bostaande brief blyk dit dat daar ŉ verlange is na hoop, herstel, versoening, vrede, regverdigheid en die herstel van waardigheid.

2.10 Samevatting

Die literatuur plaas klem op die feit dat die slawehandel niks nuuts is nie. Slawehandel het alreeds in die 1700's en 1800's ŉ opskudding veroorsaak. Selfs toé was slawehandel nie nuut nie. Vandag is daar ŉ konserwatiewe skatting van 27-30 miljoen mense wat slagoffers is van mensehandel. Mensehandel bestaan uit verskeie vertakkings van handel waaruit onder andere sekshandel een deel uitmaak. Die wêreld verander teen ŉ geweldige spoed te wyte aan globalisering. Ryk mense word nog ryker en arm mense word nog armer. Die handelaars weet dus dat mense probeer oorleef in moeilike omstandighede in ŉ land waar globalisering die oorhand kry. Handelaars gebruik hierdie desperate omstandighede en verlei mense en maak valse beloftes vir ŉ beter lewe. Maar die ideale prentjie van ŉ beter lewe verander gou in ŉ nagmerrie waaruit die slagoffer nie kan ontsnap nie. So word ŉ onskuldige lewe vasgevang in skielike choas. Die verhale van die slagoffers wat bespreek is, beklemtoon die oorsake en gevolge. Die mees algemene oorsaak van sekshandel is globalisering. Sekshandel word gesien as gedwonge prostitusie, waartydens die slagoffer as ŉ slaaf aangehou word en weer verhandel word aan ŉ nuwe eienaar. Die slagoffer word gebrandmerk en word letterlik en figuurlik die eiendom van ŉ ander persoon. Die adolessent is ŉ onskuldige en ŉ maklike teikengroep waarop die sekshandelaars teer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die adolessent beskik oor geen of min kennis oor sekshandel en in hierdie proses word die adolessent se ontwikkelingsjare versteur en dit hou traumatiese gevolge in. Vervolgens word gefokus op die seksualiteit in die ontwikkelingsjare van die adolessent. Daar word aandag gegee aan die impak wat sekshandel op ’n adolessent het tydens hulle ontwikkelingsjare.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 3

Die effek van sekshandel op seksuele ontwikkeling tydens adolessensie

3.1 Inleiding

Ten einde ŉ oorsig te bied van die trauma wat ŉ slagoffer van sekshandel beleef, gee hierdie hoofstuk aanvanklik aandag aan die ooreenkomste tussen sekshandel en seksuele misbruik van die adolessent. In ŉ poging om ŉ groter perspektief op hierdie ervarings te bied word daar vervolgens gekonsentreer op die effek wat sekshandel op die ontwikkeling van seksualiteit tydens adolessensie het. Hierop volg ŉ bespreking van seksualiteit as deel van die ontwikkelingsfase van die adolessent waartydens die adolessent bewus raak van hulle seksualiteit, asook die samelewing se verwagtinge ten opsigte van bepaalde seksuele rolle. Dus word die sosiale ontwikkeling bespreek omdat dit die adolessent help of verhinder met die ontwikkeling op nie net die fisiese en kognitiewe ontwikkeling nie, maar ook op die seksuele gebied. Die kognitiewe en fisiese ontwikkeling is beide dramaties vir ŉ adolessent. Dit is belangrik om ŉ geheelbeeld te skets oor wat die ontwikkelingstadiums inhou.

3.2 Ontwikkeling van seksualiteit tydens adolessensie

Per definisie volgens Louw, Louw & Ferns, (2007:288) is adolessensie ŉ tyd van oorgang. Tydens die oorgang van die kinderjare tot volwassenheid leer die adolessent deur eksperimentering, waarneming en deur die toeval. Die adolessent raak meer bewus van sy/haar seksualiteit tydens puberteit. As gevolg van hulle gebrek aan ervaring is hulle gewoonlik geneig om nié ŉ volwasse oordeel te kan fel nie. Verkeerde besluite word derhalwe geneem. Die adolessent se ouderdom maak soms hom/haar ŉ maklike teiken ten opsigte van hulle naïwiteit en maak hom/haar gevolglik uiters vatbaar vir dwang en misbruik (Hanna, 2002:12). Hieronder word die verskillende aspekte van die ontwikkeling van die adolessent se seksualiteit bespreek. Eerstens word fisiese ontwikkeling bespreek, wat ŉ groot rol speel in ŉ adolessent se ontdekking van seksualiteit.

3.2.1 Fisiese ontwikkeling

Die ontwikkeling tot seksuele rypheid word gekenmerk deur vroeë adolessensie en omvattende en vinnige ontwikkeling en groei (Louw *et al*., 2007:283). Tydens puberteit (seksuele rypwording) verander die liggaam en groei vinnig, en fisiese veranderinge wat verband hou met seksuele funksionering vind plaas. Adolessente bereik dan ŉ volwasse-grootte liggaam en is in staat daartoe om ŉ nageslag voort te bring. Die ontwikkeling wat plaasvind, kan binne én buite die liggaam waargeneem word. Primêre seksuele eienskappe behels die veranderende geslagsorgane. Die seksuele kenmerke wat sigbaar is aan die buitekant van die liggaam word sekondêre seksuele eienskappe genoem en dien as bykomende tekens van seksuele volwassenheid (Berk, 2009:200). Een van die mees dramatiese gebeurtenisse in ŉ mens se ontwikkeling gaan gepaard met puberteit. Die bewuswording van die verandering wat in die liggaam plaasvind, is nie vir alle adolessente maklik om te hanteer nie. Indien die adolessent die fisiese verandering in hulle liggaam aanvaar, vind ŉ belangrike ontwikkelingstaak plaas (Louw *et al.,* 2007:285).

ŉ Aspek wat ŉ groot deel van die moderne adolessent se lewe in beslag neem, is die vorming en handhawing van gesonde verhoudings en rein ontwikkeling op seksuele gebied. Seksuele ontdekking en seksuele uitdrukking was nog altyd ŉ deel van die volwasse persoon, maar oor die afgelope eeu het die pad na volwassenheid veel komplekser geword (Kaethler, 2008:41). Seksuele volwassenheid en normale volwassenheid is tradisioneel met mekaar verbind ten opsigte van identiteit, ontdekking en prestasie, maar is deesdae dikwels verwyder van mekaar: Die adolessent jaag roekeloos seksuele volwassenheid na, terwyl die uitstel van tradisionele merkers van volwassenheid agterweë gelaat word. Biologiese en kulturele druk het gelei tot ŉ groter soeke na voorhuwelikse seksuele aktiwiteite. Intussen het die pad na volwassenheid waarskynlik langer, wyer en gevaarliker geword as wat dit nog ooit voorheen was. Tydens puberteit word adolessente bewus van die omvangryke liggaamlike ontwikkeling wat binne hulle plaasvind en hulle raak meer bewus van hulle seksualiteit. Hulle interpersoonlike verhoudings vorm deel van hierdie ontluikende seksualiteit en die vorming van hulle seksuele oriëntasie sal ook tydens hierdie fase plaasvind.

Die oorheersende seksuele gedragspatroon van die adolessent kan gesien word as sy/haar seksuele oriëntasie, met ander woorde sy/haar voorkeur vir seksuele aktiwiteite met ʼn persoon van dieselfde geslag (homoseksualiteit), die teenoorgestelde geslag (heteroseksualiteit) of vir beide geslagte (biseksualiteit) (Louw, *et al*., 2007:88).

Seuns ontwikkel ʼn negatiewe gesindheid teenoor meisies en vroue deur mentors of hulle maats wat aan hulle vertel dat die vroulike geslag fisies swakker is. Die meisies beskik ook nie oor belangrike deugde soos moed, krag en rasionaliteit nie. Die negatiewe siening van meisies dra by daartoe dat seuns meisies nie respekteer nie. Dit wat seuns dink van meisies as minderwaardig, kan maklik oorgaan in hulle behandeling van meisies as minderwaardige wesens (Buchwald, Fletcher & Roth, 2005:215). Vervolgens word kognitiewe ontwikkeling tydens adolessensie bespreek.

3.2.2 Kognitiewe ontwikkeling

Tydens puberteit begin adolessente nie net soos volwassenes lyk nie, maar hulle begin ook soos volwassenes optree en dink. Daarna kan verwys word as hulle kognitiewe ontwikkeling. Gedurende hierdie ontwikkelingstydperk is beide die liggaamlike en kognitiewe ontwikkeling vir adolessente baie dramaties.

Die kognitiewe ontwikkeling het ʼn invloed op hulle skoolprestasie, maar ook op hulle lewe in die geheel (Louw *et al.,* 2007:298). Hulle sal op sosiale gebied ondersoek instel na verskillende politieke en godsdienstige stelsels, asook na verskeie waardestelsels. Vir die adolessente is hulle eie ervarings “uniek”. Veder is hulle van mening dat niemand anders sal verstaan hoe hulle voel nie, byvoorbeeld om verlief te wees nie. Daarom sal hulle dikwels iets sê soos: “My ouers verstaan my nie”. Hulle egosentriese siening dat hulle uniek en onkwesbaar is, is dikwels die rede vir hoërisikogedrag. Byvoorbeeld ʼn meisie wat seksueel aktief is, maar nie voorbehoed-middels gebruik nie. Die rede mag wees dat die meisie dink swangerskap is iets wat net met ander gebeur, en nie met haar sal gebeur nie (Louw, 1997:511). Adolessente is egter vandag al hoe meer in staat daartoe om betrokke te raak in die gemeenskap en beskik oor die vermoë om hulle in ʼn ander se rol in te leef en te ervaar wat ander dalk dink of voel (om hulleself in ʼn ander se posisie te plaas).

Hierdie ontwikkelingsvaardigheid veroorsaak dat adolessente baie sensitiewer is vir ander se sienings en menings oor hulle as persoon (Louw, 1997:512). Dus ontdek die adolessente iets van hulleself en begin meer nadink oor hulle doen en late. Die adolessent se kognitiewe ontwikkeling het dus ŉ bydra tot hulle seksuele oriëntasie.

3.2.3 Sosiale ontwikkeling en persoonlike (identiteits-) ontwikkeling

Die tipe ontwikkeling wat ŉ adolessent sal help of verhinder om te ontwikkel op fisiese, seksuele, kognitiewe, persoonlike, sosiale en morele gebied, kan slegs binne ŉ sosiale konteks plaasvind. Hulle identiteit word gevorm deur onder andere hulle ouers en die portuurgroep, wat beide deel van die adolessent se sosiale konteks vorm (Louw *et al.,* 2007:325).

Erik Erikson, aangehaal deur Louw *et al.* (2007:309), meen ŉ persoon se identiteit verwys na die bewustheid van hom/haar as ŉ unieke, onafhanklike persoon met 'n spesifieke plek in die samelewing. Dus moet die jeug definieer wie hulle is, wat vir hulle belangrik is en watter rigting hulle in die lewe wil inslaan. Identiteitsontwikkeling word deur Erikson die “identiteitskrisis” genoem. Dit behels ŉ tydperk van tydelike verwarring waartydens die jeug waardes bevraagteken, die lewe verken en met alternatiewe rolle eksperimenteer ten einde ŉ eie stel waardes en doelwitte te ontwikkel. Vrae en eksperimentering is volgens Erikson nie negatiewe ontwikkeling nie, maar deel van die vorming van ŉ sosiale identiteit. Hierdie tydperk word die psigososiale moratorium genoem en is die tydperk waartydens adolessente hulle rol as toekomstige volwassenes probeer vind. Verskeie identiteite word tydens hierdie psigososiale moratorium getoets deur ondersoek na die self, verskillende beroepe en ideologieë in te stel, oor verskillende rolle te fantaseer en met ander persone en heldefigure te identifiseer (Louw *et al*., 2007:309). Die vorming van ŉ eie identiteit word gesentreer rondom sekere temas, naamlik die vestiging van ŉ geslagsrol, verhoudings, die huwelik, godsdiens, politiek, ŉ waardestelsel, outonomie van ouers, sosiale verantwoordelikheid en werksrolle (Louw, 1997:516).

Om jouself te begryp, is dus ŉ fundamentele mensereg wat reeds vroeg in ŉ mens se lewe na vore kom en dwarsdeur ŉ mens se lewe teenwoordig is. Die konstruksie van identiteit is ŉ lewenslange proses, maar die vroeë kinderjare is die kritieke tydperk om die grondslag daarvoor te lê.

Volgens Erikson, wat Louw aanhaal, kom die identiteitsontwikkelingskrisis vroeg in adolessensie voor en hierdie krisis word eers tussen die ouderdom van vyftien en agtien jaar opgelos. Navorsing het egter aangetoon dat die meeste adolessente hierdie krisis eers teen laat adolessensie ervaar en Erikson se standpunt is dus té optimisties. Navorsingsbevindinge toon dat slegs 4% van adolessente op vyftienjarige ouderdom en slegs 20% op agtienjarige ouderdom werklik seker van hulle eie identiteit is (Louw *et al.,* 2007:311). Navorsing dui ook aan dat die adolessent nie gelyktydig op alle gebiede hulle identiteit vorm nie, wat teenstrydig is wat Erikson beweer, naamlik dat daar bevind is dat ʼn beroepskeuse byvoorbeeld ʼn sterk sin van identiteit kan wees, terwyl daar terselfdertyd ʼn identiteitsoeke is na byvoorbeeld geslagsrolle, godsdiens, waardes en politieke ideologieë (Louw *et al.,* 2007:311). Seksualiteit en identiteit staan in ʼn noue verband met mekaar. Die adolessent se seksualiteit ontwikkel tydens die fisiese ontwikkelings- en die kognitiewe stadium en dit bepaal dan hulle afsonderlike rol as meisie en seun.

Die begrip volgens Ahn (2011:415-417) van wie ʼn mens in die vroeë kinderjare is, sal die weg baan om jouself as beduidende menslike wese te erken. Wanneer adolessente besluiteloos is oor hulleself en hulle rol in die lewe, ontstaan identiteitsverwarring, want hulle kan nie die verskillende rolle wat hulle moet aanneem, integreer nie. Wanneer hulle dus met teenstrydige waardesisteme gekonfronteer word, beskik hulle nie oor die vermoë of die selfvertroue om besluite te neem nie. Die gevolg is angstigheid, onverskilligheid of vyandigheid teenoor rolle of waardes (Louw *et al*., 2007:310).

Vir baie verteenwoordig die stadium van identiteitsvorming (dit sluit in fisiese en kognitiewe ontwikkeling), soos vroeër genoem, ʼn krisis en die proses is baie moeilik en duur langer vir dié persone as vir ander. Erikson (1968:83) het ʼn bord in ʼn kroeg raakgesien wat hierdie gedagte goed vergestalt: “Ek is wat ek behoort te wees, ek is nie wat ek gaan wees nie, maar ek is nie wat ek was nie …” Hy het geglo dat hierdie traumatiese tydperk wel kan geskied deur ʼn gesonde proses: Aan die einde van hierdie tydperk vorm die individue uiteindelik ʼn stabiele persoonlike en sosiale identiteit. Dit beteken egter nie noodwendig dat die individu aanvanklik ʼn versteurde persoonlikheid of ʼn sielkundige afwyking gehad het nie (Louw, 1997:517).

Gesonde identiteitsvorming vind volgens Erikson op twee maniere plaas, soos aangehaal deur Louw (1997:517): (1) Sommige tieners gaan maklik deur hierdie stadium en vestig redelik vinnig en met gemak hulle identiteit. Hulle weet wie hulle is en wat hulle uit die lewe wil hê en is in staat daartoe om hulle eie waardestelsel aan te neem. (2) Ander tieners raak betrokke in ’n proses van bevraagtekening, verkenning en eksperimentering. Hulle bevraagteken die waardes waarmee hulle grootgeword het en eksperimenteer met nuwe waardes. Volgens Erikson is daar ook twee maniere waarop identiteitsvorming op ’n ongesonde manier kan plaasvind: (1) Sommige adolessente ontwikkel ’n negatiewe identiteit: Hulle het ’n lae selfbeeld, ’n onduidelike sin van hulle waardes en wie hulle is en het ’n gebrek aan duidelike doelwitte. (2) Ander neem ’n identiteit aan sonder om dit te bevraagteken. Hulle neem byvoorbeeld die waardestelsel van hulle ouers aan en ontwikkel nie hulle eie waardestelsel nie (Louw, 1997:517).

Erikson (1974:94) het ’n diagram ontwikkel om die reeks fases in identiteitsvorming wat geleidelik plaasvind, voor te stel. Die diagram is met ander woorde ’n formalisering van die vordering wat oor ’n tydperk plaasvind in die adolessent se lewe. Die implikasie van so ’n identiteitsontwikkelingsmodel is dat elke item verband hou met al die ander dele om gesonde persoonlikheidsontwikkeling te bewerkstellig. Elke opeenvolgende identiteitsontwikkelingstap impliseer ’n potensiële krisis, want dit vereis telkens ’n radikale identiteitsontwikkelingsverandering. Erikson (1974:96) beskou hierdie krisis as ’n manier om te ontwikkel. ’n “Krisis” word nie noodwendig as sleg beskou nie, maar word gesien as ’n keerpunt, ’n deurslaggewende tydperk van verhoogde kwesbaarheid én verhoogde potensiaal.

Erikson (1959:55; 1974:95-141) beskryf die ontwikkeling van ’n gesonde persoonlikheid as ’n lewensiklus wat uit verskillende stadiums saamgestel is. Hy stel die volgende fases voor:

Fase 1: Babajare: Basiese vertroue teenoor basiese wantroue.

Fase 2: Die vroeë kinderjare en die wil om jouself te wees. Outonomie teenoor skaamte en twyfel.

Fase 3: Kinderjare en die afwagting van rolle (speelstadium): Inisiatief teenoor skuldgevoelens.

Fase 4: Skoolouderdom en taakidentifikasie: Ywer teenoor minderwaardigheid.

Fase 5: Adolessensie: Identiteit teenoor identiteitsverspreiding. (Dit is van kardinale belang in die proses van ontwikkeling en rypwording.)

Fase 6: Na die identiteitvormingstydperk (jong volwassenes): Intimiteit en losmaking/differensiasie teenoor selfabsorpsie.

Fase 7: Volwassenheid: Voortplanting teenoor stagnasie.

Fase 8: Volwassenheid (hoë ouderdom): Integriteit teenoor wanhoop en afgryse.

Bogenoemde fases fokus nie net op die krisisse nie, maar ook op die vrae wat gevra word, naamlik (Ratele & Duncan, 2003:134):

- Kan ek op ander staat maak?
- Kan ek dit doen?
- Is ek goed genoeg?
- Is ek geskik en aanvaarbaar?
- Wie is ek?
- Hou mense van my? Kan hulle my lief hê?
- Is ek ŉ goeie ouer en werker?
- Was my lewe die moeite werd?

Die navorser se afleiding van die fases en krisisse is dat die adolessent ŉ positiewe of ŉ negatiewe, of beide, identiteite kan vorm. Dit sluit in hulle seksualiteit, kognitiewe ontwikkeling en rol in die samelewing. Die navorser wil fokus op die adolessent wat in sekshandel beland en nog steeds bogenoemde fases en krisisse moet hanteer saam met die trauma van sekshandel. Die kanse is goed dat die adolessent eerder die volgende kenmerke sal openbaar as gevolg van die krisisse wat ervaar word as gevolg van sekshandel:

- Wantroue
- Skaamte en twyfel
- Skuldgevoelens
- Minderwaardigheid
- Wanhoop en afgryse

Met bogenoemde in gedagte, is die vorming van identiteit volgens Louw & Edwards (1997:516) ter sprake. Dit word gesentreer rondom die vestiging van geslagsrolle, verhoudings, die huwelik, godsdiens, politiek, ʼn waardestelsel, outonomie van ouers, sosiale verantwoordelikheid en werkrolle. Bogenoemde is faktore wat in ag geneem moet word as identiteit en die ontwikkeling van die adolessent ter sprake is. In sekshandel kry die jeugslagoffer juis nie die geleentheid om ʼn positiewe identiteit en ontwikkeling te ondergaan nie. Dus kom dit voor in Louw & Edwards (1997:517) dat die adolessent ʼn negatiewe identiteit kan ontwikkel. Dit kan juis wees as gevolg van alledaagse situasies en omstandighede wat die jeug affekteer. Die volgende beskryf ʼn negatiewe identiteit:

- Lae selfbeeld,
- onduidelike sin van waardes,
- onduidelikheid oor wie hulle is,
- ʼn gebrek aan duidelike doelwitte,
- ʼn onvermoë om hulle eie waardestelsel te ontwikkel.

Na aanleiding van bogenoemde het die seksualiteit en identiteit van die adolessent ʼn invloed op die verdere ontwikkeling as persoon selfs tot en met die volwasse stadium. As gevolg van Erikson se fases waardeur elke adolessent gaan, is dit duidelik dat wanneer daar gekyk word na ʼn slagoffer van sekshandel, is daar ʼn moontlikheid dat die slagoffer die negatiewe fases van Erikson sal beleef.

Wanneer adolessente as slagoffers vasgevang word in sekshandel, word hulle in ʼn situasie geplaas waarin hulle ʼn identiteitskrisis beleef. Omdat dit reeds oor die algemeen en onder “normale” omstandighede vir die jeug ʼn uitdaging is om hulle identiteit te vind en te vorm, is dit des te meer vir die slagoffers van sekshandel moeilik en verwarrend om te verstaan waar hulle inpas.

As daar dus gekyk word na bogenoemde, vind daar tydens die adolessent se ontwikkeling verreikende krisisse plaas in sy/haar lewe. Hulle fisiese grootte en vorm verander dramaties, kognitiewe vaardighede ontwikkel en hulle betrokkenheid op sosiale vlak, asook hulle standpunte oor hulleself, speel ŉ groot rol tydens hierdie fase (Louw & Edwards, 1997:505). Die groep adolessente wat in sekshandel vasgevang word, gaan dus ook deur hierdie ontwikkelingstadiums. Kindermishandeling, seksmishandeling, verkragting, geweld, dwelms en siektes vorm alles deel van sekshandel. Dit word deel van hierdie slagoffers terwyl hierdie adolessente alreeds deur ŉ periode van "storms and stess" gaan tydens hierdie ontwikkelingstadium. Die navorser wil vervolgens aantoon dat die adolessente van sekshandel deur moeiliker tydperke as deel van die ontwikkelingstadium gaan met ŉ ekstra verwerking van die krisis as gevolg van sekshandel. Dit kan ŉ negatiewe invloed op die adolessent se ontwikkeling hê, want sekshandel beïnvloed die hele ontwikkelingsproses en veral die seksualiteit van die adolessent.

Margaret Mead, ŉ antropoloog, noem dat die kulturele en sosiale omgewing ŉ belangrike rol speel in die vorming van die gedrag en ervarings van die adolessent (Louw & Edwards, 1997:505). Hierdie stelling is veral van toepassing op die slagoffers van sekshandel waar hulle omgewing en omstandighede ŉ groot impak op hulle emosies, gedrag en lewe het. Volgens Louw en Edwards (1997:516) het Erikson geglo dat elke stadium waardeur die individue gaan in sy/haar leeftyd, ŉ stadium van spesifieke ontwikkeling is. Dit is ŉ prominente kenmerk van die lewenstadium om sy/haar identiteit te ontdek. Alhoewel hierdie stadium nie begin of eindig tydens adolessensie nie, vorm dit ŉ groot deel van hierdie tydperk. Derhalwe is dit van groot belang om die negatiewe effek van sekshandel op die adolessent se lewe te bespreek.

3.3 Die ooreenkomste tussen sekshandel en seksuele misbruik in die adolessent se lewe

Daar is verskillende tipes fisiese en sielkundige misbruik/mishandeling. Daarom is dit moeilik om die term "misbruik" te definieer aangesien dit ŉ wye veld dek.

Enige geslaagde of ongeslaagde poging om teenoor ʼn kind ʼn seksuele daad te pleeg, word volgens die *American Center for Disease Control and Prevention* (hierna CDC) as seksuele mishandeling beskou. Selfs seksuele interaksie sonder enige fisiese kontak tussen ʼn volwassene en ‘n kind word volgens Murray, Nguyen en Cohen (2014:322) as uitbuiting beskou. Selfs om die kind aan pornografiese materiaal en seksuele aktiwiteite bloot te stel en seksuele foto’s of video’s van hom/haar te neem, sorteer ook onder seksuele teistering, prostitusie of sekshandel (Murray *et al.*, 2014:322). Die CDC verskaf spesifieke definisies vir elk van die onderskeie seksuele dade. Hulle onderskei byvoorbeeld tussen seksuele kontak deur middel van penetrasie en onvanpaste seksuele kontak deur middel van streling en aanraking sonder enige penetrasie. Die seksuele aanranding wat teenoor kinders gepleeg word, sluit verkragting, bloedskande en kommersiële uitbuiting in. Al hierdie aspekte kan onder die sambreelterm “seksuele misbruik” ressorteer en Murray *et al.* (2014:322) maak ook van hierdie term gebruik in hulle artikel oor slagoffers van hierdie tipe misbruik en ervarings.

Wanneer ʼn kind betrek word by seksuele dade waarvoor hy/sy nie toestemming kan gee nie, omdat hy/sy nie ten volle verstaan waarby hy/sy betrokke is nie, word dit ook geklassifiseer as seksuele mishandeling. Hierdie seksuele mishandeling geskied tussen ʼn kind en ʼn volwassene of ʼn ander kind wat verder ontwikkel en ouer is as die slagoffer en wat verantwoordelik is vir die jonger kind, tot seksuele bevrediging van die (meer) volwasse persoon ten koste van die kind. Dit sluit onder andere in om ʼn kind uit te lok of te dwing om betrokke te raak by enige onwettige seksuele aktiwiteite, die uitbuiting van kinders en om hulle te gebruik in kinderarbeid, prostitusie of ander seksuele praktyke en om kinders te gebruik vir die vervaardiging van pornografiese materiaal. Vervolgens die Child Sexual Abuse (CSA) het trauma ʼn kulturele bevestiging geword vir nood en siektes (Cutajar, Mullen, Ogloff, Thomas, Wells & Spataro, 2010:1114). ʼn Wanopvatting wat bestaan, is dat seksuele mishandeling van kinders ʼn rare gebeurtenis is, wat slegs deur manlike vreemdelinge teenoor meisies gepleeg word. Die opvatting is verder dat dit gewoonlik in die slegter areas van stede plaasvind. Seksuele mishandeling van kinders is egter wêreldwyd ʼn algemene verskynsel wat miljoene meisies én seuns uit verskillende gemeenskappe, kulture en sosio-ekonomiese omstandighede skade berokken.

Verder word hierdie wandade dikwels deur die slagoffers se familielede of mense wat hulle ken, gepleeg. Hierdie dade word deur mans en vroue gepleeg (Murray *et al*., 2014:322).

Na aanleiding van bogenoemde wil die navorser seksuele mishandeling van ʼn kind en ʼn adolessent in verband bring met sekshandel. Net soos kinders of adolessente uitgelok word om betrokke te raak by ander aktiwiteite wat op die oog af onskuldig lyk, word die slagoffers van sekshandel ook uitgelok deur sekshandelaars. Hierdie jongmense word dan uitgebuit en vir arbeid gebruik. Seks is die arbeid wat hulle moet verrig en hulle word ook onder andere vir die vervaardiging van pornografiese films gebruik. Die adolessent wat by die sekshandelbedryf betrek word, gee egter nie toestemming aan die handelaar om hom/haar te verkoop, om met hom/haar seks te hê en seksueel misbruik te word nie. Hierdie aspekte het almal ʼn traumatiese gevolg in die adolessent se lewe.

3.3.1 Mishandeling onder die ouderdom van agtien jaar

Mishandeling van jongmense onder die ouderdom van agtien jaar staan bekend as kindermishandeling**.** Dit behels fisiese of geestelike mishandeling en/of besering, verwaarlosing asook seksuele uitbuiting. Volgens die *National Clearing House of Child Abuse and Neglect Information*, behels hierdie seksuele misbruik van kinders die onvanpaste gedrag van ʼn adolessent of volwassene deur seksuele dade met ʼn kwesbare kind te pleeg vir sy/haar eie bevrediging en/of genot. Dit sluit nie slegs seks (met penetrasie) in nie, maar ook die betasting en ontbloting van ʼn kind se geslagsdele. Die seksuele misbruik van ʼn kind kan ook behels dat hy/sy geforseer word om ʼn volwassene se geslagsdele te betas of met die volwassene omgang te hê, bloedskande te pleeg, verkrag te word, sodomie te pleeg en blootgestel te word aan pornografie. Emosionele mishandeling deur middel van verbale en nie-verbale handeling kan ook plaasvind. Dit behels byvoorbeeld om die kind te verneder deur hom/haar te bespot of te kritiseer. Hierdie tipe woorde en verwaarlosing kan ernstige skade aan ʼn kind berokken (Collins, 2007:400).

3.3.2 Gevolge van seksuele misbruik gedurende adolessensie

Finkelhor en Browne (1985:531-532) het bevind dat ŉ gevoel van stigmatisering en selfblaam die denkpatroon van volwasse vroue wat in hulle adolessente jare seksueel misbruik is, oorheers. In 1985 het Finkelhor en Brown die *Traumagenic Dynamics Model of Child Sexual Abuse* ontwikkel. Hulle stel deur middel van hierdie model die traumatiese verandering in kinders se kognitiewe en emosionele oriëntasie tot die wêreld voor. Hulle beweer dat hierdie trauma die kind se selfbeeld, hulle wêreldbeskouings en emosionele vermoëns verwring (Finkelhor & Browne, 1985:531). Finkelhor en Brown is van mening dat daar vier traumatiese dinamika ontstaan wanneer ŉ kind mishandel word, naamlik: (a) stigmatisering; (b) verraad; (c) magteloosheid en (d) traumatiese seksualisering. “Stigmatisering” verwys na negatiewe konnotasies. Dit behels negatiewe woorde wat na hulle ervarings aan die kind gekommunikeer word, en wat dan hulle selfbeeld beïnvloed. Dit is woorde soos “sleg, skaamte en skuld”. “Verraad” verwys na die dinamiese ervaring wat die kind beleef wanneer hy/sy ontdek dat die persone van wie hy/sy afhanklik is, hulle skade berokken. “Magteloosheid” verwys na die proses waarin die kind ontdek dat sy/haar begeertes, wil en waardes voortdurend misken word. “Traumatiese seksualisering” verwys na die seksuele mishandeling van die kind deur onvanpaste en interpersoonlike blootstelling aan seksuele aktiwiteite.

Onlangse studies oor seksuele misbruik in die kinderjare het getoon dat hierdie misbruik baie nadelige gevolge vir die adolessent se ontwikkeling het. Sommige gevolge van seksuele mishandeling het ŉ voortdurende impak op die kind se ontwikkelingstadium, terwyl ander slegs aan sekere ouderdomme gebonde is. Skuld het byvoorbeeld deurgaans ŉ negatiewe uitwerking op die ontwikkeling van die adolessent tot volwassenheid. Die teenwoordigheid van depressie kan hieraan toegeskryf word. Daar is byvoorbeeld bevind dat seksueel mishandelde kinders gediagnoseer word met tydperke van diepgaande depressie, psigose en/of angsversteurings (Beitchman, Zucker, Hood, DaCosta & Akman, 1991:546). Daar is ook deur Beitchman *et al.,* (1991:552) gevind dat ŉ swak selfbeeld, selfmoordgedagtes, en swak gedrag direk aan seksuele mishandeling gekoppel kan word.

Slegte gedrag soos om weg te hardloop, stokkies te draai, alkohol en/of dwelms te gebruik en ŉ losbandige lewe te lei is simptome wat direk verband hou met seksuele mishandeling van die adolessent.

Alhoewel dit moeilik is om te veralgemeen, is daar genoeg bewyse om wel die volgende gevolgtrekkings ten opsigte van seksueel mishandelde kinders te maak (Beitchman *et al*., 1991:552):

1. Die ontwikkeling van verkeerde sekuele gedrag is meer waarneembaar by slagoffers van seksuele mishandeling as by dié wat nie mishandel is nie. Die mishandeling veroorsaak dat kinders ŉ verhoogde belangstelling in en beheptheid met seks ontwikkel. Maniere hoe daar hieraan uiting gegee word, is byvoorbeeld deur masturbasie, seksuele spel, verleidelike of seksueel aggressiewe gedrag. Hierdie kinders het ook gewoonlik onvanpaste kennis oor seksuele aspekte vir hulle ouerdom. Tieners toon tipiese losbandige gedrag en ŉ abnormale hoeveelheid kontak met homoseksueles.

2. Seksuele mishandeling tydens die kinderjare wat geweld en/of penetrasie insluit.

3. Hoe langer en hoe meer gereeld die seksuele mishandeling voortduur hoe ernstiger is die gevolge daarvan.

4. Daar is ŉ groter geneigdheid dat slagoffers van seksuele mishandeling uit gesinne kom met huweliksprobleme, egskeidings en ouers wat dwelms of alkohol misbruik of psigiatriese versteurings het.

Volgens Louw en Edwards (1997:516) word die mens se selfbeeld bedreig deur fisiese volwassenheid, die veranderinge wat plaasvind in kognitiewe prosesse en die verandering van sosiale eise en rolle soos ŉ mens ouer word. Dus kan gesê word dat dit baie belangrik is dat die adolessent se identiteit ontwikkel sodat hy/sy al hierdie verskillende aspekte kan organiseer en integreer in sy/haar lewe sodat ontwikkeling kan plaasvind.

3.4 Die effek en trauma van sekshandel en seksuele misbruik op ʼn adolessent

Die uitwerking (Collins, 2007:406) wat misbruik op ʼn mens het hang in ʼn groot mate af van ʼn mens se ouderdom, persoonlikheid, geslag, vorige ervarings asook die tipe mishandeling wat ervaar is. Daar word geskat dat 25 miljoen mense wêreldwyd as prostitute werk, waarvan die helfte kinders van albei geslagte is. Baie van hierdie slagoffers werk in bordele, veral in Asië en Wes-Europa. Hulle lewe is in wanhoop gedompel, en hulle ly aan depressie, is eensaam en verslaaf aan alkohol en dwelms (Collins, 2007:406). Beraders noem dat seksuele misbruik postseksuele misbruiksindroom tot gevolg het wat angs, woede, slaapversteurings, seksuele disfunksies, verslawing asook ʼn baie lae selfbeeld kan veroorsaak. Die ervarings wat hierdie slagoffers beleef het, veral as hulle baie jonk was, lei tot probleme later in hulle lewe en hulle denke, optredes, gevoelens en spiritualiteit word direk beïnvloed deur die lyding en misbruik wat hulle ervaar het. Hulle pas byvoorbeeld moeilik in die samelewing aan en is meer geneig om betrokke te raak by misdaad (Collins, 2007:406).

3.4.1 Die impak van sekshandel op lewensgehalte

Huishoudelike geweld is ʼn skrikwekkende ervaring vir enige kind (Edleson, 1999, aangehaal in O'Toole, Schiffman & Edwards, 2007:298). Dit het ʼn beduidende invloed op die manier waarop die kind sy/haar wêreld verstaan ongeag of hy/sy die geweld hoor, sien of die gevolge daarvan ervaar. Collins (2007:409) noem dat so ʼn kind onnatuurlik bang, depressief, ooraktief en aggressief is, dikwels blyk om ondervoed te wees en hom/haar dikwels van die samelewing onttrek. Die kind sukkel om te konsentreer en toon dikwels geen belangstelling nie. Beide seuns en meisies wat aan huishoudelike geweld onderwerp is toon tekens van post-traumatiese stresversteurings soos angs, depressie en slaapversteurings (Fremont, 2004:381). Volgens Fremont (2004:382) reageer kinders verskillend op traumatiese gebeure. Meisies is geneig om ʼn lae selfbeeld te ontwikkel en seuns tree gewoonlik meer vyandig en aggressief op. Hierdie simptome word volgens McNeal en Amato (1998: 123-139) oorgedra in die volwasse lewe van kinders wat uit gewelddadige huishoudings kom.

Die slagoffer se ouderdom en/of ontwikkelingsvlak asook hy/sy verhouding met die oortreder het ŉ groot impak op sy/haar emosionele, fisiese en sielkundige optrede en gedrag. Soos daar hierbo bespreek word, word hierdie kinders se lewe gekenmerk deur bekommernisse en slegte herinneringe. Hierdie probleme kan egter mettertyd oorbrug word met die nodige emosionele ondersteuning.

Depressie (Collins, 2007:406) is ŉ algemene verskynsel onder slagoffers van sekshandel. Die slagoffers ervaar vrees om met ander mense in aanraking te kom. Verskeie slagoffers wat ondervra is, het genoem dat hulle gevoelens nie in ag geneem word nie en hulle is geskend deur miskenning. Hulle het ook genoem dat hulle vuil, kwesbaar en bang voel. Hulle het ook genoem dat hulle selfbejammering, asook ŉ gebrek aan vertroue ervaar. Vroeër is Erikson se krisisse bespreek waar daar genoem word dat vertroue en die teenoorgestelde daarvan, verraad, ŉ invloed op ŉ adolessent uitoefen. In die geval van ŉ sekshandel-slagoffer sal vertoue in hulle toekoms ŉ groot probleem wees, omdat hulle nie weer maklik iemand sal vertrou nie. Dit het tot gevolg dat hulle oor ŉ lae selfbeeld sal beskik en hulleself as waardeloos, onaantreklik, onbevoeg en onaanvaarbaar vir ander sal beskou. Ongelukkig tree mense wat negatief oor hulleself dink, dienooreenkomstig op (Collins, 2007:406).

Om die spanning te hanteer, sal die slagoffers probeer om in ontkenning te leef. Hulle sal probeer om die trauma van die mishandeling te hanteer deur met hulle lewe voort te gaan asof niks met hulle gebeur het nie. Volkome genesing kan dan nie plaasvind nie, want die trauma sal voortduur as dit nie aangespreek en behandel word nie (Collins, 2007:408). Soos reeds genoem, is die mees algemeen identifiseerbare probleem wat na aanleiding van seksuele aanranding ontstaan, post-traumatiese stresversteuring (PTSV). O'Toole *et al*. (2007:301) haal Barnett, Miller-Perrin en Perrin (2005) en Baynard, Williams, Siegel en West (2002) aan wat noem dat adolessente meisies wat seksueel uitgebuit word moet probeer om te ontsnap uit die situasie, aangesien hulle ŉ hoë risiko loop om swanger te raak en seksueel oordraagbare siektes op te doen. Baie kinders noem die blootstelling aan pornografie en prostitusie as iets wat hulle ontvanklik maak vir seksuele aktiwiteite.

Die globale ekonomie spoor vrye handel aan wat uitgebreide reise en die kommersiële uitbuiting van kinders deur middel van die internasionale sekstoerisme-bedryf makliker maak. Dit is wêreldwyd ŉ groeiende bekommernis (O'Toole *et al*., 2007:301).

Daar moet ook in ag geneem word dat sekshandel nie slegs ŉ uitwerking op die slagoffers se lewe het nie, maar ook op dié van hulle familielede, kêrels/meisies en vriende. Hierdie mense ervaar ook woede, verwarring, vooroordeel, afgryse, verleentheid en ŉ gevoel van algehele magteloosheid (Collins, 2007:407).

3.4.2 Selfveragting

Slagoffers van kindermishandeling deel moeilik die pyn van hulle mishandeling met iemand anders. Dit is ŉ geheim in hulle lewe wat baie moeilik openbaar gemaak word. Volgens Collins (2007:410) is dit verstaanbaar dat die slagoffers van mishandeling as volwassenes steeds die pyn van kindermishandeling in hulle ronddra. Direk na die misbruik plaasgevind het, is daar tye in die slagoffer se lewe waarin hulle hulle vrees, woede, angs, ongeloof en skok toon deur te huil, onbedaarlik te snik, spanning te beleef, naar te word en rusteloos te wees. Tydens hierdie tydperk vrees die slagoffer in die besonder vir sy/haar veiligheid en ervaar selfverwyt omdat hy/sy nie meer terugbaklei het en weerstand gebied het nie (Collins, 2007:411). Baie van die slagoffers ervaar ook irrasionele vrese, nagmerries en rusteloosheid. Hulle probeer egter hierdie simptome wegsteek deur kalm op te tree. Psigotiese versteurings, selfmoordneigings en oormatige drinkgewoontes en dwelmgebruik ontstaan gevolglik by hierdie mense, waarvan die laasgenoemde twee aspekte gewoonlik pogings is om te ontvlug van die skuld en slegte herinneringe wat hulle ervaar (Collins, 2007:412).

Om met al hierdie herinneringe en skuldgevoelens opgeskeep te sit is ŉ afwyking van God se plan vir die mens. Die gewelddadige seksuele gebruik van een mens deur ŉ ander is dus ŉ totale miskenning van God se liefdesplan vir sy kinders.

3.4.3 Emosionele en gedragsprobleme

Kinders ontwikkel verskillende soorte emosionele en/of gedragsprobleme as gevolg van trauma in hulle lewe. Dit kan verdeel word in gedragsprobleme en waarneming (Cohen & Mannarino, 2008:158). Vervolgens word in tabel 1 ’n aanduiding gegee van die implikasies wat trauma op die adolesent het (UNICEF, 2012:108):

Tabel 1: Implikasies wat trauma veroorsaak

1. Physiacal abuse	2. Sexual absue	3. Emotional abuse	4. Neglect	5. Exploitation
Mental health outcomes - Increased somatization - Increased paranoid inaction - Psychoticism - Impairment of mental health - Depression - Onset of mental disorders - Anxiety - Self blame - ADHD - Suicide Ideation - Self harm - Attempted suicide	**Mental health outcomes** - Feeling sad or hopeless - Depression - Passive coping - Impairment of mental health - Intermittent explosive disorder - PTSD - Mood disorder - Obsessive compulsive - Loss of memory - Attention impairment - Lower plasma NPY levels - Dissociation and shame - SDHD - Psychoticism - Suicide ideation/attempt	**Mental health outcomes** - Anxiety - Depression - Anger-hostility - Low self-esteem - Common mental disorder - Anger - Fear - Hopelessness - Suicidal ideation - Attempted suicide - Self harm - Runaway impulse	**Mental health outcomes** - Onset of Mental disorders - Suicide ideation - Attempted suicide	**Mental health** - PTSD - Depression - Low self-esteem - Stigma
Physical health outcomes - Eating disorders - Pain disorders - Irritable bowel Syndrome - Functional Dyspepsia - Shortness of breath - Chest pain - Dizziness - Psychosomatic disorder - Injuries - Problem drinking - Abuse of medication - Use of psychoactive drugs - Illicit drug use - Poor appetite	**Physical health outcomes** - Genital-urinary symptoms - Shortness of breath - Chest pain - Dizziness - Had ever been drunk - Problem drinking - Vomit or take laxatives - Weight > 170lbs - Partners in lifetime >2 - Partners in last year >1 - Fear of being harassed - Concurrent partners - Sex to please partner - Early sex (16 or younger) - Premarital sex	**Physical health outcomes** - Psychosomatic Disorder	**Physical health outcome** - Current alcohol use - Problem drinking - Multiple partners (>3)	**Physical health outcome** - Have ever drank alcohol - Have ever smoked tobacco - STIs - HIV/AIDS - Unwanted pregnancy - Abortion **Violence** - Slapped or beaten - Abused with harsh Words
	Violence outcomes - Carrying a weapon - Delinquency - Lifetime prevalence of physical IPV - IPV in the last year - Hit hard by partner - Past year has been threatened/injured with a weapon at school - Physical sexual harassment - Verbal sexual harassment		**Violence** - IPV perpetration - Physically assaulting partner	**Impacts on education** - Non-school attendance - Dropping out of school
				Employment - Debt bondage - Unpaid wages - Long hours

Diegene wat uit sekshandel ontsnap, se lewe is verwoes deur hulle verskriklike ervarings en hulle staar ŉ opdraande stryd tot herstel in die gesig. Dit is merkwaardig dat slagoffers na hulle behandeling wel daarin slaag om op die ou end sterker na vore te tree (O'Connor, 2013:50).

As ŉ vergelyking getref word tussen stresvolle situasies en beproewing word stresvolle situasies gewoonlik beskou as iets wat makliker hanteer word. As ŉ mens misbruik word is daar geen manier om uit so ŉ situasie te ontsnap nie.

3.5 Riskante seksuele gedrag

Tenkorang en Gyimah noem dat die ouderdom van eerste seksuele omgang onder jong Suid-Afrikaners in Kaapstad, tussen 14 en 22 jaar is. Die verhouding van fisiese mishandeling in die vroeë kinderjare is in ŉ studie ondersoek deur Tenkorang en Gyimah (2012:508). Daar is bevind dat seuns wat op ŉ vroeë ouderdom misbruik is, gouer hulle eerste sekservaring beleef. Beide seuns en meisies wat in ŉ skool is of in ŉ omgewing woon en grootword waar baie geweld is, beleef ook gewoonlik gouer hulle eerste sekservaring. Na aanleiding van hierdie bevindinge, word Suid-Afrikaanse beleidmakers aangemoedig om die nodige inligting oor MIV/vigs en die oordrag daarvan reeds op ŉ vroeë ouderdom aan kinders te verskaf. Verskeie studies het getoon dat seksuele betrokkenheid vanaf ŉ vroeë ouderdom ŉ negatiewe uitwerking op die individu het en verskeie riskante gedragspatrone tot gevolg het. Riskante seksuele gedrag word dikwels volgens Tenkorang en Gyimah (2012:508) openbaar as iemand op ŉ vroeë ouderdom seksueel misbruik is. Dit gebeur as gevolg van emosionele onvolwassenheid, ŉ gebrek aan ervaring en kennis, kwesbaarheid vir uitbuiting, die moontlikheid van die besmetting met MIV/vigs en die ontbreking van die nodige kennis.

ŉ Studie oor die uitwerking van fisiese mishandeling van kinders in hulle vroeë kinderjare, *Physical abuse in early childhood and transition to first sexual intercourse among youth in Cape Town, South Africa,* het getoon dat die mishandeling tot probleme in die grootwordjare lei, byvoorbeeld probleme by die skool en ten opsigte van skoolbywoning. Problematiese gedragspatrone ontstaan en konvensionele gedragspatrone word minder dikwels later in die lewe van hierdie slagoffers opgemerk (Tenkorang & Gyimah, 2012:513).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.6 Samevatting

Die misbruik en uitbuiting van kinders ontstaan as gevolg van die feit dat hulle jonk is en kennis by hulle ontbreek oor hulle liggaam, die seksuele en die voortplantingstelsel. Adolessente beskik ook nie altyd oor die nodige kennis oor oordraagbare siektes en sekshandel nie. As gevolg van ’n gebrek aan ervaring, is adolessente verder gewoonlik geneig om nié ’n volwasse oordeel te fel nie en beskik nie altyd oor die vermoë of die selfvertroue om goeie besluite te neem nie. Gevolglik is hulle kwesbaar en loop die risiko om in sekshandel betrokke te raak. Die uitwerking wat sekshandel op die adolessent se lewe het, gaan gepaard met trauma. Hierdie trauma beïnvloed dan die ontwikkeling van die adolessent en het ook uiteindelik ’n impak op sy/haar volwasse lewe. Die jeug beleef reeds deur die loop van hulle ontwikkelingsjare krisisse. As die jeug wat rééds krisisse beleef en onseker is oor hulle seksuele identiteit, menswaardigheid en regte (hierdie aspekte word in die volgende hoofstuk behandel), dan slagoffers van sekshandel raak, kompliseer dit hulle ontwikkelingsproses en seksualiteit. Diegene wat wel uit die sekshandelbedryf ontsnap, se lewe is verwoes deur hulle verskriklike ervarings en staar ’n opdraande stryd tot herstel in die gesig. Die manier waarop dit hulle menswaardigheid aantas word in die volgende hoofstuk bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 4

Menswaardigheid en sekshandel

4.1 Inleiding

Ten einde reg te laat geskied aan die omvang van menswaardigheid as konsep word dit in hierdie hoofstuk vanuit ’n teologiese perspektief bespreek. Derhalwe val die klem op ’n Christelike definisie van menswaardigheid. Gevolglik word agtereenvolgens gefokus op ’n Christelike definisie van menswaardigheid, konsepte soos die mens as geskape na die beeld van God, terwyl ook Christus se lyding onder die loep kom sowel as inkarnasie. Verder word bespreek die liefde vir jou medemens wat die erkenning is van God se handewerk. Medeverantwoordelikheid word uitgelig aan die hand van plekdeling, inkarnasie, verhouding, verwantskap en vriendskap.

4.2 Teologiese perspektief op menswaardigheid

4.2.1 Christelike definisie van menswaardigheid

Vanuit ’n Christelike perspektief definieer Du Plessis (2010) menswaardigheid as volg:

> Menswaardigheid verwys na die toestand van die waardigheid van enige gegewe mens, of in die algemene sin van die woord, as die toestand van waardigheid wat aan die mens as sodanig betoon word (Du Plessis, 2010:582).

Menswaardigheid, (Louw, 2012:164)vanuit ’n Christelike perspektief, is derhalwe op die mensdom gerig: Dit behels regverdigheid en die uiteindelike verandering deur Goddelike genade (spiritualiteit), omring deur onvoorwaardelike liefde (geregtigheid en menseregte). Tot ’n sekere mate kan gesê word dat teologie nie daar is om God “aan die gang te hou” nie, maar om mense te help om hulle menswaardigheid te herontdek in die lig van die regverdigheid en die genade van God (Louw, 2012:164).

4.2.2 Geskape na die Beeld van God

Die konsep "menswaardigheid" verwys daarna dat die mens die reg het dat sy/haar status as mens gerespekteer moet word. Die mens is geskape na **die beeld** van God. Dus verwys "menswaardigheid" na die "hoogste waarde" van die mens.

In Ferreira (1996) omskryf regter Ackermann menswaardigheid soos volg deur onder meer Woolman en Bishop (2006) aan te haal:

> Human dignity cannot be fully valued or respected unless individuals are able to develop their humanity, their "humanness" to the full extent of its potential. Each human being is uniquely talented. Part of the dignity of every human being is the fact and awareness of this uniqueness. An individual's human dignity cannot be fully respected or valued unless the individual is permitted to develop his or her unique talents optimally. Human dignity has little value without freedom; for without freedom personal development and fulfilment are not possible (Woolman & Bishop, aangehaal in Ferreira, 1996; para 49).

> God values every person in a special way. Precisely in this way does God bestow every person with dignity that is stronger than differences brought about by achievement or ability. … [T]he equal dignity of all persons [is] grounded in God's unsearchable goodness (Huber, 2008:107, aangehaal deur Fourie, 2010:252).

Elke persoon word in God se oë as uniek gesien. God gee aan elkeen die waardigheid met die doel om ten volle mens te wees. Dus besit elke persoon waardigheid omdat elke mens na die beeld van God geskape is. Menswaardigheid behels dat die draer daarvan die verantwoordelikheid het om op 'n waardige manier op te tree teenoor hom/haarself, sy/haar medemens en die natuur, en op daardie manier God se morele roeping te vervul. Ander mense, maar ook instellings soos die staat, dra op hulle beurt die verantwoordelikheid om die menswaardigheid van daardie draer te respekteer, beide deur nie die ander persoon vernederend te behandel nie, en deur na die welsyn van daardie persoon om te sien. Die konsep menswaardigheid behels dus dat die werklikheid van menswaardigheid betoon moet word deurdat God weerspieël word in die vorm van selfrespek. Dit beteken dat die mens verantwoordelik is vir sy/haar eie morele gedrag én om ander met respek te behandel (De Villiers, 2010:268).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die vraag kan gevra word op grond waarvan alle mense in ’n spesiale waardigheid moet deel? In Christelike konteks is die antwoord op hierdie vraag hoofsaaklik dat almal geskape is na die beeld van God. As gevolg van die invloed van die Griekse filosofie word die beeld van God dikwels verstaan as ’n verwysing na die feit dat die mens oor rede beskik (De Villiers, 2010:267). In Protestantse kringe blyk dit dat die konsep “geskape na die beeld van God” as ’n relasionele interpretasie meer dui op die uiteensetting van hierdie konsep in Genesis (Gen 1:26-27).

> Toe het God gesê: “Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip.” God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.

Die Christelike tradisie is hoofsaaklik gefundeer op die Skriftuurlike beginsel dat die mens na die beeld van God (*imago Dei*) geskep is. Alle mense is beelddraers van God en dus moet die mens sy/haar medemens respekteer. Dít is wat as die diepere betekenis van *imago Dei* beskou word. Die menslike ras kan gesien word as ’n liggaam wat die *imago Dei* uitbeeld. Die mens het deur die genade van God skeppende talente ontvang (Leith, 1989:184) Derhalwe kan met oortuiging gesê word dat alle mense ’n inherente waarde het en deur God beskou word as mense met waarde. As gevolg van die *imago Dei* is daar volgens Barth (1961:116) ’n verbondsverhouding met God, en in hierdie verhouding verkry die mens ware menslikheid. Deur die uitlewing van hierdie menslikheid wat die mens van God ontvang het, word die *imago Dei* weerspieël en staan hy/sy dus in ’n verhouding met God en sy/haar medemens. Die mens is volgens Barth (1961:116) geskape om ’n verhoudingswese te wees, en deur in sy verhoudings uitdrukking van liefde en sorg te openbaar, toon die mens sy basiese waardigheid en (mede)menslikheid.

God verbied byvoorbeeld strafbare manslag en beklemtoon die bewaring van die mens se lewe in die Ou Testamentiese wette (Barth, 1961:344) omdat die doel van die mens is om te bewaar en om lewe te beskerm.

Menswaardigheid is baie duidelik teenwoordig in die konsep *imago Dei*, dit wil sê die aanspraak in Genesis 1:26-27 dat die mens, beide manlik en vroulik, geskape is na die beeld van God (Claassens, 2011:34). In Genesis 1:27 word daar bevestig dat die mens geskape is na die beeld van God. Dit is ’n belangrike aspek wat bepaal dat alle mense oor menswaardigheid beskik en menswaardig behandel moet word. Bybelkundiges het onlangs ondersoek ingestel na die presiese betekenis van wat dit is om na die beeld van God geskape te wees (Gross, 2001) en aangedui dat dit relevant is vir ’n etiese beoordeling van menswaardigheid. Hierdie waardigheid wat aan die mens toegeken word na aanleiding van hulle noue verband met God, bevestig dat die verhouding tussen God en die mens nie deur menslike wandade vernietig kan word nie. Selfs nie ’n afskuwelike morele wandaad soos moord kan hierdie verbintenis verbreek nie.

Toe Kain sy broer Abel vermoor het, is hy beskerm daarteen dat wraak (’n voor die hand liggende gevolg van hierdie handeling) op hom geneem word. God het hierdie moordenaar beskerm: “Die Here het ’n teken gegee aan Kain, sodat niemand wat op hom afkom, hom sou doodmaak nie” (Gen 4:15). Hierdie verhaal volg direk na die skeppingsverhaal, asook die verhaal van die sondeval, en dit kan verstaan word binne die konteks van die mens wat geskape is na die beeld van God, maar wel in sonde gebore en ontvang is. Selfs die moordenaar word beskerm teen wraak, want hy bly God se maaksel wat geskape is na sy beeld (Bedford-Strohm, 2010:214).

Klaas Spronk het tot die gevolgtrekking gekom dat ’n mens deur die eksegese van hierdie teksgedeelte uit die Bybel die afleiding kan maak dat

> die kwalifikasie van die mens as beeld van God in die eerste plek nie iets sê oor die mens as sodanig nie, maar eerder oor die interaksie tussen die mens en God, die Skepper en sy skepping (Spronk, 2007:198).

Met ander woorde, die konsep “na die beeld van God” moenie gesien word as ’n verwysing na ’n bepaalde of kenmerkende eienskap van die méns nie, maar eerder as die spesiale verhouding waarin die mens met sy/haar God en Skepper staan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit is op grond van hierdie spesiale verhouding dat gesê kan word dat die mens oor waardigheid beskik (De Villiers, 2010:267).

Tot dusver het die bespreking van menswaardigheid getoon dat dit ’n komplekse begrip is met verskillende dimensies. Hierdie dimensies moet almal in ag geneem word as ’n mens reg daaraan wil laat geskied. Daar is in die eerste plek ’n *ontologiese* dimensie wat behels dat alle mense met menswaardigheid behandel moet word, aangesien dit aan hulle geskenk is van God se Skepping en die regverdiging van die mens. Tweedens is daar ’n *ervaring*sdimensie deurdat dit wat God ten opsigte van menswaardigheid aan die mens geskenk het, ’n werklikheid vir die individu raak wat hy/sy ervaar. Hierdie ervaring behels dat menswaardigheid geïnternaliseer word as ’n positiewe houding van selfrespek. Derdens is daar ’n *normatiewe* dimensie, naamlik dat menswaardigheid normatiewe implikasies het vir beide die persoon wat oor menswaardigheid beskik en diegene wat interaksie met hom/haar het. Menswaardigheid behels dat die persoon die verantwoordelikheid het om op te tree op ’n waardige manier om sodoende God se morele roeping te vervul ten opsigte van hom/haarself, sy/haar medemens en die natuur. Ander persone, maar ook instellings soos die staat, het op hulle beurt die verantwoordelikheid om die menswaardigheid van die ander te respekteer, beide deur hulleself daarvan te weerhou om die persoon op ’n vernederende manier te behandel, en deur die ander persoon se welsyn te probeer verbeter. Opsommenderwys kan gesê word dat die konsep van menswaardigheid behels dat die “werklikheid” van menswaardigheid deur die mens getoon word, maar deur God gerealiseer word tot selfrespek (De Villiers, 2010:268).

Benaderings tot die moderne konsep van menswaardigheid is reeds vroeg in die geskiedenis van die mensdom geformuleer. Die Stoïsyne het byvoorbeeld destyds al besef dat alle mense dieselfde aarde deel en dus dieselfde waardigheid moet geniet. As gevolg van hulle deterministiese wêreldbeskouing het hulle egter nie hierdie insig in hulle politieke etiek ingesluit nie. Alle mense is nie gelyk behandel nie en diskriminerende instellings, soos slawerny, het voortgeduur (De Villiers, 1984:9-38). Dit is dus ’n skending van die beeld van God net soos sekshandel ’n skending is van die beeld van God.

Vervolgens word die lyding van Jesus bespreek en die verband daarvan met menswaardigheid.

4.2.3 Jesus se lyding en menswaardigheid

In die Bybel is daar verskeie verwysings na en beskrywings van die konsep menswaardigheid. Hierdie Bybelse tekste is veral in die laaste eeu gebruik om die onaantasbaarheid en heiligheid van die menslike lewe te beklemtoon (Punt, 2010:622). Die boek van Lukas raak die konsep "menswaardigheid" tot ŉ hoë mate aan, soos Du Plessis in sy artikel, *Human dignity according to the Gospel of Luke,* opmerk. In hierdie Bybelboek word Jesus, volgens Du Plessis (2010:583), die geliefde en uitverkore Seun van God wat oor die Heilige Gees beskik, se waardigheid bespreek. Jesus se kruisiging was ŉ polities gemotiveerde misdaad. Dit dui op mense in hoë posisies met baie ambisie en haat. Lukas vertel van die aandeel van ŉ betaalde medewerker om die slagoffer, Jesus, in die nag te ontvoer. Jesus is as ŉ teenstander van hierdie owerhede gesien en moes dus volgens hulle geëlimineer word (Du Plessis, 2010:583).

Lukas identifiseer die aanstigters in beheer van die intimidasieproses en hy beskryf hoe ŉ individu wat as ŉ teenstander beskou word, beswadder en in die openbaar gekonfronteer word. Op hierdie manier is geregtelike prosedures besmet met intimidasie (Luk 22:52-53).

> Toe sê Jesus vir die priesterhoofde, die offisiere van die tempelwag en die familiehoofde wat teen Hom opgetrek het: "Trek julle met swaarde en stokke uit soos teen ŉ rower? Dag vir dag was Ek saam met julle in die tempel, en julle het nie ŉ hand uitgesteek om My te vang nie. Maar nou dat die tyd vir die duistere magte daar is, het julle julle kans."

Jesus is gemartel en daarna vermoor, al was Hy onskuldig – ŉ totale skending van menswaardigheid. Hy vergewe egter dié wat Hom laat kruisig het en deur sy vergifnis, herstel Hy die waardigheid van die skuldiges. Jesus verklaar deur hierdie verwronge geregtigheid die mense as regverdig, ten spyte daarvan dat Hy, wat onskuldig was, soos ŉ misdadiger moes sterf.

Selfs Paulus meen viktimisasie en geweld was die oorsaak van Jesus se dood (Gal 3:13). Paulus beskou die geweld en uiteindelike dood van Jesus as die vernietiging van die menslike lewe en waardigheid.

In Paulus se briewe, soos in Galasiërs vervat, word die implisiete sosio-politieke konteks van die samelewing verwoord met die kruis as agtergrond en dit word in verband gebring met slawerny. Volgens Punt (2009:446) moet in die huidige tydperk meer klem gelê word op die simbool van die kruis, sodat menswaardigheid beter verstaan word. Jesus se kruisiging en die betekenis daarvan word uit ʼn menswaardigheidsperspektief deur Paulus bespreek. Die kragtige simbool van die kruis tydens die eerste eeu na Christus word met slawerny vergelyk. Albei getuig van vernedering, marteling, disrespek van die mens en sy/haar waardigheid, asook die beëindiging van lewe (Punt, 2009:447).

Volgens Lukas lei Jesus se verhouding met God en die Heilige Gees daartoe dat Hy oor ʼn unieke en spesiale soort waardigheid beskik. Hierdie waardigheid van Jesus is onafskeidbaar van Hom. Deur sy lyding bevestig Hy sy waardigheid. Jesus bly regverdig en Hy vergewe ten spyte van dié wat Hom martel en laat ly het, want Hy reken hulle nie die kwaad toe nie. “Toe sê Jesus: ‘Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!” (Luk 23:34). Volgens Lukas is dit juis God se plan om sy grootheid en waardigheid te openbaar deur die lyding van Jesus. Wat die toeskouers beskou as die skending en beëindiging van Jesus se waardigheid, is God se misterieuse plan om te openbaar wat werklike waardigheid is, want dit is op die mensdom van toepassing. Dit beteken egter nie dat Jesus geen skending van sy waardigheid ervaar het nie. Die onreg en geweld wat teen Jesus gebruik is, het steeds ʼn invloed op die etiek. Jesus is die baken van hoop vir die wêreld en vir elke individu of groep wat gely het en verneder is. Asook vir die wat steeds lyding ervaar en wie se menswaardigheid aangetas word. Jesus bly regverdig al is Hy veroordeel en soos ʼn misdadiger behandel en gekruisig (Du Plessis, 2010:590).

Scaer (aangehaal in Punt, 2009:449) noem dat die kruisiging ʼn manier was waarop ʼn misdadiger in die Bybelse tyd verneder en met skande besmet is. Naaktheid in die openbaar, wat ʼn komponent van hierdie prosedure was, was ʼn groot skande in daardie tyd.

Dit kan ook beskou word as ʼn vorm van seksuele mishandeling as gelet word op die manier waarop die menslike liggaam behandel en uitgebeeld is. Om iemand te kruisig, geskied in die openbaar en die slagoffer word van sy/haar klere gestroop (Scaer, 2005:2). Die slagoffer word nakend vasgemaak en in die openbaar geslaan ten aanskoue van die publiek. Die liggaam word dus verneder en gemartel soos ʼn mens ook kan sien in die geval van Jesus. "Ek sal Hom dus laat gésel …" (Luk 23:22). Die kruisiging van Jesus het geskied as ʼn tweeledige, moontlik drieledige handeling, naamlik seksuele vernedering (die primêre doel), seksuele marteling en (moontlik) seksuele aanranding. Dit is belangrik om die skande en geweld van die eerste eeu na Christus se kruisigings te erken. Die impak wat die kruisiging gehad het, was nie net die beëindiging van lewe nie, maar ook die openbare skouspel van grusame marteling en vernedering. Die slagoffers is aan die toeskouers voorgestel as iets wat minder waarde het as ʼn mens. ʼn Sosiale stigma het ook aan ʼn persoon wat gekruisig is gekleef (Scaer, 2005:2). Jesus is mishandel deurdat die soldate hom geslaan en gemartel het terwyl Hy geen weerstand gebied het nie (Bedford-Strohm, 2010:217). Daar kan geargumenteer word dat hierdie skande en vernedering wat deur die kruisdood veroorsaak is, verband hou met slawerny. Sekshandel staan vandag as moderne slawerny bekend omdat die slagoffers gestroop word van hulle klere en gewelddadig hanteer word. Vroëer is melding gemaak van die feit dat Jesus onder andere seksueel verneder (die primêre doel), seksueel gemartel en (moontlik) seksuele aanrand is. Dus is die verband met sekshandel-slagoffers duidelik.

Du Plessis (2010:581) merk op dat slegs Jesus waardig is en dat God en Jesus die mensdom as waardig beskou en só waarde aan die mens toeken. God beskou die mens as waardevol ongeag sy/haar posisie in die samelewing, sy/haar vermoëns, geskiedenis, kwalifikasies. Die mens se waarde word dus van buite die mens aan hom/haar gegee. Menswaardigheid is nie iets wat verdien kan word nie, maar ʼn geskenk wat God alleen aan die mens gee. Dus moet hierdie geskenk van God en Jesus ook aan ander geskenk word, ongeag hulle posisie en aansien in die samelewing.

Lukas stel dit duidelik dat Jesus die beginpunt moet wees vir elke mens se optrede en verantwoordelikheid teenoor sy/haar naaste. Die manier waarop elkeen sy/haar medemens behandel moet terugverwys na Jesus se optrede teenoor die mensdom.

Waardigheid is ’n geskenk wat van God ontvang is juis deur die mens se assosiasie met Hom. Hy beklemtoon dat die mens nie gevrywaar word daarvan om lyding te ervaar nie en dat die mens kwesbaar is en magteloosheid kan ervaar (Du Plessis, 2010:581).

Du Plessis (2010:591) verwys na “alien dignity” wat hy verduidelik as die waardigheid wat deur God aan alle mense geskenk word en wat nooit verontagsaam mag word nie. Daar moet altyd gesoek word na geregtigheid, regverdigheid en respek vir ander mense. Hierdie aspekte impliseer die waardigheid wat God aan die mens verleen en moet deur alle mense aan hulle medemens bewys word op die volgende maniere:

- Ten opsigte van die mens se posisie voor God: Voorkeur om te ontvang eerder as om te verdien.
- Ten opsigte van die posisie van mense met mekaar: Voorkeur om te gee eerder as te eis.
- Menseverhoudings se raamwerk behels verwagtinge wat geskep word of vereistes wat vervul moet word. Hier word wegbeweeg van die menswaardigheid na die regte van die mens sonder om enige beperkinge op God te plaas.

Jesus was bereid om vir die mensdom, onmenslike lyding te ervaar sonder dat Hy dit verdien het. Hy gee onvoorwaardelik sy lewe sodat daar redding vir elkeen moontlik is wat in Hom glo. Jesus se geskenk aan die mensdom bewys dat Hy nie gevoelloos teenoor sy skepsels staan nie. Hy wil hê dat sy kinders geen lyding moet beleef nie, want dit is waarvoor Hy aan die kruis gesterf het, sodat sy kinders ’n lewe van oorvloed en geluk mag beleef. Jesus het dus die ergste vorm van vernedering, mishandeling en verwerping ervaar. Met dit in gedagte kan diegene wat uit sekshandel bevry is, hulleself assosieer met Jesus se lyding en trauma.
Derhalwe wil Jesus die boodskap van hoop oordra. Omdat Hy gesterf het, het Hy menswaardigheid aan elkeen nagelaat.

Vervolgens word naasteliefde bespreek in die lig van Jesus se liefdesdaad tydens die kruisiging.

4.3 Teologiese respons op menswaardigheid

4.3.1 Erkening van God se handewerk

Die liefde het ŉ oikologiese funksie: om aan die ander ŉ tuiste te bied en om die mens toe te laat om te wees wat hy/sy deur God bedoel is om te wees. So word daar dan op die interpersoonlike vlak van persoonsverhoudinge ŉ getuienis afgelê van die vertikale liefdesverhouding tussen God en mens (Heyns, 1982:244). Du Plessis (2010:592) maak ŉ geldige opmerking dat mense betrokke moet raak by die ellende van ander mense, en in hulle vreugdes met ander moet deel. Wat Lukas in sy evangelie predik, is wat van die volgelinge van Jesus verwag word. Doelgerigte optrede word ook vereis om die mense te identifiseer wat gemarginaliseer word in die samelewing. Lukas vra dat die dissipels, maar ook ander mense, ŉ kerk vir die armes moet word en getuies moet wees vir God, die *kurios*. Dit is sy plan vir die mens om ŉ voorbeeld te stel (Du Plessis, 2010:592) en God se wil te verkondig. Jesus het soos ŉ waardelose krimineel gesterf, maar deur verkondiging van die kruisiging word sy waardigheid geëer en ongeskonde bewaar. Hierdeur word Jesus se volgelinge opgeroep om waardig op te tree en waardigheid aan ander te bewys, veral aan dié wat deur die samelewing as waardeloos beskou word (Du Plessis, 2010:592).

Volgens Heyns is die “trinitariese gawe” van die liefde opgesluit in die Drie-eenheid van God, want die Vader beplan en inisieer die liefde, en die Seun kom bewys hierdie liefde aan die mens, maar skenk ook hierdie liefde. Die Heilige Gees is die een wat die liefde ŉ werklikheid in die mens se lewe maak en dit wat lei tot die volledige ontplooiing en verdieping van hierdie liefde (Heyns, 1982:237). In Efesiërs 3:17 word daar verwys na ŉ toestand om in die liefde gewortel te wees en dit behels om in Christus gewortel te wees (Kol 2:7). Die mens wat deur sy geloof in Christus ŉ nuwe mens geword het, lewe uit die liefde (Gal 5:6).

Die vrug van die Gees is hierdie liefde wat in die mens deur God gekweek word, want ons lewe deur die Gees (Heyns, 1982:237). O’Conner (2013:79) beklemtoon dat die volgende aan die slagoffers van sekshandel verkondig moet word, naamlik dat Jesus sê:

> Is twee mossies nie vir ʼn sent te koop nie? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie. Van julle is selfs die hare op julle kop almal getel. Moet dan nie bang wees nie. Julle is meer werd as mossies (Matt 10:29-31).

Dat God liefde is, is dus die bevestiging van God se werk. God het die mens geskep, maar herskep ook die mens wanneer die mens sy lewe aan God wy. Die persoon wat die ander uit liefde eerbiedig, erken dus God se handewerk en sal dus alles menslik moontlik doen om die ander mens in staat te stel om sy bestemming, wat God vir hom bedoel het, te bereik. Liefde is dus nie die dwarsboming van God se plan met die mens nie. Medemenslike liefde vir die ander is die voortsetting daarvan. Volledige gehoorsaamheid aan God se wil is die menslike liefde en handeling ten opsigte van die ander in volle ooreenstemming met God se plan (Heyns, 1982:138). Die liefde stel sy medemens eerste in al sy vorme en gestaltes. Liefde bewerk heil en genesing. Die persoon wat in liefde handel en liefhet, is ʼn heling vir almal met wie hy/sy in aanraking kom. Die liefde is ʼn mag wat skep en herskep en wat aanleiding gee tot nuwe werklikhede. Werklikhede waar reg en geregtigheid seëvier, waar daar versoening in ʼn gemeenskap kan plaasvind, waar vryheid en vrede, en identiteit en integriteit die heersende en besliste eienskappe en komponente is. Wie en wat ons is, het alles te doen met die liefde wat optree as ʼn herstellende en opbouende mag. Liefde bepaal ook wat ons het, wat ons doen en kan dus beskou word as ʼn handelswyse. Waar liefde nie aanwesig is om te skep en te herskep nie, vind onreg en ongeregtigheid plaas. Chaotiese magte heers en tekens daarvan is afguns, egoïsme, berekende uitbuiting, fisiese en geestelike manipulering en aftakeling (Heyns, 1982:238).

Ons vind in die een-en-twintigste eeu dat daar gevalle is waar mense ʼn gebrek aan verbeelding het òf ʼn gebrekkige verbeelding het, waar rassisme, seksisme, elitisme en diskriminasie aan die orde van die dag is. Die uitdaging vandag is dat ʼn kreatiewe manier gevind word om negatiewe gedragspatrone te verander.
Ons moet mekaar help sodat hierdie negatiewe gedragspatrone vervang word met ʼn logika van menswaardigheid. Hierdie menswaardigheid moet gewortel wees in die lering van die profeet Jesaja. Die kerk moet hierdie roeping uitleef om kreatiewe maniere te vind en toe te pas sodat menswaardigheid deel sal word van ons samelewing (Claasens, 2011:43).

Die Christelike roeping behels liefde wat die volgende inhou, naamlik: die erkenning van die feit dat ek deur God na sy beeld geskape is en dus oor ewigheidswaarde beskik wat vir die realisering van God se plan op aarde bruikbaar is. Christus het as plaasvervanger gesterf en die Heilige Gees woon in die wat Hom toelaat (Heyns, 1982:250).

Die bose kringloop van armoede, werkloosheid, misdaad en gevangeneskap word groter. *Hoekom*? Mense is soms onverskillig en gevoelloos teenoor mekaar, want hulle is bang om betrokke te raak en ander se ellende te aanskou. Op hierdie manier het hulle probeer om hulle eie lyding te ontsnap en uiteindelik ontken hulle hulle eie lyding (Moltmann, 1978:19).

Moltmann (1978:24) dui dit as volg aan:

> One understand the history of Christ's suffering only when one grasps the passionate devotion of Christ which led Him into it and allowed Him to bear it. And in the passion of Christ I see the passion of God Himself and discover again the passion of my own heart.

4.3.2 Medeverantwoordelikheid as kernaspek van menswaardigheid

4.3.2.1 Inkarnasie

Die Nuwe Testament verskaf 'n belangrike vertrekpunt om die waarde van die menslike bestaan te debatteer. Daar is 'n wye verskeidenheid aspekte wat bespreek kan word, asook die inkarnasie van Jesus as mens, soos in die boek van Filippense beskryf word (Punt, 2010:622). Jesus het mens geword en het vernedering en lyding ervaar sodat Hy simpatie en empatie kan hê met diegene wat lyding ervaar. In Filippense 2:5-11 word "*kenosis"* (Jesus ontledig Homself) deur Paulus verduidelik. Elke mens moet hierdie gesindheid in sy/haar lewe hê. Die mens moet sy/haar medemens hoër ag, om nie net aan homself/haarself te dink nie en eerder "die minste" te wees. Dit verg nederigheid. Die strewe moet wees om soos Jesus te leef. Om die spiritualiteit van eensgesindheid in te sien en dit uit te leef.
Om dit te kan doen, moet daar na Jesus as voorbeeld gekyk word, aangesien Hy self nederig opgetree het (Jonker, 1977:55).

Dit is die voorbeeld wat Jesus Christus in Filippense 2:5-8 en 1 Petrus 2:23 stel, waar Hy Homself verneder deur die gestalte van ʼn slaaf aan te neem en nie terug te baklei en ander te verneder nie. Christus se voorbeeld moet nagevolg word om nederig te bly ten spyte van ongegronde aanklagte. Elke mens moet hom/haarself as die minste ag, soos die Nuwe Testament beskryf Jesus gedoen het. Sy voorbeeld was ʼn lewe van vernedering, eerder as ʼn soeke na waardering. Hy het gegee, eerder as om te ontvang. Dus het Hy eerder dinge versaak as om enige iets op te eis (Punt, 2010:624). In die boeke van die Nuwe Testament speel die menswording van God in Christus ʼn oorheersende rol (Punt, 2010:628). Christus het vir die mense omgegee wat deur die samelewing verwerp en gemarginaliseer is. Christus se liefdevolle optrede was teenoor die armes en swakkes, die siekes, vroue en kinders wat uitgesluit is uit die samelewing, tollenaars en prostitute, en diegene wat geen heenkome gehad het nie. Jesus het ook betrokke geraak by die nie-Jode en Samaritane wat deur die samelewing verag is. Almal was welkom by Hom, en het ʼn toevlug by Hom gevind. Hy was ʼn geneser, ʼn reisende prediker. Hy het al sy goeie dade egter nie uit ʼn posisie van aansien en mag gedoen nie. Hy was die seun van ʼn arm gesin wat uit ʼn heidense stad in Galilea afkomstig was. Baie magtiges het Hom egter as fanaties en as ʼn bedreiging vir hulle hoë posisies beskou (Du Plessis, 2010:592). Vervolgens word plekdeling bespreek.

4.3.2.2 Plekdeling

Die skrywer, Andrew Root, het na aanleiding van Dietrich Bonhoeffer, ʼn Duitse teoloog, se boeke besef dat “vleeswording” nie ʼn model of ʼn voorbeeld is nie, maar iets is wat slegs deur die krag van God teenwoordig kan wees in die menslike gedaante. Dit is in verhoudinge waar Jesus teenwoordig is. Veral waar die slagoffer ʼn ontmoeting met God sal kan hê. Bediening is dus nie om verhoudings te gebruik om byvoorbeeld morele waardes, ʼn konserwatiewe politiese ideologie en/of die boodskap van die evangelie op iemand anders af te dwing nie. Dit moet eerder ʼn bediening wees waar mense met mekaar ʼn verbinding het, byvoorbeeld in ʼn familie-opset. Hierdie verbintenis handel daaroor om mekaar se hartseer en lyding te deel. Dit handel ook oor ʼn gedeelde lewe wat Christus binne hierdie verhouding bely. Dit is wat dit dan beteken om die evangelie uit te leef.

Die skrywer het tot die besef gekom dat dit nie daaroor gaan om, byvoorbeeld, slagoffers van sekshandel ’n beter Christen te maak nie, maar eerder om hulle te help om die mens te wees waarvoor God hulle geskape het. Hulle menswaardigheid kan egter byvoorbeeld afgetakel word deur gebroke, beledigende en bakleierige families, gewelddadige gemeenskappe en armoede. Bediening gaan dan daaroor om saam met hulle verneder te voel soos die ware Mens, Jesus Christus ons Here, bewys het ’n mens moet optree. Die navorser het uit Root (2007:14-16) se boek besef dat mens nie die individu se omstandighede kan verander nie. Die verlede kan nie uitgevee word nie. Slegs deur te deel in hulle nagmerrie en teenwoordig te wees in hulle persoonlike hel, kan die mens in ’n vriendskapsvehouding met die slagoffers, hulle verseker dat hulle nie alleen is in hierdie lyding nie.

4.3.2.3 Verhouding, verwantskap en vriendskap

Liefde, verwantskap en vriendskap kan in menslike verhoudings verken word. Die liefdesverhouding is die hoogste waarde wat belangrik is vir die ontwikkeling van persoonlike identiteit. Dit geskied gelyktydig in myself en die ander. Die menslike waardigheid word juis in ’n liefdesverhouding onderstreep. Hierdie ervaring in ’n liefdesverhouding is moontlik vir alle mense (Lebech, 2004:1) en bevestig die unieke waarde van elke mens. Die aanvaarding van die unieke waarde van die mens is gegrond op basiese etiese en wetlike beginsels. Om erkenning as mens te ervaar en om menswaardig behandel te word, verwys na die ervaring van die dinamika van die samestelling van elke mens as skepsel van God (Lebech, 2004:1) Dit is van kardinale belang dat alle mense met waardigheid behandel word, want die mens beskik oor die hoogste waarde. Dit is daaraan te danke dat die mensdom onvervreembaar is van sy Skepper.

Die liefde vir God en liefde vir jou naaste is ’n onlosmaakbare verbintenis met die medemens, maar veral met die armes en hulle wat gemarginaliseerd is. As gekyk word na Matteus 25 waar ons die gedeelte van die Laaste Oordeel vind, sien ons duidelik wat Jesus ten opsigte van die armes bedoel. Hy noem dat jy ’n verhouding moet hê met dié wat honger en dors is, die vreemdeling, diegene wat siek en naak is, en hulle wat gevange geneem is.

Dit is ’n belangrike maatstaf om te verstaan of jy in ’n verhouding met Hom is as jy ook omgee en ’n verhouding het met bogenoemdes. Jesus sê immers: “Ek was honger, en julle het My kos gegee …” (Matt 25:35). Etiese en geloofsvrae kan nie geskei word nie. “Voorwaar Ek sê vir julle, net soos jy dit nie gedoen het aan een van die minste van hierdie nie, het jy dit ook nie vir My gedoen nie” (Matt 25:45). Binne die Christelike geloof word die uitbeelding van menslike waardigheid toegepas deur die verhouding en verbintenis met Jesus. Dit is ’n daaglikse toepassing van jou geloof in Hom, en dit word ’n lewenswyse. Die Bybelse tradisies is die raamwerk waarvolgens elke Christen moet leef en optree teenoor die verstotenes of gemarginaliseerdes.

’n Bybelse teologiese perspektief is die grondlegging vir die filosofiese bronne van menswaardigheid. Dit is die padkaart waarvolgens die mens moet leef wat die goeie wil doen (Bedford-Strohm, 2010:218). Die lewe het ’n besondere betekenis omdat God die mens as ’n lewende wese na sy beeld geskep het. Die mens word beskou as die kind van God, en is die draer van sy beeld, aangesien hy/sy verskil van ander lewende wesens, soos plante en diere, en, volgens Du Toit (1988:74-77), onaantasbaar is. Hierdie feit, dat die mens na die beeld van God geskep is, word ook deur Niebuhr (aangehaal in Du Toit, 1984:66) beklemtoon. Hy noem dat die mens as sodanig waardigheid het. Du Toit (1984) meen die “beeld van God” dui ondubbelsinning daarop dat die mens ’n skepping van God is, en dus sy skepsel.

Volgens Niebuhr (aangehaal in Du Toit, 1984:66) word die mens gekenmerk deur sy/haar beperktheid, afhanklikheid en onvergenoegsaamheid in sy/haar onderworpenheid aan die algemene norm in die samelewing, asook die opdragte van sy/haar Skepper. Hy is ook van mening dat daar aan die mens ’n ongekende hoë waarde verleen word, juis omdat die mens na die “beeld van God” geskep is. Die mens is volgens Psalm 8 in ’n “heersersposisie en het groot verantwoordelikheid en waardigheid” (Du Toit, 1984:66). Teologie se epistemologiese middelpunt is ’n geloofsgebaseerde fokus op die Trinitêre God wat Homself openbaar as fontein van liefde (*missio Dei*) deur die Skrif, en deur die Heilige Gees se voortdurende, lewegewende werk. Die Heilige Gees is die krag in die geloofsgemeenskappe maar is nie gebind deur hierdie gemeentes nie (Hendriks, 2004:21).

Die mensdom word deur God opgeroep om hulle medemens te beskou as iets waardevols en hulle met waardering te behandel, in ooreenstemming met God en Jesus wat almal as waardevol beskou (Du Plessis, 2010:591). Om dit te illustreer, het Jesus met alle soorte mense hier op aarde verkeer. Hy het saam met hulle geëet en Hom ontferm oor dié wat deur die samelewing verwerp is. Hy het Hom identifiseer met die mense wat nutteloos geag is en sonder ’n “stem” in die samelewing was, en het op daardie manier die uitgeworpenes verander. Dit is die manier hoe Jesus aan hulle waardigheid bewys het.

> En die Koning sal hulle antwoord: “Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen” (Matt 25:40).

Dit is wat dien as ’n teologiese rede waarom menswaardigheid gerespekteer moet word en gehandhaaf moet word (Spronk, 2007:195-201). Hierdie “logika van waardigheid” word nog duideliker wanneer ’n mens dink aan die noue verband tussen die gebod van die liefde en die sogenaamde “goue reël” in die Bergrede waarna daar verwys word: “Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen. Dit is tog waarop dit neerkom in die wet en die profete” (Matt 7:12). Die goue reël vra nie vir opoffering nie, maar die eenvoudige erkenning van wedersydse respek. Die enigste ander plek waar hierdie woorde oor die wet en die profete gevind word, is in die dubbele gebod van die liefde:

> Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat (Matt 22:37-40).

Die onuithoudbare situasie van waar die regte van sommige geskend word en mense as gevolg daarvan honger, huisloos en sonder warm klere is, is ’n oproep vir ingryping deur die gemeenskap. Kerke en hulle lidmate het byvoorbeeld ’n verantwoordelikheid om vir die armes en swakkelinge te sorg. Sodanige sorg sal medemenslike hulp in die vorm van die voorsiening van kos, mediese sorg, opvoeding en behuising behels.

In baie gevalle is die versorging meer intens en persoonlik, veral in Afrika waar liggaamlike en/of sielkundige letsels, as gevolg van wanpraktyke wat tot die skending van menswaardigheid lei, van ’n baie ernstige aard wees.
Mense wat verwerping, diskriminasie, seksuele mishandeling, marteling en vernedering oor ’n lang tydperk moes verduur, is gebroke en het nie meer respek vir hulleself nie. Hiérdie probleem kan slegs genees word deur langdurige en liefdevolle versorging. ’n Voorwaarde vir die herstel van selfrespek, waar die skending van menswaardigheid plaasvind, is dat die mishandelde persoon die totale aanvaarding deur ten minste ’n paar vriende of familielede ervaar (De Villiers, 2010:274).

As daar na die Christologie gekyk word, kan ’n mens sien dat menswaardigheid ’n verhouding behels. Dit kan slegs verstaan word as daar in die geheel gekyk word na die teologiese betekenis van Christologie. Karl Barth, ’n Switserse teoloog uit die 20ste eeu, beklemtoon juis dat hierdie verhouding wentel om die Christologie. Hy het die gedagte vasgelê in sy kerkdogmatiek dat om mens te wees aansluit by Jesus se menslikheid. Dus:

> Whoever does not know and take into account from the very first place and from the very first view and word that the human being has a fellow human being does not see him or her at all (Barth, 1948:270, aangehaal in Bedford-Strohm, 2010:217).

Bonhoeffer, soos aangehaal deur Bosman, is van mening dat omdat hy die beeld van God in Christus uitdra, God hom ken. Christus verbind mense met God en met mekaar, en hierdie verhouding vorm die hoeksteen van die teologiese fondament ten opsigte van die selfbegrip (Bosman, 2010:567-568).

Bonhoeffer is die eerste teoloog wat die begrip van ’n dissipelskap vasgelê het en omskryf het wat dit behels en vereis. Hy lê veral klem op die verantwoordelikheid van ’n Christen en hoe dit menswaardigheid onderskryf. Daarby beklemtoon hy die verantwoordelikheidsetiek wat menswaardigheid onderskryf ten spyte van die Verligting se skerp kritiek daarteen. Hy beweer onder meer die volgende:

> Die Verligting was reg deur daarop te wys dat die etiese nie gemoeid is met ŉ abstrakte sosiale orde nie, maar met verteenwoordigers van bepaalde sosiale klasse; nie met "bo" en "onder" as sodanig nie, maar met mense. Dit is gevolglik ook reg om passievol aan te dring op die gelykwaardigheid van alle mense om as etiese wesens op te tree (Bonhoeffer, 2005:374).

Met die beskrywing "gelykwaardigheid van alle mense" vang Bonhoeffer die essensie van die moderne konsep van menswaardigheid vas. In die moderne lewe word die waardigheid van die mens misken. In die verlede, byvoorbeeld in die apartheidsera, was dit veral so dat sekere groepe mense met ŉ hoër status en aansien met meer waardigheid behandel is. In die verlede het groepe of individue meer eer of aansien as ander gekry op grond van hulle geboortereg, ras, klas, kaste of persoonlike meriete. Hierdie onderskeidende konsepte van menswaardigheid geld steeds in die hedendaagse samelewing, alhoewel dit nou grotendeels verpersoonlik is en sterker verband hou met persoonlike meriete as ander faktore (De Lange, 2007:202-212). So word vroue steeds in sommige lande geminag. Statistiek toon aan dat 80% van die slagoffers vroulik is en 50% kinders (O'Conner, 2013:4). In die moderne era het menswaardigheid al hoe belangriker geword en vandag word die konsep daarop gebaseer dat alle mense gelyke voordele en behandeling moet geniet.

Du Plessis (2010:583) verwys daarna dat almal gelyk is. Hy sê dat almal voor God gelyk is en in die kerk gelyk moet wees. Diskriminasie en verskille tussen individue en/of groepe in ŉ gemeenskap mag nie in die geloofsgemeenskap teenwoordig wees nie omdat Jesus vir almal redding verseker deur hulle geloof en verhouding met Hom. Volgens Lukas se begrip van waardigheid is die evangelie daar vir alle mense. Dit word nie beperk tot geslag, sosio-ekonomiese status, affiliasie, of politieke of godsdienstige oortuigings nie en ŉ mens kan dus redeneer dat alle mense inderdaad gelyk gebore is.

Hierdie menswaardigheid word beskou as sekuriteit, en is onvervreembaar van en inherent tot alle mense (Wolbert, 2007:166-176). Op grond hiervan verdien alle mense gelyke regte ten opsigte van hulle medemens en instellings soos die staat.

Dit dui veral op die erkenning van die gelykwaardigheid van alle mense en die afskaffing van alle diskriminerende politieke en maatskaplike strukture, byvoorbeeld slawerny en apartheid waar die eiesoortige aard van die moderne konsep van mens-waardigheid uitgelig word. In die Nuwe Testament word dit duidelik gemaak dat waardigheid by God begin. Hierdie toekenning van waardigheid aan die mens het geskied deurdat God sy Seun aarde toe gestuur het om mens te word. In die Nuwe Testament word menswaardigheid beskryf as die besef van die "waarde van my as mens, asook my medemens se waarde" en dit word vasgevang in oortuigings, belangstellings, andersheid en bekommernisse (Punt, 2010:632).

Die plek waar God Homself openbaar, (Root, 2007:56) is die plek van lyding – ons eie lyding en Christus se eie lyding. Die *theologia crucis* vereis dat Jesus Christus ons Verteenwoordiger en ons "place sharer" is. Een wat ten volle in die plek van die ander staan, en om daar vir hom/haar te wees. 'n "Place sharer" deel die ander persoon se realiteite in sy lyding. Jesus, die Gekruisigde, wat vlees geword en opgestaan het, en wat in ons plek gestaan het, wys ook na die volheid van God. Jesus is tegelyk die Verteenwoordiger van God en die ware verteenwoordiger van die mens (Root, 2007:56).

Om te begin by die menslikheid van Christus en by Hom wat gekruisig is, word ons onmiddellik ingetrek in die diepe lyding van die mens wat ons naaste ondervind. Allereers beteken dit dat die kruis en die opstanding 'n uitnodiging is om in 'n diepe verhouding met God te lewe wat Homself uit liefde aan die mens bied.

Die *theologia crucis* impliseer dus dat my naaste nie verlore is nie, maar vir altyd te vinde is in die lyding van Jesus as mens. So word vreemdeling vriend, en vyand word geliefde (Root, 2007:56). Die *theologia crucis* vereis derhalwe ook dat wanneer ons die ander se lyding op ons neem, moet dit gedoen word vÍr en mét die ander persoon, op so 'n manier dat ons erken dat die ander ons broer en suster is deur die menslikheid van God in Christus. Ons naaste is die sentrum van ons aandag. Deur "verhouding" word bedoel dat die "ander" vir ons geliefd raak. Daarom soek ons om te verstaan wie hulle is binne die vermenigvuldigende sisteme en situasies wat hulle as persone beïnvloed (Root, 2007:57).

4.3.2.4 Gelykheid in menslikheid, menswaardigheid en eerwaardigheid

Koopman (2014:13) is van mening dat die samelewing van Suid-Afrika blootgestel word aan hoë vlakke van ongelykhede. Hy meen dat daar ʼn misverstand bestaan in terme van die soeke na ʼn strewe na ʼn samelewing van gelykheid.

Gelykvormigheid en gelykheid is verskillend, en dus kan gesê word dat mense op verskeie vlakke verskil en dat nie alle mense gelyk is in die samelewing nie. Hierdie verskille wat gevind word in mense, word nie misken in die soeke na gelykheid nie en daarom word die vryheid van die mens nie aangetas nie. Elke mens moet ontwikkel tot sy/haar volle potensiaal, want hierdie potensiaal wat bereik moet word, is tot sy/haar eie voordeel, en tot voordeel van die samelewing.

> Gelykheid sou trouens kon beteken dat ek gelyk aan, ooreenkomstig, my gawes en geleenthede presteer, tot voordeel van myself en die samelewing. Die strewe na gelykheid, soos verwoord in verskillende godsdienstige en sekulêre tradisies, en soos verwoord in handveste van menseregte, het veral te make met die gelykwaardigheid van alle mense. Mense is gelyk in menslikheid, menswaardigheid en eerwaardigheid. Mense is gelyk in ons geskapenheid deur God tot ʼn lewe van menswaardigheid. Ons is gelyk in hierdie godgeskenkte voorreg wat ons ontvang. Ons is ook gelyk in die regte wat ons teenoor mekaar en teenoor instellings het – die reg om beskerm te word teen die dinge wat ʼn lewe van menswaardigheid bedreig, en die reg om toegang te kry tot die omstandighede en middele wat ʼn lewe van menswaardigheid bevorder. As mense wat gelyk in goddelike bevoorregting en in aansprake op regte is, is ons ook gelyk in die godgeskenkte verantwoordelikheid, roeping en plig om ʼn lewe van menswaardigheid vir almal te bevorder (Koopman, 2014:13).

Na aanleiding van bogenoemde aanhaling, is dit duidelik dat wanneer na slagoffers van sekshandel verwys word hulle ook regte het, en ʼn reg het tot menswaardigheid. Koopman plaas dit in die konteks dat “mense gelyk is in menslikheid, menswaardigheid en eerwaardigheid”. Indien ʼn persoon nie menswaardig behandel word nie, word sy reg tot gelykheid van hom/haar ontneem.Voorts beklemtoon Koopman die reg om beskerm te word teen die bedreiging van sekshandel wat aanspraak maak op die menswaardigheid van die slagoffer. In hierdie artikel verwys Koopman in *Die Burger* na Johannes Calvyn:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> Die kerkhervormer Johannes Calvyn het betoog dat ons streef na ŉ samelewing van *aequitas*, ŉ samelewing van "*equity*", van gelykheid in die sin van ekwillibrium, ewewig. Hy vra, in ooreenstemming met 2 Korintiërs 8 vers 15 en Handelinge 4:32 tot 37, ŉ samelewing waarin nie sommige te veel en ander te min het nie. Hy laat dink ons aan die samelewing wat Mahatma Gandhi bepleit: "Live simply, so that others may simply live" (Koopman, 2014:13).

Die navorser sluit aan by Koopman waar hy pleit vir ŉ samelewing van barmhartigheid. Dit sluit aan by die aspek van "place sharer", wat vroeër in die hoofstuk behandel is, wat gepaard gaan met die omgee vir jou medemens. Die verantwoordelikheid rus op elkeen om ŉ barmhartige hart vir die slagoffers van sekshandel te openbaar.

4.4 Menswaardigheid en sekshandel

Met sekshandel word die slagoffers van hulle menswaardigheid gestroop, en word hulle onderdruk en van al hulle voorregte ontneem. Om hiervan te herstel, het hulle hulp nodig omdat dit moeilik is om self uit die donker put van selfveragting te kom wat deur sekshandel veroorsaak word. ŉ Amptenaar wat verbonde is aan die Internasionale Organisasie vir Migrasie in Moldawië noem dat die "gebreekte kake en bene herstel, maar die sielkundige gevolge onherstelbaar is" (Shelley, 2010:72).

Verskeie wandade word teen die slagoffers van sekshandel gepleeg. Die sekshandelaars konfiskeer byvoorbeeld gereeld die jong meisies wat hulle gevange neem se paspoorte en ander dokumente. Sonder hierdie dokumente het die slagoffers geen regstatus nie. Hierdie verlies aan identiteit staan sentraal in die ontmensliking van die slagoffers van sekshandel (Shelley, 2010:107). Die jeugdiges wat vasgevang is in die seks- en mensehandelbedryf word ook ontneem van die geleentheid om onderrig op ŉ kritieke ouderdom te ontvang. Hulle doen verder sielkundige letsels op wat nooit genees nie, en wat kan verhoed dat hulle normaal in die samelewing kan funksioneer as volwassenes. Hulle word dus psigies vir die res van hulle lewe beskadig, ervaar konstante lyding en kry gereeld nagmerries, terugflitse en selfmoordneigings (Zimmerman *et al*., 2006:51-52, 75).

ʼn Voormalige seksslaaf som haar gevoelens soos volg op: “Ek voel asof hulle my glimlag gesteel het en ek dit nooit weer kan terugkry nie” (Zimmerman *et al*., 2006:51-52, 75). Tieners en vroue met wie handel gedryf word om seksueel uitgebuit te word, word ook van die geleentheid ontneem om in die huwelik te tree en/of die voorreg te hê om kinders te verwek. Slegs indien die slagoffers uit hulle gevangenisskap gered word, kan die huwelik en die verwekking van kinders ʼn moontlikheid word. Deesdae (Batstone, 2007:35) word daar ook selde gepoog om vroulike sekshandelslagoffers te hervestig, omdat dit baie moeilik is om hierdie slagoffers in hulle tuisdorp te hervestig en die reiskoste te hoog is om hulle te laat terugkeer na hulle land van herkoms. Diegene wat wel na hulle huis terugkeer, plaas soms ʼn enorme las op hulle gemeenskap (Batstone, 2007:35). Baie van dié slagoffers wat terugkeer na hulle tuisdorp, ly aan ernstige sielkundige en gesondheidsprobleme en hulle gesin of gemeenskap kan nie bekostig om dit te laat behandel nie. In Asië is baie meisies en vroue wat terugkeer na hulle plattelandse dorpie, verslaaf aan alkohol en dwelms. Sonder plaaslike rehabilitasieprogramme vir hulle verslawing, versprei hierdie probleme na hulle bure of familielede.

In Egipte (Shelley, 2010:62) word meisies gedwing om met mans van ander lande te trou. Dit is ʼn vorm van sekshandel. Wanneer die man van die meisie skei, keer sy terug na haar tuisdorp. Baie van die slagoffers word ook deur hulle gemeenskap veroordeel. Die gemeenskap bied geen ondersteuning aan die meisie nie en sy mag nie weer trou nie. Die rede hoekom sy nie weer mag trou nie, is as gevolg van gesondheids- faktore of bloot die feit dat meisies gestigmatiseer word deur die gemeenskap. Baie jong meisies wat verhandel word, word ook betrek by sekshandel en vroue en meisies wat in die seksbedryf seksueel misbruik is, ondervind selfs nadat hulle bevry is, ʼn wye verskeidenheid probleme as gevolg van die mishandeling waaraan hulle onderwerp is (Shelley, 2010:62). Baie van dié vroue word gevolglik deur hulle gemeenskap gestigmatiseer, selfs al was die viktimisasie nie hulle skuld nie, en sukkel hulle derhalwe om weer deur die gemeenskap aanvaar te word na hulle terugkeer (Danziger, Martens & Guajardo, 2009:289).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Benewens die sielkundige skade kan die slagoffers van sekshandel ook fisiese skade berokken word. Seksslawe van regoor die wêreld sterf jaarliks of word ernstig siek of beseer as gevolg van hulle gevaarlike werkstoestande, fisiese uitputting, asook misbruik deur sekshandelaars en hulle kliënte. Vir baie van hulle is daar geen doeltreffende behandeling nie. Sommige sal ook hulle arms of hele liggaam laat tatoeëer om aan te dui dat hulle die besittings van die handelaars, of souteneurs, is. Slagoffers wat die sekshandelaars teenstaan, word in die teenwoordigheid van die ander slagoffers gemartel, sodat vrees by hulle ingeboesem word. Vroue en kinders wat voortgaan om weerstand te bied, word uit hoë woonstelblokke se vensters gegooi en sterf. Ander sterf aan gangreen weens wonde wat deur die sekshandelaars toegedien is (Shelley, 2010:72).

Sekshandelslagoffers (Shelley, 2010:72) word deur hierdie akute geweld en sielkundige intimidasie asook dreigemente teen hulle familie, beheer. Die slagoffers van sekshandel word van hulle identiteit ontneem en hulle word weg van hulle familie verskuif. Hulle taal en kultuur word van hulle weggeneem en hulle moet in onmenslike omstandighede bly. Hier word hulle, soos genoem, gemartel indien hulle ontevredenheid sou toon. Die mees ekstreme voorbeeld van die aftakeling van mense se menslikheid deur ander mense, is seker die gebeure in die Duitse konsentrasiekampe tydens die Tweede Wêreldoorlog en die gepaardgaande Holocaust. Die ooreenkomste tussen die Holocaust en sekshandel is dat in beide gevalle miljoene mense mishandel en na hulle dood gestuur is/word sonder dat enige iets daaromtrent gedoen is/word. Baie van die onmenslike praktyke wat tydens die Tweede Wêreldoorlog gebruik is om gevangenes passief te maak, word ook deur die sekshandelaars beoefen. Die sekshandelaars laat ’n mens dink aan die wrede wagte wat die goederewaens vol Jode gelaai het om by die konsentrasiekampe in Duitsland gemartel en vergas te word. Tydens ondervraging en onderhoude wat met sekshandelaars en ondersoekbeamptes gevoer is, het dit duidelik geword dat die offisiere tydens die holocaust net soos die handelaars van sekshandel die boosaardigste misdadigers is omdat hulle nooit hulleself kon identifiseer met die lyding van hulle slagoffers nie (Shelley, 2010:72). ’n Belangrike verskil wat egter tussen die fasiliteerders van die Holocaust en die sekshandelaars bestaan, is dat baie mense wat toegesien het dat wandade teenoor slagoffers van die Holocaust gepleeg is, geglo het dat hulle die staat daardeur dien.

Die offisiere het ’n burokratiese benadering tot hulle werk gevolg terwyl die sekshandelaars se dade vir eie gewin is. In die Woord van God word die mens verbied teen enige optrede of handelinge waardeur hy/sy die menswees van ander sal aantas, hulle selfrespek sal vernietig of hulle van hulle basiese menseregte sal ontneem en dit só vir hulle onmoontlik maak om hulle verantwoordelikhede as mense te kan nakom. Vir elke mens is dit dus nie ’n kwessie van “’n naaste” nie, maar ’n kwessie van “my naaste” (Heyns, 1982:253). Tydens die holocaust en die optrede van die sekshandelaar kan gesien word dat dit in teenstelling is met wat God van ons vra in die tweede gebod, “Jy moet jou naaste lief hê soos jouself”.

4.5 Om die waarde van ’n adolessent te beklemtoon

Buchwald *et al.* (2005:213) haal Sigmund Freud aan ten opsigte van Marie Bonaparte (ca.1935):

> The great question that has never been answered and which I have not yet been able to answer, despite my thirty years of research into the feminine soul, is, “What does a woman want?”

Volgens Freud is waarna elke mens verlang in sy/haar lewe (in hierdie geval ook vir jong meisies van sekshandel) om sonder vrees te lewe en vryheid te ervaar, asook selfbeskikking en selfbestuur binne perke. ’n Lewe dus waarin niemand aan ’n ander skade berokken nie en waarin geluk nagestreef word. Bogenoemde is vir elke mens kosbaar. Die belangrikheid van vroue en meisies se rol in die toekoms moet uitgedra word, maar so lank as wat ’n verkragtingskultuur in die samelewing heers sal vroue en meisies nie hierdie verlange na bogenoemde begeertes vir hulleself kan vervul nie. Die samelewing vra vir sterk mans en vroue wat sal opstaan vir hulle regte en om hierdie kultuur te verbreek wat heers in die samelewing. Slegs dan sal daar genesing in ons gemeenskappe kan plaasvind om die toekoms ’n beter plek te maak as die huidige (Buchwald *et al*., 2005:213).

Aan meisies moet dit oorgedra word dat hulle waardevolle persone is wat ernstig opgeneem moet word. Meisies moet geleer word dat hulle onafhanklike entiteite is. Kinderstories het soms ’n ernstige voorstelling van die werklikheid. Pinocchio, die houtpop, verlang om van vlees en bloed te wees en nie ’n marionet wat deur sy meester beheer word nie, alhoewel sy eienaar goedgeaard was.

Die slagoffers van sekshandel wil hulleself as waardevol beskou en nie as ʼn speelding en marionet wat deur die mans in hulle lewe beheer word nie (Buchwald *et al*., 2005:223). Meisies moet uit verskeie bronne hoor dat hulle lewe net so belangrik is as dié van hulle broers. Hulle het ook die reg om te streef na ʼn werk waarna hulle hunker.

Die mens is ʼn individu met selfrespek wat oor potensiaal beskik. ʼn Individu dus met waarde, sonder om te verwys na die persoon se geslag, wat in sy/haar eie geloof oor die krag beskik om sy/haar potensiaal in die lewe te ontwikkel. Dit is die belangrikste gawe wat ook aan ʼn meisie oorgedra kan word (Buchwald *et al*., 2005:223-224). Dit het ʼn geweldige impak op ʼn kind se volwasse lewe wanneer daar reeds op ʼn vroeë stadium belê word in ʼn jong kind se lewe om hom/haar bewus te maak dat hy/sy ʼn unieke, kosbare individu is met baie moontlikhede en potensiaal. Die volwasse persoon sal terugdink aan sy jeug en dat hy/sy waardevol as kind was, en dus waardevol as volwassene is. Om weer te verwys na Buchwald, Fletcher en Roth is dit duidelik dat wanneer ʼn meisie bewus gemaak word van haar sterkpunte, sy ander sal bemagtig deur haar oorvloed van selfrespek.

4.6 Samevatting

Deur sekshandel word mense se menswaardigheid van hulle gestroop. So word hulle onderdruk en al hulle voorregte word van hulle ontneem. In die bemagtiging van ʼn slagoffer van sekshandel, en om ʼn spoedige herstelproses te verseker, kan spiritualiteit nie genoeg na waarde geskat word nie. Die mens moet bewus wees van sy medemens se waardigheid en net soos God en Jesus, volgens die Evangelie van Lukas, alle mense as waardevol beskou en behandel. Christus het die menslike natuur aangeneem, om te bewys dat Hy die mens liefhet. Menswaardigheid word dus aan elkeen gegee as gevolg van die prys wat Jesus betaal het aan die kruis, waar Hy die ergste vorm van vernedering, mishandeling en verwerping ervaar het. God het elke mens geskape met die doel dat elkeen sy volle potensiaal kan bereik. Daarom is die mens medeverantwoordelik vir sy medemens. Met dit in gedagte kan diegene wat uit sekshandel bevry is, hulleself assosieer met Jesus se lyding en trauma. Slagoffers het hulp nodig om hulle lewe weer op te bou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die gemeenskap moet as ŉ “place sharer” optree en na die voorbeeld van Jesus se inkarnasie, onvoorwaardelike liefde aan slagoffers betoon, want elke mens is ŉ beelddraer van God en word deur Hom as uniek beskou. As ŉ nasie moet ons opstaan teen hierdie euwel, sekshandel, want elkeen is gelyk in menslikheid, menswaardigheid en eerbiedwaardigheid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 5

Menseregte en menswaardigheid

5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word sekshandel bejeën binne die konteks van menswaardigheid. Hierin speel die wisselwerking tussen menseregte en menswaardigheid ŉ deurslaggewende rol. Die klem word aanvanklik geplaas op veral die komponent van menseregte binne sy universele konteks. Daarna kom die wetlike aspekte onder die loep voordat die fokus geplaas word op kinderregte. Verder word daar ook gefokus op die regte van die slagoffers van sekshandel. ŉ Bespreking van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Mensehandel, Wet 7 van 2013 (Republiek van Suid-Afrika, 2013) volg. In genoemde wet is daar die beskerming van menseregte ingeskryf wat mense beskerm teen sekshandel.

5.2 Menseregte en menswaardigheid

In die geskiedenis is ŉ lang stryd vir die vestiging van menseregte en vir die erkenning van menswaardigheid opgeteken (Bedford-Strohm, 2010:214). Die mens is ŉ verantwoordelike, selfversekerde, unieke maar kwesbare wese en daarom dien menseregte as beskerming van die individu maar ook van die gemeenskap. Dit impliseer dat mense op ŉ menswaardige manier behandel behoort te word ten einde ons volle potensiaal te kan ontwikkel (Hughes, 2011:10). Die navorser stem saam met Hughes se siening dat die mens ŉ kwesbare wese is en dat daar soms van die mens misbruik gemaak word, deurdat regte geskend word of ontneem word. ŉ Voorbeeld van sodanige skending en/of ontneming is sekshandel.

Du Plessis (2010:582) vermeld dat die feit dat die mens “menswaardigheid” het, beteken dat hy/sy in enige situasie met waardigheid behandel moet word. Volgens Moltmann (1984:ixf), soos aangehaal deur Du Plessis, behels die nakoming van menseregte ook dat alle mense met waardigheid behandel word. Daarom word menswaardigheid in baie lande in ŉ Handves van Menseregte verskans. Dit verwys na enige situasie waarin ŉ mens met waardigheid behandel word. Die eise en vereistes ten opsigte van *“Menseregte”* vra dat alle mense met waardigheid behandel word (Moltmann 1984:ixf) soos aangehaal deur Du Plessis.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In verskeie moderne lande word hierdie menswaardigheid deur ’n Handves van Menseregte beskerm en gewettig. Bedford-Strohm (2010:219) meen dat die tema van menswaardigheid belangrik is vir die globale etiek omdat daar ’n wye konsensus oor die fundamentele belang van menswaardigheid is. Dit is moeilik om konsensus in die wêreld te bereik oor hoe daar teen menseregteskending opgetree moet word, aangesien mense as gebruiksartikels gesien en gebruik word. As gevolg van die feit dat hierdie onregverdige optrede, soos byvoorbeeld sekshandel, so wydverspreid voorkom, is daar sterk ondersteuning van drukgroepe dat menseregte en menswaardigheid kritieke optrede vereis.

As gekyk word na die geskiedenis en Bybelse bronne en verwysings, kan gesien word dat daar dikwels ’n stryd om menswaardigheid en menseregte gevoer is – in baie gevalle teen die kerk en die geïnstitusionaliseerde Christendom (Bedford-Strohm, 2010:214). Dus is die stryd om menswaardigheid en menseregte nie iets nuuts nie. Die konsepte van menswaardigheid, menseregte en verantwoordelikheid het tot ’n mate hulle wortels in die tradisionele Christelike geloof en idees, alhoewel hierdie drie konsepte hulle eiesoortige definisie onder die invloed van nuwe ontwikkelings en filosofiese idees tydens die opkoms van moderniteit verkry het. Hierdie konsepte is eers redelik onlangs oor die algemeen as afsonderlike terme begin gebruik. As gevolg van die verskillende definisies van hierdie onderskeie konsepte in die tradisionele Christelike geloof sou dit, aan die een kant, onaanvaarbaar wees vir Christene om hierdie konsepte sonder kritiek te aanvaar, of om hulle te aanvaar as deel van hulle Christelike erfenis. Om die tema van menswaardigheid werklik te verken, moet duidelikheid verkry word oor die betekenis daarvan (Bedford-Strohm, 2010:212).

Die term “menswaardigheid” is só kontroversieel dat dit vir baie mense nie meer werklik iets beteken nie. Die term word as kontroversiëel beskou, bloot omdat mense hulle medemens se waarde nie meer raaksien nie. Kant verwys na die terme “middel tot ’n doel”. Dit is ook presies hoe mense hulle medemens sien, naamlik as ’n “middel tot ’n doel”. Alhoewel menswaardigheid deur sekere mense gehuldig word, word dit weer deur ander misken omdat mense dikwels as gebruiksartikels beskou word (Bedford-Strohm, 2010:211).

Dit is egter belangrik om aan die tema van menswaardigheid aandag te skenk aangesien ŉ beroep op menswaardigheid en menseregte (wat afgelei is daarvan) al talle lewens gered het en talle nuwe moontlikhede geskep het tydens politieke veranderinge, byvoorbeeld deur die delegitimasie van onregverdige mag. In situasies van stryd waar die aandag op "menswaardigheid" gevestig word, help dit om die verskil tussen reg en verkeerd te bepaal (Bedford-Strohm, 2010:211). Dirkie Smit beklemtoon die belang van menswaardigheid binne "hedendaagse ekumeniese teologie (na ŉ aanvanklike huiwering), wat teoretiese paradigmas sterk aanbeveel, waarbinne menseregte, as die konkrete vergestalting van menswaardigheid sentraal staan" (Smit, 2007:352). Die intense lees van die Bybel ondersteun ook hierdie leerproses sterk (Koopman & Smit, 2007:278).

Daar is ŉ noue verband tussen menswaardigheid en menseregte. Menswaardigheid is onvoorwaardelik en is nie iets wat verdien hoef te word nie. Dit is inherent aan die mens en kom elke mens toe. Die mens word beskou as ŉ verantwoordelike, selfversekerde, unieke en kwesbare wese en het regte wat hy/sy kan opeis. Dit kom hom/haar toe om as unieke mens op ŉ menswaardige manier behandel te word sodat hy/sy tot sy/haar volle potensiaal kan ontwikkel (Hughes, 2011:10). Om in vryheid te lewe en om as ŉ mens op ŉ gelyke vlak in die samelewing behandel te word, is ŉ reg wat nie misken kan word nie.

Die verhouding tussen menswaardigheid en menseregte word soos volg deur Louw (2012:166) uiteengesit:

- Die etiese dimensie: die dinamika van bestaansregte teenoor saambestaan (*co-existence*) en menseregte. Die volgende regte is veronderstel om menswaardigheid te beskerm:

    1. Materiële regte: die reg tot oorlewing/bestaan en toegang tot lewensonderhoudende sisteme, soos kos, skoon water en behuising. Hierdie regte word bepaal deur die polariteite van rykdom en armoede.

2. Mediese regte: die reg tot basiese mediese dienste ten einde higiëne en gesondheid in stand te hou. Hierdie regte word bepaal deur die polariteite van gesondheid en siekte.

3. Filosofiese en politieke regte: die reg om te kies en die reg tot vrye assosiasie. Binne ’n demokratiese samelewing het mense die reg om te kies met wie hulle assosieer, byvoorbeeld vriende, huweliksmaats en familielede. Hierdie regte word bepaal deur die polariteite groepsidentiteit (byvoorbeeld van ’n nasie) teenoor individualisme.

- Die dimensie van kulturele identiteit: die dinamika van lokaliteit teenoor kontekstualiteit. Kulturele identifikasie word bepaal deur die polariteite van gemeenskaplikheid en plaaslike, kontekstuele belangstellings, asook deur die belange van die minderheid. Binne hierdie dimensie impliseer waardigheid uniekheid en eiesoortigheid wat in gewoontes, taboes en taal uitgedruk word.

- Die dimensie van ekonomiese ontwikkeling: die dinamika van kapitaal (finansies) teenoor die produk (arbeid).

- Die juridiese dimensie: die dinamika van vrede teenoor geweld.

- Die opvoedkundige dimensie: die dinamika van opvoeding (kennis) teenoor vermoëns (bevoegdheid).

- Die strukturele dimensie: die dinamika van tegnologie (uitbuiting) teenoor die omgewing (bewaring).

- Die godsdienstige dimensie: die dinamika van godsdienstige simbole/rituele teenoor oortuigings (leer/dogma).

- Die demokratiese dimensie: die dinamika van mag teenoor individuele verantwoordelikheid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bostaande uiteensetting van die dimensies van menseregte veronderstel dat menseregte en menswaardigheid grootliks gekoppel is aan sekere norme en waardes. Met gemeenskapsontwikkeling moet sekere waardes in ’n gemeenskap vasgelê word sodat die gemeenskap op sy eie na mense sal omsien en sal toesien dat mense, insluitend kinders, nie misbruik word nie.

Volgens Louw (2012:168) is die bevordering van menswaardigheid in gemeenskapsontwikkeling afhanklik van die handhawing van die volgende basiese menslike waardes:

•Vryheid;
•Gelykheid;
•Medemenslikheid; en
•Regverdigheid.

Hierdie bogenoemde waardes word ook in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996 (Republiek van Suid-Afrika, 1996), saamgevat.

5.2.1 Universele Verklaring van Menseregte

In die Verenigde Nasies (1948:1) se Universele Verklaring van Menseregte word daar verwys na die “inherente natuurlike waardigheid van die mens”. Die mens is met ander woorde menswaardig omdat hy/sy ’n mens is. Deur hom/haarself te kan uitleef, is om ten volle mens te kan wees. Hierdie uitgangspunt word ook volgens Vorster (2007:21) deur die Afrika-filosofie van “ubuntu” (’n Nguni-woord vir deernis en menslikheid) vooropgestel. Menswaardigheid kan dus as ’n reg beskou word en elke mens het dié reg om ten volle mens te kan wees. Menswaardigheid is in 1995 deur die Konstitusionele Hof van Suid-Afrika amptelik as ’n mensereg erken:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> Recognising the right to dignity is an acknowledgement of the intrinsic worth of human beings: human beings are entitled to be treated as worthy of respect and condern. This right therefore is the foundation of many of the other rights that are specifically entrenched in [the Bill of Rights] (S. v. Makwanyane [3] SA 391 [CC] para. 144).

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996 (Republiek van Suid-Afrika, 1996) se grondliggende bepalings (hoofstuk 1) begin dienooreenkomstig met die volgende:

> Die Republiek van Suid-Afrika is een, soewereine, demokratiese staat gegrond op die volgende waardes:
>
> (a) Menswaardigheid, die bereiking van gelykheid en die uitbou van menseregte en vryhede.
>
> (b) Nie-rassigheid en nie-seksisme.
>
> (c) Die oppergesag van die grondwet en die heerskappy van die reg.
>
> (d) Algemene stemreg vir volwassenes, ’n nasionale gemeenskaplike kieserslys, gereelde verkiesings en ’n veelpartystelsel van demokratiese regering, om verantwoordingspligtigheid, ’n responsiewe ingesteldheid en openheid te verseker” (Bedford-Strohm, 2010:212; Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996).

Menswaardigheid was nog altyd kwesbaar vir uitbuiting. Wanneer twee partye bots, kan die moontlikheid bestaan dat die een party die ander afbreek. Die opponent of teenstander se waardigheid word aangetas ten koste van sy/haar siening en begeertes (Botman, 2004:323). Dus kan mense misbruik maak van ander se menseregte en hulle van regte ontneem. Die grondliggende bepalings, soos uiteengesit in die Suid-Afrikaanse grondwet, stel menswaardigheid, vryheid en gelykheid vir almal as die paradigmas wat help om die fundamentele regte wat in die grondwet verskans word, asook die wetgewende prosesse wat hiermee gepaard gaan, te interpreteer. Hierdie grondliggende bepalings bewerkstellig ’n wegbeweeg van die diskriminerende praktyke van die verlede waar daar deur wetlike sanksies toegelaat is dat bevoordeling plaasvind het op kulturele, godsdienstige, geslagtelike en rassegronde.

Die post-apartheid Suid-Afrikaanse grondwet is dus in ooreenstemming met die klassieke liberale tradisie wat bepaal dat alle mense waardigheid het en menswaardig behandel moet word weens hulle rasionele aard, oftewel hulle "menslikheid" (De Waal, Currie & Erasmus, 2001:176).

Die Handves van Regte gaan verder deur die begrip menswaardigheid spesifiek op die dialektiek van vryheid en gelykheid toe te pas. Die verbintenis tot menswaardigheid word opgelê as ’n verantwoordelikheid van die staat, van wie verwag word om die regte in die Handves van Regte te respekteer, te beskerm en te bevorder. Hierdie verantwoordelikheidskonsep is ’n belangrike onderwerp in die menseregtedebat aangesien menseregte oor meer gaan as om bloot te eis dat ander jóú regte respekteer en beskerm.

Menseregte moet eerder uitgedruk word as ’n verantwoordelikheid teenoor ander. ’n Persoon is nie net vry van nie, maar inderdaad ook vry om verantwoordelikheid teenoor die ander te aanvaar en daarvolgens op te tree.

Die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Mensehandel, Wet 7 van 2013 (Republiek van Suid-Afrika, 2013) in terme van internasionale ooreenkomste, bepaal met betrekking tot mensehandel en die verpligtinge van die Republiek, om voorsiening te maak vir die oortreding van mensehandel en ander oortredings wat verband hou met mensehandel. Daar is verskeie boetes wat opgelê kan word ten opsigte van hierdie misdrywe, en maatreëls word bepaal met die uitsluitlike doel om die slagoffers te beskerm. Die gekoördineerde implementering van die Wet vereis om die nodige bystand aan slagoffers te verleen. Die Wet lê riglyne neer vir die voorkoming en bestryding van mensehandel binne of oor die grense van die Republiek, en vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Hierdie wet sluit aan by die Handves van Regte vervat in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996 (Republiek van Suid-Afrika, 1996), wat die volgende waarborg:

> die reg op menswaardigheid en gelykheid, en die reg tot vryheid en sekerheid van die persoon, wat die reg insluit om nie te onderhandel oor die vryheid van die persoon nie, nie op ’n wrede of onmenslike of vernederende wyse behandel te word nie, die reg om nie aan slawerny of, gedwonge arbeid onderwerp te word nie, en om die reg van kinders te beskerm teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik of om aan vernedering onderwerp te word.

Hierdie wet is ingestel vir die voorkoming en bestryding van, en die strafoplegging vir, die wandaad van handel, veral van vroue en kinders, wat as meer kwesbaar beskou word. Dit is opgestel na aanleiding van die Verenigde Nasies se protokol en hulle Konvensie teen Transnasionale Georganiseerde Misdaad van 2000, en ander internasionale ooreenkomste wat plaasvind wat van die Repubiek van Suid-Afrika vereis word in ’n poging om mensehandel te bekamp en uiteindelik uit te wis. (Republic of South Africa, 2013, Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act 7 of 2013, Cape Town: Government Gazette).

Hoofstuk 2 vestig die aandag op die feit dat die meeste voorregte geniet onder persone wat vir sekshandel gevange geneem word, jong kinders is en derhalwe die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Mensehandel, Wet 7 van 2013 (Republiek van Suid-Afrika, 2013).

Die kind is volledig mens en moet dienooreenkomstig behandel word, want die kind het ook regte soos enige ander mens. Daarom gaan daar vervolgens op kinderregte gefokus word.

5.2.2 Kinderregte

Mense se beskouing van die rol wat kinders in die samelewing speel, asook hulle status, wissel na gelang van die spesifieke sosiale, politieke en ekonomiese omstandighede en vlak van ontwikkeling van ’n land, streek of kontinent. Derhalwe beklee kinders en tieners soms ’n omstrede posisie in die samelewing. Gevolglik is daar meningsverskille oor die vryheid wat kinders behoort te hê, asook oor hulle deelname aan beleidsformuleringprosesse waar hulle idees uitgedruk kan word.

In verskeie gemeenskappe word kinders beskou as “klein of miniatuur-volwassenes” en geglo dat hulle dienooreenkomstig moet deelneem aan en optree in hierdie gemeenskappe. In ander gemeenskappe word kinders nie betrek om deel te neem aan aktiwiteite of aan besluite in die “volwasse wêreld” nie (Gwandure & Mayekisob, 2011:233). Kinders moet nog vry wees om te speel en kind te wees.

Geen verantwoordelikhede ten opsigte van enige besluitnemings in die samelewing moet van ŉ kind verwag word nie. ŉ Kind is nie verantwoordelik om voorsiening te maak vir sy/haar basiese behoeftes nie. Dus is kinderregte nodig om hulle te beskerm teen wanpraktyke soos sekshandel waar hulle jeugjare van hulle ontneem word.

Die Duitse filosoof Immanuel Kant was van mening dat menseregte eweweens op kinders van toepassing is. Volgens hom is kinders ook mense en beskik dus oor die sogenaamde “formule van menslikheid”. Alle mense is na die beeld van God geskape en beskik dus oor hierdie “formule”. Kinders moet derhalwe gesien word as *persone* en nie *objekte* nie, aangesien hulle ook “toegerus is met vryheid” (Giesinger, 2012:609). Die konsep dat kinders ook as persone in die samelewing beskou word, is belangrik vir hierdie navorsing. As terugverwys word na hoofstuk 2 waar statistiek toon dat die grootste persentasie slagoffers van sekshandel kinders is, moet ŉ kind volgens Giesinger beskou word as ŉ volledige mens, geskape na die beeld van God en hy/sy moet met ander woorde met waardigheid behandel word (Giesinger, 2012:609).

Kindermisbruik en -mishandeling is egter al ŉ eeue-oue verskynsel waar kinders al deur die eeue heen deur volwassenes aan baie risikofaktore blootgestel en uitgebuit is. In hoofstuk 2 het die navorser klem daarop gelê dat kinders van die regte wat hulle toekom, ontneem word deur middel van kinderhandel, wat gekenmerk word deur kindermisbruik en -mishandeling. Deesdae word die regte van die kind erken en kan beskerming teen hierdie wandade gebied word. Volgens Louw (2007:384) is die kennis van kinders se regte nie net polities korrek nie. Dit is noodsaaklik dat elkeen toegewyd is om dit wat in die verlede en hede met kinders gebeur het, reg te stel.

As gevolg van die feit dat daar steeds vandag ongeregtighede teenoor kinders gepleeg word ten opsigte van sekshandel, hoef slegs na die ontvoering van 223 koshuiskinders van Nigerië verwys te word (Hoofstuk 2).

(Gwandure en Mayekisob, 2011:243) Na wat berig word is meisies magteloos en minder uitgesproke oor hulle behoeftes. Hierdie wanbalans wat tussen meisies en seuns heers ten opsigte van hulle kwesbaarheid, het sy wortels in die kinderjare en adolessensietydperk van kinders.

Dit het tot gevolg dat die verskil in mag tussen mans en vroue op beide individuele en gemeenskapsvlakke, asook op verhoudingsvlakke, gevind word. Dit is belangrik aangesien kinders nog afhanklik is van hulle ouers, familie en die staat vir leiding, onderrig en beskerming. Derhalwe is kinders die weerlooste mense in die samelewing. ʼn Kind benodig spesiale sorg en beskerming om die kind se belange te beskerm. Daarom moet die staat spesifieke regulasies en wette in plek stel (Louw, 2007:384). Die feit dat kinders die weerlooste groep mense in gemeenskappe is, maak kinders dus ʼn maklike teikengroep vir sekshandel.

Daarom verwys die basiese bepalings in die Suid-Afrikaanse Wet op Kinderregte ook na die waardigheid van die kind en beskerm die kind sodat hy/sy kan ontwikkel en sy/haar potensiaal kan verwesenlik (Louw & Louw, 2007:384). Vervolgens word die kriteria ten opsigte van die nakoming van kinderregte, wat wêreldwyd nagekom moet word, gegee.

Kinderregte (Louw & Louw, 2007:384):

- Die reg op oorlewing;
- Die reg om ten volle te ontwikkel;
- Die reg om beskerm te word teen skadelike invloede, misbruik en uitbuiting; en
- Die reg om ten volle aan die gesins-, kulturele en sosiale lewe deel te neem.

Die Suid-Afrikaanse Verdrag op Kinderregte stel vier kernbeginsels voor wat geldig is vir elke kind. Louw en Louw (2007:384) verwys na die volgende, naamlik:

- Die reg van die kind om nie teen gediskrimineer te word nie;
- Toewyding aan die beste belange van die kind;
- Die reg van die kind om te leef, te oorleef en te ontwikkel; en
- Respek vir die standpunte van die kind.

Verdrae oor die beskerming van kinderregte, wat ook deur Suid-Afrika onderskryf word (byvoorbeeld deur die Republiek van Suid-Afrika se Kinderwet, Wet 38, van 2005), bepaal dat kinders die reg het om deel te neem en gehoor te word in die samelewing. ʼn Kind moet in staat gestel word, en het die reg om hom/haarself teenoor volwassenes en ander kinders uit te druk, ten opsigte van sy/haar behoeftes en gevoelens.

Die kind se openbare deelname word bevorder deur internasionale verdrae soos die Verenigde Nasies se Universele Verklaring van Menseregte, die Geneefse Deklarasie oor die Regte van die Kind, die Verenigde Nasies se Verklaring oor die Regte van die Kind en hulle Konvensie oor die Regte van die Kind, asook die Afrika-Handves oor die Regte en Welvaart van die Kind (Kinderwet, Wet 38, 2005).
In die Suid-Afrikaanse Handves van Menseregte, Artikel 28 (Republiek van Suid-Afrika, 1996), wat handel oor kinderregte, word daar byvoorbeeld bepaal dat die kind regte het net soos volwassenes. Kinders word volgens hierdie wet beskerm ten opsigte van hulle vryheid van uitdrukking en sosiale mobiliteit, asook deur die sosiale leer konsep van sosiale stelsels (dit is om in staat te wees om beheer uit te oefen of invloed te hê op wat rondom hulle gebeur in die samelewing).

Die doel is om kinders te bemagtig deur middel van opvoeding oor menseregte sodat hulle kan deelneem aan besluitnemingsprosesse by die huis, in die gemeenskap, by die skool en in ander opvoedkundige instansies (byvoorbeeld tersiêre instellings), asook uiteindelik in die werksopset. Dit sal kinders toerus om as goeie burgers van die land te kan optree en te weet wat hulle wil bereik (Gwandure & Mayekisob, 2011:249). Dit is dus belangrik dat kinders toegerus word om te weet wat hulle regte is. Kinders het ook ʼn stem gekry, hulle mag nie stil bly nie, veral nie in ʼn situasie van sekshandel nie.

5.3 Menseregte en sekshandel

Ten spyte van ’n groter bewustheid van menseregte en menswaardigheid duur mensehandel (insluitend kinderhandel) en sekshandel regoor die wêreld voort. Dit gebeur, onder andere as gevolg van onkunde oor sekshandel en ’n onbewustheid van die gevaartekens daarvan. Slagoffers wat moontlik betrek kan word by sekshandel, sal byvoorbeeld ’n bedrieglike aanbod van indiensneming aanvaar. Adolessente is nie bewus van die potensiële gevare daaraan verbonde nie. Individue word verder kwesbaar gemaak deur hulle huislike omstandighede, byvoorbeeld in ’n tekort aan liefde, binne die teenwoordigheid van konflik of onmenslike sosiale praktyke. Daarby word hulle maklik mislei deur beloftes van ’n beter lewe deur sekshandelaars. As die slagoffers dan eers in so ’n situasie vasgevang is, beskik hulle nie oor genoeg kennis oor hoe om hulp te soek om uit sodanige situasies te ontsnap nie (UN.GIFT: United Nations Global Initiative to fight human trafficking, 2008:37).

In die lande waarheen mense vir seks-/mensehandel ontvoer word, gaan dié handel ook gewoonlik onbelemmerd voort, aangesien die publiek nie dié skadelike situasies kan identifiseer nie.

Waar owerhede en ander belanghebbendes oningelig is, kan daar selfs teen ’n slagoffer gediskrimineer word. Hy/sy kan aangekla word as ’n misdadiger, of uit die land gedeporteer word. Dít gebeur terwyl die eintlike skuldiges, die uitbuitende mensehandelaars, aktief bly en nie ondersoek, ondervra of gevonnis word nie (UN.GIFT: United Nations Global Initiative to fight human trafficking, 2008:37).

In die eerste artikel van die Universele Verklaring van Menseregte van 1948 word die volgende verklaar: “All human beings are born free and equal in dignity and rights. They are endowed with reason and conscience and should act towards one another in a spirit of brotherhood” (Stackhouse, 1984:286).

Menswaardigheid word dus sterk deur dié verklaring beklemtoon en die kernaspekte van menswaardigheid bestaan volgens hierdie verklaring uit vier elemente, naamlik vryheid, verantwoordelikheid, onvervangbaarheid en kwesbaarheid vir lyding en vernedering.

Mense- en sekshandel is dus teenstrydig met die konsep van “menswaardigheid”, soos vervat in die Universele Verklaring van Menseregte, aangesien dit tot die skending van menseregte lei en verhoed dat die slagoffers “inherente waardigheid” en “vryheid” kan geniet. Slagoffers van sekshandel word gevange geneem en van hulle waardigheid en menswees ontneem.

Soos in hoofstuk 2, waar Van de Glind & Kooimans se definisie van sekshandel bespreek word, beklemtoon die navorser weereens dat kinderhandel van toepassing is op sekshandel. Dit kom duidelik na vore dat kinders ook ’n reg het, asook regte wat hulle kan beskerm.

> Enige handeling of transaksie waarby ’n kind deur enige persoon of groep persone oorgedra word aan ’n ander vir vergoeding of om enige ander taak te verrig (Van de Glind & Kooijmans, 2008:152).

> Die term “sekshandel” verwys na ’n vorm van mensehandel wat behels die werf, vervoer, oordrag, herberg of ontvangs van persone deur middel van dwang, of ander metodes soos ontvoering, bedrog, misleiding, of die misbruik van mag (Zimmerman *et al*., 2006:48).

In die sekshandelbedryf word die volgende menseregte gewoonlik geskend: die reg op lewe, die reg op vryheid van diskriminasie, die reg op waardigheid, die reg op vryheid van wreedheid, die reg teen vernederende en onmenslike behandeling, die reg op veiligheid, die reg op privaatheid, die reg op toegang tot inligting, die reg op regsverteenwoordiging, die reg op skadevergoeding, die reg om mediese en maatskaplike bystand te versoek, die reg om verblyf te soek, die reg om vry te wees van slawerny, die reg op vrye keuse van arbeid en die reg om terug te keer na jou land van herkoms. Integrale aspekte van menseregte, soos menswaardigheid, word dus deur hierdie bedryf misken.

In ’n poging om hierdie onmenslike praktyke die hoof te bied, stel lande wette in plek wat mensehandel as ’n strafbare en kriminele oortreding verklaar. Die Suid-Afrikaanse Gemenereg en die statutêre reg speel nie ’n rol in die bekamping van mensehandel nie, en is onvoldoende om vroue en kinders te beskerm.

Daarom het die president van Suid-Afrika in 2013 ’n wet onderteken wat spesifiek voorsiening maak vir die bekamping van mensehandel (Zuma passes human trafficking bill, 2013).

Ten einde mensehandel te bekamp en te voorkom het president Jacob Zuma ’n wetsontwerp onderteken. Vir die heel eerste keer in die Suid-Afrikaanse geskiedenis is daar ’n enkele wet onderteken wat op een euwel in die samelewing fokus, naamlik die handel in mense. ’n Oortreder wat betrokke is in mensehandel sal die maksimum straf opgelê word van lewenslange tronkstraf, ’n boete van honderd miljoen rand of beide. Daar sal ook vergoeding aan die slagoffers betaal moet word deur die skuldiges. Die presidensie het bevestig dat die nuwe wetgewing ook betrekking het op die vernietiging en/of vervalsing van reisdokumente, slawerny ten opsigte van skuld, en om gebruik te maak van die dienste van die slagoffers van mensehandel. Hierdie onskuldige slagoffers van mensehandel is ’n moderne vorm van slawerny. Daar word ook in die wetgewing gekyk na die lot van die slagoffers. Die wetgewing sal die slagoffers beskerm en bystaan in hulle herstel van traumatiese ervarings en die impak wat lewensgevaarlike omstandighede op hulle as mens gehad het. Die vorige wetgewing het hierdie kwessie verdeel, naamlik seksuele misdrywe ten opsigte van die handel van mense vir seksuele uitbuiting, terwyl die Kinderwet die handel van kinders spesifiek aanspreek. Die nuwe wetgewing spreek ook die land se internasionale verpligtinge, soos vereis deur die Verenigde Nasies se protokol, aan. Binnelandse Sake speel ’n belangrike rol deur regulasies na te volg soos bepaal deur hierdie wetgewing. Dit is ’n saak van dringendheid om slagoffers by te staan en te beskerm teen die euwels van sekshandel.

5.4 Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar geïllustreer dat kinderregte deel vorm van en net so belangrik is as menseregte. Aangesien sekshandel ’n blywende werklikheid is, moet mense, insluitende kinders, teen hierdie wanpraktyk beskerm word. Verskeie voorbeelde van wette en verdrae wat ingestel is om dit teweeg te bring, is in hierdie hoofstuk gegee, insluitend die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Mensehandel, Wet 7 van 2013 (Republiek van Suid-Afrika, 2013), wat bevestig dat mensehandel ’n oortreding is en gevolglik strafbaar is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vervolgens word in die volgende hoofstuk aandag gegee aan die gevolgtrekkings en aanbevelings van hierdie studie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 6

Gevolgtrekkings en aanbevelings

6.1 Inleiding

Na aanleiding van die literatuuroorsig in die vorige hoofstukke, word gevolgtrekkings en aanbevelings in die lig van die doelstellings van hierdie studie. Die aanbevelings is gemik op gemeenskappe, gemeentes en veral regeringsleiers. Die aanbevelings fokus op die voorkoming van sekshandel en veral die opheffing van jeugdiges wat negatief beïnvloed is deur sekshandel deurdat veral hulle menswaardigheid aangetas en ontken is deur sekshandel.

6.2 Doelstellings

Die doelstellings van hierdie studie was die volgende:

- Om ’n oorsig te bied van sekshandel, wat dit behels, en wat die moontlike oorsake daarvan is ten einde bewusmaking van die verskynsel te bevorder (hoofstuk 2).

- Om vanuit ’n sielkundige oogpunt die uitwerking van sekshandel op die ontwikkeling van seksualiteit tydens adolessensie te beskryf (hoofstuk 3).

- Om teologies te reflekteer op menswaardigheid in die konteks van sekshandel (hoofstuk 4).

- Om te fokus op die verband tussen menseregte en menswaardigheid en te bepaal watter impak wetgewing op die beskerming van potensiële slagoffers van sekshandel het (hoofstuk 5).

- Om voorstelle te maak oor hoe veral ouers, gemeentes en gemeenskappe, aan die een kant, voorkomend kan optree om sekshandel hok te slaan en, aan die ander kant hoe om slagoffers van sekshandel te kan begelei op pad na heelwording (Hoofstuk 6).

6.3 Gevolgtrekkings en aanbevelings

In hoofstuk 2 is die volgende doelstelling aangespreek:

- ʼn Oorsig is gebied oor sekshandel, wat dit behels, en die moontlike oorsake daarvan om hierdie verskynsel te verduidelik en om die imperatief van aksie te beklemtoon.

Gevolgtrekkings

Die volgende gevolgtrekkings kan gemaak word uit die literatuurstudie wat in hoofstuk 2 aangebied word:

- Deur sekshandel word mense op verskillende vlakke uitgebuit. Die meeste slagoffers word mislei deur beloftes van ʼn beter lewe en beland as gevolg van hulle behoefte aan basiese lewensmiddele soos kos en klere in die hande van die sekshandelaar.

- Slawerny behels nie net seksuele uitbuiting nie. Dit gaan ook gepaard met aktiwiteite soos georganiseerde misdaad, trekarbeid, immigrasie, mensehandel, strukturele ongelykhede, ens.

- Die gevolge van sekshandel het ʼn uiterse negatiewe effek op die slagoffers. Hulle onskuld word onmiddellik van hulle ontneem en in ʼn oogwink verander hulle omstandighede in ʼn nagmerrie waaruit hulle nie kan ontsnap nie. Geen respek word teenoor hulle as mens getoon nie en, nog minder teenoor hulle liggaam. Hulle word net as ʼn produk gesien wat oor en oor gebruik kan word vir geld. Sekshandel doen afbreuk aan die slagoffer as mens.

- 80% van die slagoffers van sekshandel is vroulik en 50% is jeugdiges. Die vroulike geslag word dus uitgesonder as die handelaars se teikengroep, omdat hulle kwesbaar is en fisiek swak is.

- Na aanleiding van die oorsake speel globalisering ʼn groot rol in die handel van mense en word onder andere die dryfveer vir sekshandelaars.

- Slawehandel, mensehandel en prostitusie staan in noue verband met mekaar. In almal word die mens gebruik en misbruik vir hulle liggaam. Sekshandel is dus ŉ vertakking van mensehandel wat vandag bekend staan as die moderne vorm van slawehandel. Prostitusie is wel iets waarin slagoffers van sekshandel terug in kan verval as gevolg van geen heenkome of behandeling na sekshandel nie.

Aanbevelings

- In Suid-Afrika sal NSO's, ander organisasies en kerke moet saamstaan om armoede, werkloosheid en die gebrek aan voedsel te bestry. Gemeenskappe moet derhalwe leer om saam te staan en om te sien na hulle medemens, omdat mense kosbaar is vir God. ŉ Positiewe gevolg wat uit hierdie opheffing van gemeenskappe kan spruit, is dat die hoeveelheid slagoffers van sekshandel drasties verminder kan word.

- Die regering moet ŉ begroting opstel om diegene wat in die buiteland gered is van sekshandel, se reiskostes te kan betaal sodat hulle na hulle tuiste kan terugkeer.

- Bowenal sal meer aandag gegee moet word daaraan om adolessente bewus te maak van hoe sekshandelaars te werk gaan, aangesien hulle meestal gebrekkige kennis het oor sekshandel en die gevaartekens daarvan. Skole en gemeenskappe moet in kennis gestel word oor wat sekshandel behels en hoe hulle dit kan bekamp.

- Besighede en instansies moet werk skep, projekte loods en kursusse en werkswinkels aanbied sodat arm gemeenskappe en die jeug bemagtig kan word. Aangesien globalisering ŉ groot rol speel in die handel van mense omdat vooruitgang die dryfveer is, moet die gemeenskap die slagoffers help om werk te kry.

- Die manier hoe mense mekaar beskou, moet verander. Waar mense in die sekshandelbedryf as kommoditeite beskou word, moet die mens eerder gesien word as ŉ kosbare individu wat ŉ skepsel van God is en vir wie God baie lief is. Waar mense as "kommoditeite" beskou word, sal daar ŉ drastiese paradigmaskuif gemaak moet word sodat mense aanvaar kan word vir wie hulle is. Derhalwe moet mense nie gesien word as ŉ middel tot ŉ doel nie, maar eerder as waardevol voor God, omdat almal gelyk is in menslikheid, menswaardigheid en eerbiedwaardigheid.

In hoofstuk 3 is die volgende doelstelling aangespreek:

- Om vanuit ŉ sielkundige oogpunt die uitwerking van sekshandel op die ontwikkeling van seksualiteit tydens adolessensie te bespreek.

Gevolgtrekkings

Na aanleiding van die doelstelling van hoofstuk 3, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Dit is veral kinders en vroue wat kwesbaar is vir seksuele uitbuiting, aangesien hulle weerloos is en nie beskik oor fisiese krag nie. Verder het kinders ook ŉ gebrek aan kennis en ervaring. By hulle ontbreek byvoorbeeld die nodige kennis oor hulle liggaam, asook die seksuele en die voortplantingstelsel. Kinders beskik moontlik nog nie oor die nodige kennis van oordraagbare siektes soos MIV/vigs nie. As gevolg van hierdie gebrek aan kennis en ervaring is hulle gewoonlik geneig om nie ŉ volwasse oordeel te kan fel nie. Verkeerde besluite word derhalwe geneem wat lei tot ernstige, nadelige nagevolge.

- Die kognitiewe ontwikkeling van die kind verwys daarna dat hy/sy tydens puberteit soos ŉ volwassene begin optree en dink. Hiermee saam ontwikkel die kind ook fisies en begin soos ŉ volwassene lyk. Beide die liggaamlike en kognitiewe ontwikkeling is vir adolessente baie dramaties.

Die kind wat ŉ slagoffer van mensehandel en/of sekshandel is, se kwesbaarheid ten opsigte van sy/haar fisiese en geestelike ontwikkeling word vererger deur die trauma waardeur hy/sy gaan. Dit veroorsaak geestelike probleme wat manifesteer in die vorm van posttraumatiese stresversteuring, depressie, angs, psigose, gedragsprobleme en selfmoordneigings.

- ŉ Identiteitskrisis ontstaan by die slagoffers van sekshandel, wat hulle moeilik vind om te hanteer. Hulle ondervind, soos bo genoem, die ontwikkelingsfases as ŉ negatiewe invloed op hulle lewe, menswees en identiteit. Daarmee saam word slagoffers van sekshandel onteem van hulle menswaardigheid. Daar is onlangs getoon dat seksuele misbruik in die kinderjare baie nadelige gevolge vir die adolessent se ontwikkeling tot gevolg het. Sommige gevolge van seksuele mishandeling het ŉ voortdurende impak op die kind se ontwikkelingstadium. “Traumatiese” seksuele ervarings beïnvloed die ontwikkeling van die adolessent op verskeie terreine en veroorsaak byvoorbeeld probleme met die vorming van hegte verhoudings, wantroue, probleme met selfbeeld, depressie, swak gedrag, posttraumatiese stresversteuring en gesondheidsprobleme wat tot en met volwassenheid ŉ invloed op hulle lewe kan uitoefen. By volwasse vroue wat in hulle adolessentejare seksueel misbruik is, onstaan daar ŉ gevoel van stigmatisering en selfblaam wat hulle denkpatrone oorheers.

- Daarby is die herstelproses ŉ lang proses. Genesing en herstel affekteer nie slegs die gesondheidsfaktore van die fisiese liggaam nie, maar ook die adolessent se herstel op geestelike en psigiese gebied.

Aanbevelings

- Aangesien adolessente ŉ kwesbare teikengroep is, moet daar klem geplaas word op die bewusmaking van sekshandel by hierdie groep, maar ook in die wyer gemeenskap.

- Adolessente slagoffers wat uit sekshandel gered is, moet die nodige behandeling ontvang binne ŉ beradingsproses waarin die gemeenskap stap-vir-stap saam met die slagoffer loop. Die gemeenskap en kerke kan byvoorbeeld berading aanbied, huisbesoeke doen en op ŉ gereelde basis aktiwiteite aanbied wat die adolessente betrek om sodoende te help om hulle selfvertroue weer op te bou. Dit is vir hierdie mense belangrik om morele bystand en ondersteuning van die gemeenskap, familie en vriende te kry om te kan herstel. Dit is dus elke lid van die kerk se verantwoordelikheid om uit te reik na hulle medemens om hierdie pad na herstel te ondersteun. Hierdie hulp kan in die vorm van finansiële of fisiese bystand wees en lidmate kan byvoorbeeld help deur betrokke te raak by veiligheidshuise.

- Deur die loop van die herstelproses moet adolessente slagoffers die geleentheid gebied word om weer hulleself te kan wees in ŉ positiewe en gesonde omgewing. Hulle moet besef dat hulle nie gevangenes van hulle verlede hoef te wees nie. Hulle moet derhalwe die geleentheid gebied word om hulle pad vorentoe te verbeter deur onder meer saam met beraders, leraars en sielkundiges te werk.

In hoofstuk 4 is die volgende doelstelling aangespreek:

- Om teologies te reflekteer op menswaardigheid in die konteks van sekshandel.

Gevolgtrekkings

Die volgende gevolgtrekkings kan gemaak word uit die literatuurstudie wat in hoofstuk 4 aangebied word:

- Aangesien menswaardigheid onvoorwaardelik is en nie iets is wat verdien hoef te word nie, is dit inherent aan die mens en kom elke mens toe. In sekshandel word die slagoffer van sy/haar waarde ontneem die oomblik wanneer die handelaar die slagoffer se liggaam misbruik tot sy voordeel.

Slagoffers wat vasgevang is in sekshandel, kan derhalwe nie hulle volle potensiaal bereik soos God dit ingestel het nie sodat daar afbreek gemaak word aan God se skepping.

- Aangesien elke persoon uniek is in God se oë, gee Hy aan elkeen die waardigheid om ten volle mens te wees. Elke persoon besit waardigheid omdat elke mens na die beeld van God geskape is. Menswaardigheid behels derhalwe dat die draer daarvan die verantwoordelikheid het om op ʼn waardige manier op te tree teenoor hom/haarself, sy/haar medemens en die natuur, en om op daardie manier God se morele roeping te vervul.

- Ten spyte van Jesus se lyding, vergewe Hy egter dié wat Hom laat kruisig het en deur sy vergifnis, herstel Hy die waardigheid van die skuldiges. Die simbool van die kruis, is vergelyk met slawerny vergelyk. Albei getuig van vernedering, marteling, disrespek en naaktheid wat ʼn vorm van seksuele mishandeling is. Bogenoemde aspekte dui daarop dat Jesus die enigste Persoon is wat werklik sal verstaan waardeur sekshandel-slagoffers gaan.

- Aangesien slagoffers binne sekshandel van hulle menswaardigheid gestroop word, vind hulle die pad na herstel moeilik.

Aanbevelings

- Die waardigheid wat God aan die mens verleen het, moet deur alle mense aan hulle medemens bewys word. Dit is derhalwe die gemeente se verantwoordelikheid om deur God se oë na die slagoffers van sekshandel te kyk en hulle die waardigheid te gee wat hulle toekom, omdat hulle kinders van God is. Die slagoffers moet sodoende met empatie behandel word tydens hulle herstelproses.

In hoofstuk 5 is die volgende doelstelling aangespreek:

- Om te fokus op die verband tussen menseregte en menswaardigheid en te bepaal watter impak die wetgewing op die beskerming van potensiële slagoffers van sekshandel het.

Gevolgtrekkings

Die volgende gevolgtrekkings kan gemaak word uit die literatuurstudie wat in hoofstuk 5 aangebied word:

- Deur sekshandel word menseregte geskend. Dit sluit in die reg op menswaardigheid, gelykheid en vryheid, om deel te wees van die kulturele en sosiale lewe, om nie op ʼn onmenslike of vernederende wyse behandel te word nie en om nie onderwerp te word aan slawerny nie.

- Die Handves van Regte pas die begrip van menswaardigheid spesifiek op die dialektiek van vryheid en gelykheid toe. Die verbintenis tot menswaardigheid word opgelê as ʼn verantwoordelikheid van die staat, van wie verwag word om die regte in die Handves van Regte te respekteer, te beskerm en te bevorder.

- Die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Mensehandel, Wet 7 van 2013 (Republiek van Suid-Afrika, 2013) bepaal in terme van internasionale ooreenkomste, dat voorsiening gemaak moet word vir die oortreding van mensehandel en ander oortredings wat verband hou met mensehandel.

- As gevolg van sekshandel wat teen ʼn vinnige tempo in Suid-Afrika toeneem, het president Zuma die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Mense-handel, Wet 7 van 2013 (Republiek van Suid-Afrika, 2013) bekragtig om sekshandel in Suid-Afrika te bestry. Dit is ʼn belangrike stap wat die regering vir Suid-Afrika geneem het om hierdie bedryf te probeer hokslaan. Die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Mensehandel, Wet 7 van 2013 (Republiek van Suid-Afrika, 2013) verklaar mensehandel en ander misdrywe wat verband hou daarmee as strafbare oortredings.

Aanbevelings

- Aangesien kennis en onkunde oor sekshandel by mense ontbreek, moet die noodsaaklikheid daarvan om mense bewus te maak van sekshandel en alles wat daarmee gepaard gaan, beklemtoon word.

Daarom moet Suid-Afrikaners bewus gemaak word van die nuwe Wet op die Voorkoming en Bestryding van Mensehandel, Wet 7 van 2013 (Republiek van Suid-Afrika, 2013) en wat dit behels. Hierdie bewusmaking kan byvoorbeeld geskied deur veral aan vroue en kinders pamflette uit te deel waarop hulle regte aangedui word en deur werkswinkels oor menseregte by klinieke aan te bied wat vir almal toeganklik is. Kinderregte kan onder andere tydens werksessies aangespreek word. Dit is belangrik dat kinders bewus gemaak word van hulle regte en dat hulle daarop aanspraak moet maak. Terselfdertyd moet ouers ook bewus gemaak word van die regte wat hulle kinders toekom.

- Die vestiging van meer jeugkafees soos reeds in Rocklands, Mitchells Plain en Athlone bestaan, is van groot belang. Hierdie jeugkafees is besig met opleidingsprogramme wat verseker dat die adolessent en ander jongmense bemagtig word met vaardighede om vir hulleself te kan sorg.

- Mense moet meer bewus wees van wat in hulle omgewing aangaan, sodat hulle die gevaartekens van sekshandel kan raaksien en dit onmiddellik kan rapporteer en/of aanspreek.

- Maatskaplike werkers moet op ’n gereelde basis by polisiestasies beskikbaar wees om hulp aan slagoffers van sekshandel te kan verskaf.

- Omdat daar bevind is dat baie polisielede betrokke is by sekshandel en in die geheim deur sekshandelaars betaal word, moet die regering korrupsie in die polisie uitroei.

- Bowenal moet die migrasie van buitelanders na Suid-Afrika strenger beheer word, aangesien baie immigrante betrokke is by sekshandel.

In hoofstuk 6 word die volgende doelstelling aangespreek:

- Om voorstelle te maak oor hoe veral ouers, gemeentes en gemeenskappe voorkomend kan optree om sekshandel hok te slaan en, veral, hoe om slagoffers van sekshandel te kan begelei op pad na herstel.

Bevindinge:

- Voorstelle is gemaak oor hoe veral ouers, gemeentes en gemeenskappe, enersyds, voorkomend kan optree om sekshandel hok te slaan en, andersyds, hoe om slagoffers van sekshandel te begelei op die pad na herstel.

Vervolgens gaan ŉ opsomming van die vernaamste bevindinge en aanbevelings van die studie gebied word.

Bevindinge:

- Daar is bevind dat gemeenskappe selde ondersteuning bied aan die meisies wat uit die sekshandelbedryf ontsnap het. Hulle word ook dikwels nie toegelaat om te trou nie as gevolg van die gesondheidsrisiko van seksueel oordraagbare siektes of die blote feit dat hulle gestigmatiseer word deur die gemeenskap.

- Daar is ook bevind dat die slagoffers van sekshandel ŉ verlange het na hoop, herstel, versoening, vrede, regverdigheid en die herstel van hulle waardigheid. Aangesien verhoudings van kardinale belang is in die herstel-proses van hierdie slagoffers, moet verhoudings met die polisie, maatskaplike werker, berader, familie en gemeente opgebou word om die slagoffers in ŉ verhouding met Jesus te bring. Mense wat die slagoffers uit liefde eerbiedig, erken God se handewerk en sal dus alles in hulle vermoë doen om hulle in staat te stel om hulle bestemming, wat God vir hulle beplan het, te bereik. Die plek waar God Homself dikwels openbaar, is juis die plek van lyding. Die *theologia crucis* vereis dat Jesus Christus ons verteenwoordiger en ons "place sharer" is en die een is wat ten volle in die plek van die ander staan, en om daar te wees vir hom/haar. So ŉ "place sharer" deel die ander persoon se realiteit van sy/haar lyding. Tydens die hersteltydperk herskep God ook die mens wanneer hy/sy sy/haar lewe aan Hom wy.

Aanbevelings

- Aangesien menseregte en menswaardigheid tot ʼn groot mate verwant is aan sekere norme en waardes, moet daar tydens gemeenskapsontwikkeling sekere waardes in ʼn gemeenskap vasgelê word sodat die gemeenskap na mense sal omsien en sal kan toesien dat mense, insluitend kinders, nie misbruik word nie. Die mikpunt is om die slagoffers van sekshandel te help om die mens te wees wat God vir hulle bestem het om te wees sodat hulle die rol kan vervul waarvoor hulle geskape is.

- Die onuithoudbare situasie waarin die regte van sommige geskend word en mense as gevolg daarvan honger, huisloos en sonder warm klere is, is ʼn oproep vir ingryping deur die gemeenskap. Kerke en hulle lidmate het ʼn verantwoordelikheid om vir die armes en swakkelinge te sorg. Sodanige sorg sal medemenslike hulp in die vorm van die voorsiening van kos, mediese sorg, opvoeding en behuising behels.

- Daarby stel liefde sy medemens eerste in al sy vorme en gestaltes. Liefde bewerkstellig heil en genesing. Die persoon wat in liefde handel en liefhet, is ʼn heling vir almal met wie hy/sy in aanraking kom.

- Die belangrikheid van vroue en meisies se rol in die toekoms moet beklemtoon word. Die kosbare gawe van lewe moet van vroeg af reeds vasgelê word. Dit het ʼn geweldige impak op ʼn kind se volwasse lewe wanneer hy/sy reeds op ʼn vroeë stadium bewus gemaak word daarvan dat hy/sy ʼn unieke, kosbare individu is met baie moontlikhede en potensiaal.

- Pornografiese materiaal kan soms aanleiding daartoe gee dat ʼn verkragter op sy/haar drange reageer en sodoende daartoe bydra dat ʼn verkragtingskultuur gekweek word. ʼn Poging moet derhalwe aangewend word om pornografiese materiaal te verban en selfs alledaagse advertensies wat ʼn subtiele vorm van pornografie gebruik en/of die beeld van vroue skaad te verbied. Dus moet besighede en die media ook meer sensitief wees met hulle advertensie-veldtogte.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Die huidige samelewing het ŉ behoefte aan sterk mans en vroue wat sal opstaan vir hulle regte en sal help om die boosaardige kultuur van misbruik te verbreek wat in die samelewing heers. Slegs dan sal daar genesing in die gemeenskappe kan plaasvind om die toekoms ŉ beter plek te maak.

6.4 Samevatting

In die sekshandelbedryf word die slagoffers van hulle menswaardigheid ontneem. Alhoewel ons vandag in ŉ wêreld leef waar iets soos sekshandel baie lewens verwoes, is daar hoop dat mense wat deur die voorbeeld van Jesus leef, "place-sharers" sal wees vir dié wat lyding ervaar en in die proses van herstel is. Dit is as ouers, vriende, familie, gemeentes en gemeenskappe die verantwoordelikheid aanvaar om deur liefde genesing te bring. Daar moet besef word dat adolessente nie gebruiksartikels is nie en nie misbruik mag word tot ander se voordeel nie. Hulle is mense met regte en besit dus die reg om as kinders van God ten volle mens te mag wees. Waardigheid wat deur God aan alle mense geskenk word, mag nooit geminag word nie. Daar moet altyd gesoek word na geregtigheid, regverdigheid en respek vir die medemens ten einde die hoop wat daar in Christus is te vergestalt te midde van die gebrokenheid in gemeenskappe. Gemeenskappe, en veral geloofs-gemeenskappe, behoort hierin ŉ sentrale rol te speel.

> Christ has no body now on earth but yours. No hands, no feet but yours. Yours are the eyes through which is to look out Christ's compassion to the world. Yours are the feet with which He is to go about doing good. Yours are the hands with which He is to bless us now (Sint Theresia van Avila, aangehaal in Judd, 2011:89).

Bronnelys

Adepoju, A. 2005. Review of research and data on human trafficking in Sub Saharan Africa. *International migration,* 43(1/2):76-80.

Ahn, J. 2011. Review of children's identity construction via narratives. *Creative education,* 2(5):415-417.

Aitken, J. 2007. The force behind Wilberforce. *The American spectator,* March:60-61.

Bales, K. 1999. **Disposable people:new slavery in the global economy.** Berkeley, CA: University of California Press.

Barth, K. 1961. **Church dogmatics:the doctrine of creation.** Vol.3, part 4. Trans. by A.T. Mackay *et al.* Edinburgh: T&T Clark.

Batstone, D.B. 2007. **Not for sale:the return of the global slave trade – and how we can fight it.** New York, NY: Harper Collins.

Bedford-Strohm, H. 2010. Human dignity: global ethical perspective. *Scriptura,* 104:211-220.

Beitchman, J.H., Zucker, K.J., Hood, J.E., DaCosta, G.A. & Akman, D. 1991. A review of the short-term effects of child sexual abuse. *American journal of child abuse & neglect,* 15:537-556.

Berk, L.E. 2009. **Child development.** Upper Saddle River, NJ: Pearson Higher Education.

Bermudez, L.G. 2008. **"No experience necessary":the internal trafficking of persons in South Africa.** Pretoria:IOM.

Bingham, A.D. 2008. *First things,* February:49.

Boesak, A. 2005. **The tenderness of conscience: African renaissance and the spirituality of politics.** Stellenbosch: Sun Press.

Bonhoeffer, D. 2005. **Ethics.** Dietrich Bonhoeffer Works, vol. 6. Minneapolis, MN: Fortress.

Bosman, H. 2010. Humankind as being created in the "image of God" in the Old Testament: possible implications for the theological debate on human dignity. *Scriptura,* 105:561-571.

Botman, H.R. 2004. Human dignity and economic globalisation. *NGTT Supplementum,* 45(2):317-327.

Buchwald, E., Fletcher, P.R. & Roth, M. 2005. **Transforming a rape culture.** Revised edition. Minneapolis, MN: Milkweed editions.

Chung, R.C.Y. 2009. Cultural perspectives on child trafficking, human rights and social justice: a model for psychologists. *Counselling psychology quarterly,* 22(1):85-96.

Claassens, L.J.M. 2011. Human dignity in the prophetic traditions: upholding human worth in a context of dehumanisation. *NGTT,* 52(1), March & June:34:44.

Cohen, J.A. & Mannarino, A.P. 2008. Trauma-focused cognitive behavioural therapy for children and parents. *Child and adolescent mental health,* 13(4) November:158-162.

Collins, G.R. 2007. **Christian counseling: a comprehensive guide.** 3rd edition. Nashville, T.N: Thomas Nelson.

Cox, C. & Marks, J. 2006. **This immoral trade: slavery in the 21st century.** Oxford: Monarch Books.

Curtis, P. & McCarthy, T. 2012. *Kony 2012: what's the real story? Invisible children.* [Intyds]. Beskikbaar: http://visiblechildren.com/kony-2012/ [2014, Mei 26].

Cutajar, M.C., Mullen, P.E., Ogloff, J.R.P., Thomas,S.D., Wells, D.L. & Spataro, J. 2010. Schizophrenia and other psychotic disorders in a cohort of sexually abused children. *Archives of general psychiatry,* 67(11):1114-1119.

Danziger R., Martens, J. & Guajardo, M. 2009. **Human trafficking and migration management in the security sector and counter-trafficking.** *In* Friesendorf, C. *ed.* Strategies against human trafficking: the role of the security sector. Vienna: National Defence Academy and Austrian ministry of defence and Sport. pp. 261-289.

Davidson, J.O. 2010. New slavery, old binaries: human trafficking and the borders of "freedom". *Global networks* 10(2):244-261.

Dear Boko Haram Bring: back our girls. 2014. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.news24.com/MyNews24/ Dear-Boko-Haram-Bring-back-our-girls-20140520 [2014 Mei 26].

De Lange, F. 2007. "Having faith in yourself": self-respect and human dignity. *Scriptura,* 95:202-212.

De Villiers, D.E. 1984. **Die geskiedenis van menseregte.** *In* Du Toit, D.A. *red.*, Menseregte. Kaapstad: Tafelberg. p. 9-38).

De Villiers, D.E. 2010. The recognition of human dignity in Africa: a Christian ethics of responsibility perspective. *Scriptura,* 104:263-278.

De Villiers, J.E. 2003. **Human dignity: a right or a responsibility?** Unpublished MTh dissertation. Stellenbosch: Stellenbosch University.

De Waal, J., Currie, I. & Erasmus, G. *red*. 2001.**The bill of rights handbook.** Western Cape: Juta.

Diaz, M., Engstorm, D.W., Hilliard, T. & Jones, L. 2007. Globalization and human trafficking. *Journal of sociology & social welfare,* XXXIV(2):107-122.

Docter, C. 2012. What is "Kony 2012"and is it legitimate?. . [Intyds]. Beskikbaar: http://fox6now.com/2012/03/09/what-is-kony-2012-and-is-it-legitimate/ [2014, Mei 26].

Du Plessis, J. 2010. Human dignity according to the Gospel of Luke. *Scriptura*, 105:581-593.

Du Toit, D. A*. red.* 1984. **Menseregte.** Kaapstad: Tafelberg.

Du Toit, D. A. 1988. **Die mens en sy regte: geloof en praktyk in Suid-Afrika.** Kaapstad: Zebra.

Erikson, E. H. 1959. **Identity and life cycle: Psychological issue.** Vol. I, No.1. New York: International University Press.

Erikson, E. H. 1963. **Youth: change and challenge.** New York, NY: Basic.

Erikson, E. H. 1968. **Identity: youth and crisis.** New York, NY: W.W. Norton.

Erikson, E. H. 1974. **Identity: youth and crisis.** London: Faber & Faber.

Ferreira v. Levin 1996 (1) SA 984 (CC), 1996 (4) BCLR 1 (CC).

Finkelhor, D. & Browne, A. 1985. The traumatic impact of child sexual abuse: a conceptualization. *American journal of orthopsychiatry,* 66(4):530-541.

Fourie, W. 2010. To be human is to be free: a protestant contribution to the discourse on human dignity. *Scrpitura*, 104:250-262.

Fremont, W.P. 2004. Childhood reactions to terrorism-induced trauma: a review of the past 10 years. *Journal of the American Academy of Child and Adolescent Psychiatry*, 43(4):381-392.

Gay, P. L. 1999. Slavery as a sexual atrocity. *Sexual addiction & compulsivity,* 6(1):5-10.

Gie singer, J. 2012. Kant on dignity and education. *Educational theory,* 62(6):609-620.

Goodman, J.L. & Leidholdt, D.A. 2011. **Lawyer's manual on human trafficking: pursuing justice for victims.** New York, NY: Appellate Division.

Gould, C. 2008. **Selling sex in Cape Town: sex work and human trafficking in a South African city.** Pretoria: Institute for Security Studies.

Groß, W. 2001. Statue oder Ebenbild Gottes? Aufgabe und Würde des Menschen nach dem hebräischen und griechischen Wortlaut. *Menschenwürde. Jahrbuch für Biblische Theologie,* 15:11-38.

Guttal, S. 2007. Globalization. *Development in practice,* 17(4-5):523-538.

Gwandure, C. & Mayekiso, T. 2011. Fear and guilt in HIV and AIDS prevention. *Africa insight,* 41(1):243.

Hanna, C. 2002. Somebody's daughter: the domestic trafficking of girls for the commercial sex industry and the power of love. *William and Mary journal of women and the law,* 9(1):1-29.

Hendriks, H.J. 2004. **Studying congregations in Africa.** Welllington: Lux Verbi.BM.

Heyns, J.A. 1982. **Teologiese etiek.** Deel 1. Pretoria: NGKB.

Huber, W 2008. ***Der christliche Glaube. Eine evangelische Orientierung***. Gütersloh:Gütersloher Verlagshaus.

Hughes, D.M. 2000. The "Natasha" trade: the transnational shadow market of trafficking in women. *Journal of international affairs,* 53(2):625-651.

Hughes, G. 2011. The concept of dignity in the universal declaration of human rights. *Journal of religious ethics*, 39(1):1-24.

IOM: Breaking the cycle of vulnerability: responding to the health needs of trafficked women in East and Southern Africa. 2006. Pretoria: Sida/IOM.

IOM: Trafficking in persons report. 2002. Office to Monitor and Combat Trafficking in Persons, 6(2):32-43. Washington, DC: US Department of State.

IOM: Wolves in sheep's skin. 2010. Oslo: Norwegian International Organization for Migration (IOM).

Jones, L., Engstrom, D.W., Hilliard, T. & Diaz, M. 2007. Globalization and human trafficking. *Journal of sociology & social welfare,* XXXIV(2):107-122.

Jonker, W.D. 1977. **Christus, die Middelaar: Wegwysers in die dogmatiek 2.** Pretoria: NGKG.

Jönsson, G.A. 1988. **The image of God: Gn 1:26-28 in a century of Old Testament research.** Lund: Almqvist & Wiksell International.

Judd, A. 2011. **All that is bitter and sweet.** New York, NY: Ballantine books.

Kaethler, A.B. 2008. Becoming adult, being sexual: sexuality on the long road to adulthood. *A journal for church and theology,* 9(2):41-50.

Kant, I. 1785. *Grundlegung zur Metaphysik der Sitten*, 1785, Akad.-Ausgabe IV, 434.

Kempadoo ,K., Sanghera,J. &Pattanaik, B. 2005. **Trafficking and prostitution reconsidered: new perspectives on migration, sex work and human rights.** London: Paradigm.

Koopman, N.N. & Smit, D.J. 2007. **Public witness in the economic sphere? on human dignity as a theological perspective.** *In* Hansen, L. *ed.*, Christian in public: Aims, methodologies and issues in public theology. Stellenbosch: African Sun Media. pp. 269-280.

Koopman, N.N. 2014. Net gelykheid waarborg 'n mooi toekoms. *Die Burger,* 6 Augustus:13.

Lebech, M. 2004. **What is human dignity?** Dissertation, Faculty of Philosophy, National University of Ireland, Maynooth.

Leith, J.H. 1989. **John Calvin's doctrine of the Christian life.** Louisville, KY: Westminster.

Louw, A. 1997. **Developmental psychology.** *In* Louw, D.A. & Edwards, D.J.A *eds.* Psychology: an introduction for students in South Africa. Sandton:Heinemann.

Louw, D.A., Louw, A. & Ferns, I. 2007. **Adolessensie.** *In* Louw, D.A. & Louw, A. *reds.* Die ontwikkeling van die kind en die adolessent. Bloemfontein: Psychology Publications. pp. 278-347.

Louw, D.A. & Louw, A. 2007. **Die ontwikkeling van die kind en die adolessent.** Bloemfontein: Psychology Publications.

Louw, D.J. 2008. **Cura vitae: illness and the healing of life.** Wellington: Lux Verbi.BM.

Louw, D.J. 2012. **Network of the soul: on identity, dignity, maturity and life skills.** Stellenbosch: Sun Press.

Lutya, T.M. 2009. Epi-criminological responses to human trafficking of young women and girls for involuntary prostitution in South Africa. *Journal of Scandinavian studies in criminology and crime prevention,* 10:59-78.

Martens, J., Pieczkowski, M.M. & Van Vuuren-Smyth, B. 2003. **Seduction, sale & slavery: trafficking in women & children for sexual exploitation in Southern Africa.** Pretoria: IOM.

Martinez, M. & Abubakar, A. 2014. Nigerian police: 223 kidnapped girls still missing. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.cnn.com/2014/05/02/world/africa/nigeria-abducted-girls/index.html?iref=allsearch [2014, Mei 26].

McNeal, C. & Amato, P.R. 1998. "Parents' Marital Violence: Long-Term Consequences for Children." *Journal of Family*, 19:123-139.

Moltmann, J. 1978. **The passion for life: a Messianic lifestyle.** Minneapolis, MN: Fortress.

Moltmann, J. 1984. **On human dignity: political theology and ethics.** Trans. by M.D. Meeks. London: SCM.

Moltmann, J. 1993. **God in creation: a new theology of creation and the spirit of God.** Minneapolis, MN: Fortress.

Murray, L.K., Nguyen, A. & Cohen, J.A. 2014. Child sexual abuse. *Child Adolescent Pcychiatric Clinic of North America,* 23(2):321-337.

O'Conner, M. 2013. **The church and human trafficking.** Signs of the times series 6. Pietermaritzburg: Cluster.

Osmer, R.R. 2008. **Practical Theology: An Introduction.** United Kingdom: William B. Eerdmans Publishing Company.

O'Toole, L.L., Schiffman, J.R. & Kiter Edwards, M.L. 2007. **Gender violence: interdisciplinary perspectives.** New York, NY: NYU Press.

Olen, J. & Barry, V. 1999. **Applying ethics: a text with readings.** Belmont, CA: Wadsworth.

Onuzo, C. 2014. BringBackOurGirls. and bring back our country, President Jonathan. *The Guardian,*7 May. Beskikbaar: http://www.theguardian.com/commentisfree/2014/may/07/bring-back-our-girls-nigeria-president-jonathan-boko-haram [2014, Mei 26].

Parliament of the Republic of South Africa. 2014. [Intyds] Beskikbaar: http://www.parliament.gov.za/live/content.php?Category_ID=11 [2014, Mei 26].

Punt, J. 2009. Cross-purposes violence of the cross, Galatians, and human dignity. *Scriptura,* 102:446-462.

Punt, J. 2010. Mapping human dignity in the New Testament: concerns, considerations and concepts. *Scriptura,*105:621-635.

Quirk, J. 2007. Trafficked into slavery. *Journal of human rights,* 6:181-207.

Ratele, K. & Duncan, N. 2003. **Social psychology: identities and relationships.** Cape Town: UCT Press.

Republiek van Suid-Afrika. 1996. **Wysigingswet 28 van 1996.** Pretoria: Staatsdrukkery.

Republiek van Suid-Afrika. 1996. **Wysigingswet 108 van 1996.** Pretoria: Staatsdrukkery.

Republiek van Suid-Afrika. 2005. **Kinderwet Wysigingswet 38 van 2005.** Pretoria: Staatsdrukkery.

Republiek van Suid-Afrika. 2013. **Bestryding van Mensehandel Wysigingswet 7 van 2013.** Pretoria: Staatsdrukkery.

Rohde, Z. 2012. Persoonlike onderhoud. 18 September, Kaapstad.

Root, A. 2007. **Revisiting relational youth ministry: from a strategy of influence to a theology of incarnation.** Downers Grove, IL: InterVarsity Press.

Root, A. & Dean, K.C. 2011. **The Theological turn in youth ministry.** Downers Grove, IL:InterVarsity Press.

SAPA. 2013. Zuma passes human trafficking bill. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.news24.com/SouthAfrica/Politics/Zuma-passes-human-trafficking-bill-20130729 [2014, Mei 26].

Scaer, P.J. 2005. **The Lukan passion narrative and the praiseworthy death.** New Testament Monographs, vol. 10. Sheffield: Sheffield Phoenix.

Shelley, L. 2010. Human trafficking: a global perspective. New York, NY: Cambridge University Press: on Wed Jan 23 10:32:23 WET 2013. http://dx.doi.org/10.1017/CBO9780511760433.003

Smith, K.G. 2008. **Academic writing and Theological research**. A guide for students. Johannesburg: South African Theological Seminary Press.

Smit, D.J. 2007. Unity in church and society? – theological reflection on an ongoing challenge in South Africa today. *In* Conradie, E.M. *ed. Essays in public theology*. c*ollected essays 1.* Stellenbosch: SUNPReSS. pp. 275-286.

Spronk, K. 2007. The human being as the image of God and human beings slaughtered in the Name of God: a Biblical subversion of ancient and modern concepts of human dignity. *Scriptura*, 95:195-201.

Stackhouse, M.L. 1984. Creeds, society and human rights: a study in three cultures. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Stanfield, T. 2009. Traffick proof. [Online]. Available: http://www.justiceacts.org/uploads/files/file/downloads-traffickproof-manual.pdf [2012, November 15].

Steel, K. 2012. A21 Campaign, 11 September. Beskikbaar e-pos: info@thea21campaign.org.

Tenkorang, E.Y. & Gyimah, S.O. 2012. Physical abuse in early childhood and transition to first sexual intercourse among youth in Cape Town, South Africa. *Journal of sex research,* 49(5):508-517.

Trafficking in persons report. 2005. http://www.state.gov/j/tip/rls/tiprpt/index.htm Washington, DC:US Department of State.

Trafficking of women and children. 2003. London: Commonwealth Secretariat.

UN.GIFT Human Trafficking: an overview, UNITED NATIONS OFFICE ON DRUGS AND CRIME Vienna. 2008. Austria: United Nations.

UNICEF. 2012. **Child maltreatment: prevalence, incidence and consequences in East Asia and the Pacific East Asia**: UNICEF.

Van de Glind, H. & Kooijmans, J. 2008. Modern-day child slavery. *Children & Society. International Labour Organization,* 22(3):150-166.

Van Heyningen, E.B. 1984. The social evil in the Cape Colony 1868-1902: prostitution and contagious diseases acts. *Journal of Southern African studies*, 10:171-186.

Verenigde Nasies. 1948. **The Universal declaration of Human Rights.** UN document A/RES/217A9III. 10 December 1948. Geneve; United Nations.

Vorster, N. 2007. **Restoring human dignity in South-Africa.** Potchefstroom: Potchefstroom Theological Publications.

Wheaton, E.M., Schauer, E.J. & Galli, T.V. 2010. Economics of human trafficking. *International migration,* 48(4):114-141.

White, J. 2008. Christian responsibility to reform society: the example of William Wilberforce and the Clapham Sect. *Evangelical review of theology,* 32(2):166-172.

Wolbert, W. 2007. Human dignity, human rights and torture. *Scriptura, 95:*166-176.

Woolman, S.C. & Bishop, M. 2006. State as pimp: sexual slavery in South Africa. *Development Southern Africa,* 23(3):385-400.

World Health Organization. 1999. Report of the consultation on child abuse prevention (WHO/HSC/PVI/99.1). Geneva: World Health Organization. Available at: http://www.who.int/mip2001/files/2017/childabuse.pdf

Zimmerman, C., Hossain, M., Yun, K., Roche, B., Morison, L. & Watts, C. 2006. **Stolen smiles: A summary report on the physical and psychological health consequences of women and adolescents trafficked in Europe.** London: Caphne.